# Noodsaaklike onreëlmatighede? Die 1964 Cillié-kommissie en wapenaankope vir Suid-Afrika

**EC Coetzee**

**orcid.org/0000-0001-8507-9384**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Artium in Geskiedenis* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof JWN Tempelhoff

Medestudieleier: Dr JA Stemmet

Medestudieleier: Dr C Gouws

Gradeplegtigheid: Oktober 2020

Studentenommer: 24117889

# VOORWOORD

Om ŉ verhandeling in geskiedenis te voltooi is ŉ interessante, aangename maar ook uitdagende taak. Ongetwyfeld was die navorsing en die skryf van hierdie verhandeling nie altyd maklik nie. Maar ek het verseker ontwikkel as mens, navorser en skrywer.

Dit kon nie gebeur het sonder die geduld, leiding en hulp van my studieleiers nie. Ek kon nie vir beter studieleiers as professor Johann Tempelhoff van die NWU Vanderbijlparkkampus, dr. Jan-Ad Stemmet van die Universiteit van die Vrystaat, en dr. Claudia Gouws van die NWU Vanderbijlparkkampus gevra het nie.

Ook moet ek my kollegas bedank wat my die nodige tyd en ruimte gegee het om my verhandeling te voltooi. Die dekaan van Geesteswetenskappe by die NWU, prof. Pamela Maseko, die senior direkteur van die Skool van Sosiale Wetenskappe, dr. André Goodrich, die hoof van Fokusarea: Sosiale Transformasie, prof. Lynette Fourie, die adjunk-direkteur van navorsing vir die Skool van Sosiale Wetenskappe, prof. Elize van Eeden, en die adjunk-direkteur van die Skool van Sosiale Wetenskappe by Mahikengkampus, dr. Mokgadi Molope, moet ek bedank vir hul ondersteuning en gewilligheid om na my te luister wanneer ek raad nodig gehad het. Ook moet me. Simone Roos bedank word vir haar bystand met al my navorsinguitgawes. Net so moet me. M.P.E. Meintjies bedank word vir die befondsing om my verhandeling te laat taalversorg en te laat bind. Sonder die hulp van ŉ ervare taalversorger sal geen verhandeling op standaard wees nie. Ek het die geluk gehad om dr. Anna-Mart Bonthuys te hê as my taalversorger, wat my op kort kennisgewing gehelp het. Haar afronding van my teks was uitstekend.

My kollegas in die vakgroep Geskiedenis het my net so mooi bygestaan en verdien ook my dank veral dr. Chris Holdridge, mnr. Charl Blignaut, mej. Anna La Grange en prof. Bernard Mbenga. Ook wil ek prof. Jan Buscop, mnr. Diederik van 't Hof, mnr. George Visser en mnr. Johan Wolfaardt graag uitsonder en bedank vir hul ondersteuning en die raad wat hulle onvoorwaardelik met my gedeel het. Riette Zaaiman van die Universiteit van Johannesburg se Spesiale Boekversameling en die personeel van die Argief vir Eietydse Aangeleenthede by die Universiteit van die Vrystaat se hulp het my werk grootliks makliker gemaak. Net so verdien die personeel by Trinity Kollege, Cambridge Universiteit om vir hul bystand, gedurende my besoek aan hul argief in Februarie 2016, bedank te word.

Ek sal my plig versuim as ek nie ook my ouers, Gert en Estelle Coetzee, sou bedank vir hul liefdevolle ondersteuning nie. Net so moet ek my Hemelse Vader die eer gee vir die geleenthede wat ek gekry het om myself te verbeter. Ek dra hierdie verhandeling op aan my oorlede ouma, Ella Moss (1926-2016), wat my die geleentheid gegee het om geleerdheid te kry en nooit in my potensiaal getwyfel het nie.

**Emile Coetzee**

**April 2020**

# OPSOMMING

Van April tot Oktober 1964 was regter Pieter Malan (P.M.) Cillié die voorsitter van die kommissie van ondersoek oor beweerde onreëlmatighede met die aankoop van wapens en krygstuig deur die Departement van Verdediging en die Suid-Afrikaanse Weermag. Persberigte en politieke gesprekke van die dag het gerugte van oneerlikheid met wapenaankope deur Suid-Afrika die ronde gedoen. Ten einde gerugte te stuit wat vertroue in die staat kon ondermyn, het die Verwoerd-regering die 1964 Cillié kommissie aangestel om die kwessie te besweer.

Met die verloop van die kommissie se verrigtinge was spesifieke individue uitgesonder as die hoofbeskuldigdes in sake waar omkopery en bedrog gebruik was om staatstenders vir militêre aankope te ontvang. Kommandant Barnie van der Merwe en die wapenagente Hans Sieger en Lionel Schwartz was deur regter Cillié uitgesonder as die vermelde beskuldigdes.

As gevolg van die beweerde onreëlmatighede moes Cillié ook die staat se aankoopproses bestudeer om te bepaal of daar enige moontlike skuiwergate in die aankoopproses was wat aanleiding kon gee tot onreëlmatighede by aankope. Sodoende het Cillié 13 spesifieke kontrakte as bewys gehad om die beweerde onreëlmatighede op hoofsaaklik wapenagente, en nie op die Suid-Afrikaanse staat nie, te plaas. Met die inhandiging van sy kommissie se verslag, kon die Verwoerd-regering veranderinge bewerkstellig om seker te maak dat soortgelyke onreëlmatighede nie weer sou plaasvind nie.

Met die 1963 Verenigde Nasies se wapenverbod teen Suid-Afrika en die konflikte uit die Koue Oorlog-tydperk was dit van kardinale belang dat die Suid-Afrikaanse Weermag ten alle tye behoorlik bewapen moes wees. Die 1964 Cillié-kommissie het ʼn bydrae gelewer

om die Verwoerd-regering te oortuig dat selfvervaardiging van wapens en krygstuig ’n saak van dringendheid was.

**Sleutelwoorde:** 1964 Cillié-kommissie, wapenaankope, beweerde onreëlmatighede, 1963-wapenverbod, kommandant Barnie van der Merwe, Hans Sieger, Lionel Schwartz, aankoopproses, Jim Fouché, P.W. Botha

# ABSTRACT

From April to October 1964, Justice Pieter Malan (P.M.) Cillié was the chairman of the Commission of Inquiry into alleged irregularities with arms procurements by the Department of Defence and the South African Defence Force. News reports and public political discussions hinted at dishonesty in South Africa's arms procurement process. In an effort to quell rumours that could undermine confidence in the state, the Verwoerd government appointed the 1964 Cillié commission of enquiry.

At the time of the commission's proceedings, several individuals were identified as the culprits in tender fraud for military purchases as a result of bribery and corruption. Commandant Barnie van der Merwe as well as the arms agents Hans Sieger and Lionel Schwartz were, according to Cillié, the prime culprits.

In addition, Cillié had the task to analyse the South African state's procurement process. Cillié also obtained relevant evidence from 13 dedicated contracts that specifically pointed to arms agents at the centre of any alleged irregularities. When he submitted his commission's report, the onus was on the Verwoerd-government to implement necessary changes to its arms procurement process. Similar irregularities had to be prevented from happening again.

Due to the 1963 United Nations arms embargo against South Africa and the Cold War conflicts, the Verwoerd-government had to ensure that the South African Defence Force was properly equipped at all times. The 1964 Cillié Commission contributed to this ideal by alerting the Verwoerd-government to the need for South Africa to develop and manufacture weaponry and military craft as a matter of urgency.

**Key words:** 1964 Cillié Commission, arms procurement, alleged irregularities, 1963 Arms Embargo, Commandant Barnie van der Merwe, Hans Sieger, Lionel Schwartz, procurement process, Jim Fouché, P.W. Botha

# INHOUDSOPGAWE

**VOORWOORD** ........ **I**

**OPSOMMING** ........ **III**

**ABSTRACT** ........ **V**

**LYS VAN ILLUSTRASIES EN FIGURE** ........ **X**

**LYS VAN AFKORTINGS** ........ **XI**

**HOOFSTUK 1: Historiese agtergrond en studie oorsig** ........ **1**

**1.1 Inleiding** ........ **1**

**1.2 Beknopte oorsig van Suid-Afrika se pogings tot wapenaankope en vervaardiging (1912-1963)** ........ **4**

**1.3 Die omstredenheid wat gelei het tot die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek** ........ **11**

**1.4 Die basiese struktuur van die studie en oorsig van beskikbare bronne** ........ **15**

1.4.1 Primêre bronne ........ 16

1.4.2 Etiek ........ 20

1.4.3 Sekondêre bronne ........ 20

**1.5 Doelwitstellings en navorsingsvrae** ........ **26**

**1.6 Sentrale teoretiese stelling** ........ **27**

**1.7 Hoofstukindeling** ........ **28**

**1.8 Ten slotte** ........ **28**

**HOOFSTUK 2: ’n Historiese relaas van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek oor beweerde onreëlmatighede ........ 30**

**2.1 Inleiding... ........ 30**

**2.2 Beriggewing ........ 35**

**2.3 Die reaksie uit parlementêre geledere ........ 38**

**2.4 Staatspresident Swart help minister Fouché ........ 43**

**2.5 Beknopte biografie van regter P.M. Cillié (1915-1996) ........ 44**

**2.6 Die verloop van die 1964 Cillié-kommissie van Ondersoek (April-Oktober 1964)...... 48**

**2.7 Ten slotte ........ 53**

**HOOFSTUK 3: Die 1964 Cillié-kommissieverslag: omkopery en bedrog deur individue.... 55**

**3.1 Inleiding ........ 55**

**3.2 Kommandant Barnie van der Merwe se beweerde onreëlmatighede ........ 57**

3.2.1 Intimidasie en omkopery van mnr. Louis Ossip ........ 58

3.2.2 Omkopery van menere Henry Victor Jaboulay en Nicholas Yale ........ 59

3.2.3 Omkopery van mnr. Johann Bernard Litscher ........ 60

3.2.4 Pogings tot omkopery van mnr. Rudolph Kubler ........ 61

3.2.5 Van der Merwe se ondergang deur middel van Nikolaas van Nieuwenhuizen ........ 62

**3.3 Die saak teen Hans Sieger en Oerlikon ........ 70**

3.3.1 Onreëlmatighede tussen Oerlikon/ Amplifor, die SAW en die DV ........ 72

**3.4 Ten slotte. ........ 81**

**HOOFSTUK 4: DIe 1964 Cillié-kommissieverslag – onreëlmatighede met aankope ........... 85**

**4.1 Inleiding ........................................................................................................ 85**

**4.2 Die aankoopproses gedurende die Erasmus- en Fouché-administrasies (1948 tot 1964) ................................................................................................................ 88**

4.2.1 Die aankoopproses vir wapens teen 1964 ..................................................... 92

4.2.2 Aankope en vervaardiging gedurende die Fouché-administrasie (1959-1964)................ 96

**4.3 Onreëlmatige kontrak vir militêre aankope deur DV- en SAW-geledere ...................... 99**

**4.4 Onreëlmatige kontrak deur wapenagente namens hul prinsipale............................. 100**

**4.5 Onreëlmatige gedrag deur wapenagente.................................................................. 103**

**4.6 Ten slotte ........................................................................................................ 106**

**HOOFSTUK 5: Gevolgtrekking..................................................................................... 109**

**5.1 Inleiding ........................................................................................................ 109**

**5.2 Die 1964 Cillié-kommissie: sinopsis en sintese ........................................................ 112**

5.2.1 Die verloop van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek se werksaamhede: ʼn sinopsis ........................................................................................................ 112

5.2.2 Bewyse van onreëlmatighede deur wapenagente en verskaffers ................................ 113

5.2.3 Bewyse van onreëlmatighede teen SAW-offisiere en DV-beamptes............................ 117

**5.3 Aankope en vervaardiging ná die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek ................. 120**

**5.4 ʼn Nuwe dinamika tot bewapening: Veranderinge deur P.W. Botha 1966-1969 ......... 124**

**5.5 Ten slotte..........................................................................................................130**

**BIBLIOGRAFIE........................................................................................................ 134**

## LYS VAN ILLUSTRASIES EN FIGURE

Illustrasie 1: Petrus Malan Cillié ........................................................................................ 45

Illustrasie 2: Die oud-Sinagoge in Pretoria (circa 2019)................................................... .50

Illustrasie 3: Die binnekant van die oud-Sinagoge in Pretoria (circa2019)...............50

Illustrasie 4: Kommandant Barnie van der Merwe....................................................58

Figuur 1: Rolspelers in die aankoopproses........................................................92

Figuur 2: Die verloop van die aankoopproses gebaseer op die Cillié-kommissieverslag.......................................................................93

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| ANC | African National Congress |
| DC | Sekretaris van Verdediging argiefversameling |
| DV | Departement van Verdediging |
| HGS | Hoof van die Generale staf |
| KMA | Komitee vir Militêre Aankope |
| MVEF | Minister van Verdediging (Erasmus/Fouché) argiefversameling |
| NALM | Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum |
| NP | Nasionale Party |
| PAC | Pan-Africanist Congress |
| RSA | Republiek van Suid-Afrika |
| SAW | Suid-Afrikaanse Weermag |
| SANW | Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag argiefbewaarplek |
| SIPRI | Stockholm International Peace Research Institute |
| STR | Staatstenderraad |
| UR | Uitvoerende raad |
| UVM | Unie Verdedigingsmag |
| VN | Verenigde Nasies |
| VP | Verenigde Party |
| VSA | Verenigde State van Amerika |

**Nota oor teks**

Die voetnote is volgens die verwysingstyl van *Historia,* die joernaal van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika.

# HOOFSTUK 1

# Historiese agtergrond en studie oorsig

## 1.1 Inleiding

In Augustus 1963 is ŉ wapenverbod teen Suid-Afrika ingestel. Die verbod het bepaal dat geen lidland van die Verenigde Nasies (VN) enige wapens of krygstuig na Suid-Afrika moes uitvoer nie. Dit het Suid-Afrika in ŉ moeilike posisie geplaas ten opsigte van die modernisering van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW). Daardeur is die regering genoop om ander moontlikhede te ondersoek om die SAW se militêre slaankrag op internasionale standaarde te hou, juis omdat Suid-Afrika aan die kant van die kapitalistiese Weste was in die globale stryd teen kommunisme. Ondanks die wapenverbod was Suid-Afrika steeds ŉ kliënt vir Westerse wapenagente en hul fabrikante. Deur die aankoop van wapens en krygstuig deur middel van wapenagente het onreëlmatighede plaasgevind wat die regerende Nasionale Party (NP) in ŉ verleentheid gestel het. Ten einde die saak in die reine te bring het die regering ŉ kommissie van ondersoek oor die beweerde onreëlmatighede aangestel.

In 1964 het regter Pieter Malan (P.M.) Cillié die kommissie van ondersoek gelei. Sy taak was duidelik uiteengesit:

*Om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor beweerde onreëlmatighede en aantygings van korrupsie in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging met betrekking tot die aankoop van krygstuig.*[1]

Bedrog was die kern in elke beskuldiging. Amptenary, SAW-offisiere, wapenagente en private besigheidsmanne is daarvan beskuldig dat hulle korrup opgetree het voor en ná die sluiting van koopkontrakte. Volgens Venter kan bedrog kortliks gedefinieer word as:

*... die misleiding van iemand anders tot sy nadeel en dientengevolge tot die voordeel van die bedrieër. In die middelpunt staan die leuen of valse voorstelling wat die slagoffer daartoe bring om vrywilliglik van ŉ bepaalde voordeel afstand te doen omdat so ŉ stap vir hom voordelig voorkom maar in werklikheid skade of verlies meebring*. *Vir die bedrieër is die enigste motief wins.*[2]

Hierdie kriminologiese definisie van bedrog word in dié studie as kritiese riglyn gebruik om beweerde onreëlmatighede, wat van 1957 tot 1964 met krygstuig- en wapenaankope gepleeg is, te analiseer. Die aankope is deur die Departement van Verdediging (DV) gedoen vir die opgradering van die SAW se arsenaal. Die kontrakte is direk met fabrikante gesluit, of deur ŉ wapenagent wat ŉ prinsipaal (of ŉ fabrikant) in enige onderhandeling met die DV verteenwoordig het.

---

1 Universiteit van Johannesburg Biblioteek, Spesiale boekversameling (hierna UJSB), Anoniem, "Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die Departement van Verdediging (DV)", 1964, 1, p 1.

2 H. Venter, *Kriminologie: ŉ Handleiding vir studente in die Kriminologie* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1977), pp 93 - 94.

Bewerings van bedrog is gedurende die vermelde tydperk gemaak omdat sekere kontrakte en tenderaanbiedings nie deur korrekte prosedures aan agente en hul prinsipale toegeken is nie. Ook is ondersoeke geloods om korrupte offisiere en DV-beamptes vas te trek op aanklagte van beweerde tenderbedrog. Ten einde die waarheid agter elke bewering te ondersoek, het staatspresident C.R. Swart aan regter Cillié opdrag gegee om as voorsitter van ŉ een-man-kommissie van ondersoek te dien.[3]

Deur die loop van die kommissie, April – Oktober 1964, het Cillié elke bewering ondersoek en getuies ondervra. Hierdie studie fokus nie slegs op bepaalde sake wat voor daardie kommissie van ondersoek gelê is nie, maar ook individue wat van bedrog, ten opsigte van wapenaankope, beskuldig en selfs aangekla is. Die kern van die studie is die gevolgtrekkings waartoe regter Cillié gekom het oor die beweringe van bedrog en die Suid-Afrikaanse staat se aankoopproses. Sy standpunte is sorgvuldig in die kommissieverslag uiteengesit.

Hierdie studie is ŉ narratief oor ŉ oënskynlik onbenullige, maar vergete, gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse bewapeningsgeskiedenis. Dit is ook relevant as ŉ episode in die land se misdaadgeskiedenis. Soos uit die onderstaande sekondêre bronbespreking duidelik aangetoon word, vorm hierdie kommissie van ondersoek nie tans deel van die nasionale historiese diskoers oor bewapeningsgeskiedenis nie. Nog minder vorm die sake wat deel van die kommissieverslag uitgemaak het, tans deel van enige studie oor die Suid-Afrikaanse misdaadgeskiedenis. Om die erns van die 1964 Cillié-kommissie te begryp is ŉ historiese agtergrondstudie oor die SAW se modernisering, veral sedert 1945, van belang. Sodoende sal die besorgdheid wat die Verwoerd-regering (1959-1966) ervaar

---

3 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p. 1.

het, ten opsigte van wapen- en krygstuig-aankope, uitkristalliseer.

### 1.2 Beknopte oorsig van Suid-Afrika se pogings tot wapenaankope en vervaardiging (1912-1963)

Die Unie Verdedigingsmag (UVM), wat in 1912 in die lewe geroep is, was in werklikheid vanaf die mag se ontstaan reeds op Brittanje en ander Westerse lande aangewese vir die verkryging van wapens en krygstuig.[4] In die vooroorlogse tyd (1919-1939) het die Hertzog-regering gesukkel om die UVM behoorlik te bewapen. Voor die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) was Suid-Afrika se militêre slaankrag, as gevolg van ʼn gebrek aan moderne krygstuig en wapens, nie op internasionale standaarde nie.[5] Alhoewel kolonel George Brink in Februarie 1937 na Europa gereis het om toerusting vir die UVM te bekom, was Suid-Afrika glad nie gereed vir oorlog in September 1939 nie.[6] Teen September 1939 was Suid-Afrika daadwerklik in ’n baie moeilike situasie. Suid-Afrika was afhanklik van invoere, veral van Brittanje, vir beskikbare wapens en krygstuig.[7] Gelukkig het Suid-Afrika teen die 1940’s oor bepaalde, relevante industriële kapasiteit beskik om wapens en krygstuig te vervaardig.

Regerings onder premiers J.C. Smuts (1919-1924; 1939-1948) en J.B.M. Hertzog (1924-1939) het reeds vanaf die vroeë twintigerjare sekondêre industriële ontwikkeling aangemoedig.[8] Die nywerheidsektor het egter grootliks ter ondersteuning van die primêre

---

4 I. van der Waag, *A military history of modern South Africa* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2015), p. 74. Sien ook: C.M. Rogerson, “Defending Apartheid: Armscor and the Geography of Military Production in South Africa”, *GeoJournal, A New South Africa – A New South African Geography?* 22, 3, November 1990, p 242.

5 I. van der Waag, *A military history of modern South Africa*, p 157.

6 N. Orpen, “Vader van ons Veldmagte”, in L. Scholtz (red.), *Beroemde Suid-Afrikaanse Krygsmanne* (Rubicon-Pers, Kaapstad, 1984), p 143.

7 S.R. Mackenzie, “Recruiting, training and supplies”, in J. Keene, *South Africa in World War II: A pictorial history* (Human and Rousseau, Cape Town, 1995), p 17.

8 A.L. Müller, *Die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika* (Academica, Pretoria, 1977), p. 234. Sien ook G. Verhoef, “Suid-Afrika se ekonomie in die 20ste eeu”, in F.J. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* (Tafelberg, Kaapstad, 2012), pp 460 - 464.

mynbounywerheidsbedryf gefunksioneer.[9] Met die aanstelling van dr Hendrik van der Bijl, die voorsitter van YSKOR, as hoof van die Direktoraat van Oorlogsvoorraade in 1939, sou die nywerheidsektor met nuwe oë na wapenvervaardiging in Suid-Afrika kyk.[10]

Volgens McKenzie het die Smuts-regering op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog die waarde van wapenvervaardiging besef. Smuts, wat Hertzog in 1939 as premier opgevolg het, was ook aan die stuur van die ministeriële portefeulje van Verdediging.[11] Sy voorganger in die Verdedigingsportefeulje, advokaat Oswald Pirow, het die UVM, volgens Hartshorn, in ŉ "ellendige" toestand aan Smuts nagelaat.[12] Pirow is bekend vir sy flaters ten opsigte van die aankoop en binnelandse vervaardiging van die UVM se wapens en krygstuig (byvoorbeeld die sg. Pirow-bokwa).[13] Die parlementêre besluit in 1939 om saam met Brittanje tot die oorlog toe te tree, het Pirow, saam met Hertzog, uit die kabinet laat bedank.[14] Soos bo vermeld, het Smuts die leisels van die Departement van Verdediging oorgeneem en dadelik hulp ingeroep om die UVM slaggereed vir die naderende oorlog te kry.

Gevolglik het Smuts vir dr Hendrik van der Bijl ook as hoofkoördineerder van die wapenvervaardigingsnywerheid van Suid-Afrika aangestel.[15] Die visie van die tweede Smuts-regering (1939-1948) was om die Geallieerde magte (Brittanje, die Verenigde State van Amerika en Frankryk) en die UVM tydens die oorlog van krygstuig, ammunisie

---

9 G. Verhoef, "Suid-Afrika se ekonomie in die 20ste eeu", pp 463 - 464.

10 S.R. Mackenzie, "Recruiting, training and supplies", p 36.

11 S.R. Mackenzie, "Recruiting, training and supplies", p 17.

12 E.P. Hartshorn, *Avenge Tobruk* (Purnell, Johannesburg, 1959), pp 1 - 13.

13 E.P. Hartshorn, *Avenge Tobruk*, pp 7 - 9. Sien ook F.A. Mouton, "Fascist or opportunist? The political career of Oswald Pirow", *Historia,* 63, 2, November 2018, p 106.

14 F.A. Mouton, "Fascist or opportunist? The political career of Oswald Pirow", pp 105 - 106.

15 S.R. Mackenzie, "Recruiting, training and supplies", pp 17 - 19.

en verwante toerusting te voorsien.[16] Suid-Afrika het sodoende ŉ ondersteunende rol in die finale oorwinning in die stryd teen die Spilmoondhede (Duitsland, Italië en Japan) gespeel.[17] Volgens Heitman was dit Suid-Afrika se:

> *... eerste ernstige toetrede tot krygstuigproduksie ... Tydens die oorlog het Suid-Afrika agtenswaardige wapenbouvermoë ontwikkel.*[18]

Ná die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 was opeenvolgende Suid-Afrikaanse regerings, onder meer die Verenigde Party (VP) tot 1948, en die Nasionale Party (NP) vanaf 1948, ondersteuners van die kapitalistiese Westerse magte se internasionale stryd teen die Sowjet-Unie en die kommunistiese state van die Wêreld. Weens die Weste se dominante invloed in Suider-Afrika, was die staat se militêre slaankrag in die era van die sogenaamde Koue Oorlog (1946-1989) van kardinale strategiese waarde.[19] Die bedoeling om Suid-Afrika ŉ bastion vir Westerse belange te maak, kan gesien word as ŉ direkte nagevolg van die ná-oorlogse tydperk.

Maar in die ná-oorlogse jare het wapenvervaardiging in Suid-Afrika feitlik tot stilstand gekom.[20] Van der Waag wys daarop dat die UVM selfs besig was om sy paraatheid te verloor. Smuts se post-oorlogbeleid was dat die Unie slegs ŉ kleiner verdedigingsmag kon bekostig.[21] Dit was ondanks die feit dat Suid-Afrikaanse nywerhede daartoe in staat was om die UVM toe te rus, aldus Heitman.[22]

---

16 A.L. Müller, *Die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika*, p 234.

17 S.R. Mackenzie, “Recruiting, training and supplies”, pp 28 - 31.

18 H-R. Heitman, *Krygstuig van Suid-Afrika: ŉ Kort gids oor die krygstuig van die Suid-Afrikaanse Leër, Vloot en Lugmag* (Struik, Kaapstad, 1988), p 14.

19 I. van der Waag, *A military history of modern South Africa*, p 216.

20 I. van der Waag, *A military history of modern South Africa*, p 227.

21 I. van der Waag, *A military history of modern South Africa*, p 219.

22 H-R. Heitman, *Krygstuig van Suid-Afrika*, p 14.

Met die bewindaanvaarding van die NP in 1948 het die beleid ten opsigte van aankope en binnelandse vervaardiging vir die UVM wel verander. Jooste voer aan dat F.C. Erasmus, as minister van Verdediging (1948-1959), die grondslag gelê het vir die verdere ontwikkeling van die wapenvervaardigingsektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie.[23] Erasmus se ideaal is egter nie ten volle gedurende sy ampstermyn verwesenlik nie. Dit het daartoe gelei dat sy opvolger, Jim Fouché, en sy Departement van Verdediging teen 1963 steeds afhanklik was van wapenagente, en hul fabrikante.

Gedurende die 1950's het die militêre verpligtinge van die Unie hoofsaaklik uit die deelname van die Suid-Afrikaanse Lugmag se tweede eskader aan die Koreaanse Oorlog (1950-1953) bestaan. Amerikaanse en Kanadees-vervaardigde straalvliegtuie is gebruik om die VSA te help in 'n kritieke Koue-Oorlog-brandpunt in Asië. Dit was nie die enigste aankope vir die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende die 1950's nie. Nuwe eskaders was gestig, veral Burgermageskaders, wat verdere aankope van Harvard-, Dakota-, Vampire- en Shackleton-vliegtuie regverdig het.[24] Dit, terwyl wapens en krygstuig uit die Tweede Wêreldoorlog-tydperk deur die leër gebruik is om Suid-Afrika en Suidwes-Afrika te verdedig.[25] Volgens Heitman is daar min aankope vir die Suid-Afrikaanse leër gedurende die Erasmus-tydperk gedoen. Net 200 Britse Centurion-hoofgevegstenks is in die 1950's vir die leër aangekoop. Eers met Fouché as minister van Verdediging is daar begin met die gelisensieerde vervaardiging van Panhard AML-60- en 90- pantserkarre.[26] Dit is duidelik dat Erasmus min aankope gedoen het wat betref die bewapening van die leër.

---

23 L. Jooste, "F.C. Erasmus as Minister van Verdediging, 1948-1959", MA, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1995, pp 61 - 85. Sien ook R.S. Boulter, *A biography of FC Erasmus, South African Defence Minister 1948-1959* (Edwin Mellen Press, New York, 2012), pp 98 - 123.

24 H-R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag* (Central News Agency, Johannesburg, 1985), p 59.

25 L. Jooste, "F.C. Erasmus as Minister van Verdediging, 1948-1959", pp 61 - 85.

26 H-R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag*, p 38.

Vir die Suid-Afrikaanse Vloot het Erasmus se aankoopbegroting goeie resultate gelewer. Veral ná die 1955 Simonstadse Ooreenkoms, kon daar dadelik begin word met die opknapping en opgradering van die hawe en ŉ aantal skepe.[27] Teen 1963 het Suid-Afrika reeds ses duikbootjagfregatte, tien kusmynveërs en vier seeweerbote van Britse skeepswerwe aangekoop.[28] Wat hieruit afgelei kan word, is dat Suid-Afrika teen die 1950's daarin kon slaag om krygstuig- en wapenaankope te maak met die toekomstige moontlikheid van plaaslike vervaardiging. Die opgradering van die SAW se arsenaal het wel teen die einde van die Fouché-tydperk moeiliker geword. Die redes hiervoor spruit uit internasionale en plaaslike politieke teenkanting teen die NP se apartheidsbeleid. Dit het egter min invloed uitgeoefen op die gewilligheid van private fabrikante en hul wapenagente om besigheid met Suid-Afrika te doen.

Gedurende die ampstermyn van dr Hendrik Verwoerd (1958-1966) het die bedreiging van ŉ groeiende kommunistiese invloed in die nuwe onafhanklike Afrikastate die NP-regering genoodsaak om die SAW te moderniseer. Binnelands het die Verwoerd-regering verdere uitdagings gehad. Die African National Congress (ANC)[29] het die regering probeer ondermyn met die doel om die blanke bewind tot ŉ einde te bring. Ook was daar die opkoms van die radikale Pan-Africanist Congress (PAC) van Robert Sobukwe, wat ŉ soortgelyke bedreiging vir die regering ingehou het.[30] Internasionale kritiek het ŉ hoogtepunt bereik ná die slagting van tientalle swart burgerlikes, o.m. lede van die PAC, deur die Suid-Afrikaanse Polisie op 21 Maart 1960 by Sharpeville in die Vaaldriehoek. Veral die VN se Afrika- en Asiatiese lidlande het hul misnoeë oor apartheid en die

---

27 L. Jooste, "F.C. Erasmus as Minister van Verdediging, 1948-1959", p 86.

28 H-R Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag*, p 80.

29 H-R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag*, p 11.

30 Sien H. Giliomee, *Die Afrikaners – ŉ Biografie* (Tafelberg, Kaapstad, 2004), p 472. Sien ook T. Simpson, *Umkhonto we Sizwe: The ANC's Armed Struggle* (Penguin Books, Cape Town, 2016).

Sharpeville-slagting uitgespreek. Hulle het geëis dat daar onmiddellik teen Suid-Afrika opgetree moes word. ʼn Verbod op die uitvoer van wapens sou ʼn goeie begin wees.[31]

Brits verduidelik dat Indië reeds in 1952 hul ontevredenheid met Suid-Afrika se apartheidsbeleide by die VN bekend gemaak het.[32] Dit sou agt jaar neem voordat die VN, en tot ʼn mate die VSA, gehoor sou gee aan die Afrika- en Asiatiese lande se misnoeë met die NP-bewind. Die VSA het gedurende die presidensiële ampstermyne van Harry Truman (1945-1953) en Dwight Eisenhower (1953-1961) dit reggekry om die brandende kwessies van die VSA se diplomatieke en handelsooreenkomste met Suid-Afrika uit die kollig te hou. President John F. Kennedy moes wel besluit of hy na die kritiek van die Afrika- en Asiatiese lidlande sou luister om Suid-Afrika as handelsvennoot te verstoot of te behou.[33]

In 1962 was dit die Kennedy-administrasie se besluit om net wapens en krygstuig aan Suid-Afrika te verkoop wat gebruik kon word vir die stryd teen kommunisme. Geen wapen wat deur die staat gebruik kon word om burgerlikes aan te val sou na die Republiek van Suid-Afrika (RSA) uitgevoer word nie.[34] Kennedy se besluit het nie goeie resultate gelewer nie. Die kwessie van krygstuig- en wapenverkope aan die RSA het ook in die Britse parlement na volskaalse debatte gelei. Op 12 November 1962 het die Britse parlement die VN se resolusie van 1 November 1962, naamlik oor ʼn wapenverbod teen

---

31 A. van Wyk & J.E.H. Grobler, "The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963", *Historia,* 46, 1, May 2001, p 111.

32 J.P. Brits, "Tiptoeing along the Apartheid tightrope: The United States, South Africa and the United Nations in 1952", *The International History Review*, 27, 4, December 2005, p 709.

33 A. van Wyk & J.E.H. Grobler, "The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963", p 111.

34 A. van Wyk & J.E.H. Grobler, "The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963", p 113.

Suid-Afrika, begin bespreek. Brittanje het teen die resolusie gestem.[35] Wapenverkope aan Suid-Afrika sou oor die volle tydperk van Harold MacMillan se termyn ŉ brandende kwessie bly.

Binne drie jaar ná die Sharpeville-slagting het die VN se veiligheidsraad op 7 Augustus 1963 ŉ wapenverbod teen Suid-Afrika geproklameer. Byvoegings is op 4 Desember 1963 aangebring. Dié verbod was voortaan van toepassing op VN-lidlande en het die uitvoer van wapens, krygstuig en tegnologie vir die vervaardiging van wapens en/of krygstuig na Suid-Afrika verbied.[36]

Volgens die Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI) was die 1963 VN-wapenverbod, bekend as Resolusies 181 en 182 (1963), nie-verpligtend vir VN-lidlande nie.[37] Die VN-resolusies het nie spesifiek gestipuleer dat private ondernemings en wapenvervaardigers Suid-Afrika in geheel moes isoleer van die wapenhandelsmark nie. Indien hierdie skuiwergat ŉ oorsigfout deur die VN was, het dit die VN duur te staan gekom. Ná die 1976 Soweto-onluste het ŉ meer omvattende VN-wapenverbod in 1977 die verbod van 1963 vervang.[38] Te midde van internasionale druk op Suid-Afrika, het Westerse regerings (veral die VSA) steeds verwag dat die NP-regering ŉ

---

35 British Parliament House of Commands Hansard, 12 November 1962, https://api.-parliament.uk/historic-hansard/commons/1962/nov/12/south-africa-apartheid (Geraadpleeg: 12/10/ 2019).

36 Die volle teks kan gevind word by: UN Security Council, Resolutions 181 and 182 1963 Resolutions of 7 August and 4 December 1963 [S/5386], https://www.sipri.org/-databases/embargoes/un_arms_embargoes/south-africa-non-mandatory/non-mandatory-un-arms-embargo-on-south-africa (Geraadpleeg: 3/3/2015).

37 Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI), https://www.sipri.org/-databases/embargoes/un_arms_embargoes/south-africa-non-mandatory/non-mandatory-un-arms-embargo-on-south-africa (Geraadpleeg: 3/3/2015).

38 Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI), https://www.sipri.org/databases/embargoes/un_arms_embargoes/south-africa-non-mandatory/non-mandatory-un-arms-embargo-on-south-africa (Geraadpleeg: 3/3/2015).

ondersteuningsrol in die stryd teen kommunistiese aanslae in Suider-Afrika moes speel.[39] Die Suid-Afrikaanse regering het verwag dat die Westerse lande, veral die VSA, die land sou steun en nie in sy pad sou staan wanneer wapens en krygstuig aangekoop word nie.[40] Die verkryging van noodsaaklike wapens, vir ingeval van ŉ moontlike militêre stryd teen kommunistiese magte, is as gevolg van die bovermelde wapenverbod bemoeilik. Dit blyk dat die VN geen beproefde struktuur gehad het om stappe te doen teen enige staat of selfs ŉ private onderneming wat wel met Suid-Afrika wou handel dryf nie. Die sameloop van omstandighede het geleenthede vir ambisieuse ondernemers geskep om munt te slaan uit Suid-Afrika se wapenbehoeftes.[41]

### 1.3 Die omstredenheid wat gelei het tot die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek

Die 1963 VN-wapenverbod was die eerste van sy soort wat deur die VN aanvaar is. Sodoende kon lidlande tot en met 1977 besluit of hulle Suid-Afrika wou uitskakel as moontlike handelsvennoot.[42] Die 14 jaar tussen die twee VN wapenverbiedinge het ŉ venster-periode vir Suid-Afrika gebied waartydens die nodige wapens, krygstuig en tegnologie vir vervaardiging so vinnig as moontlik aangekoop moes word. Gelukkig vir Suid-Afrika was daar steeds Westerse lande wat bereid was om militêre goedere na die RSA uit te voer.[43] Dit het wel nie beteken dat die regerings van die lande direk met die RSA sou handel dryf nie. Indien Suid-Afrika steeds ŉ weermag op internasionale

---

39 J.P. Brits, "Tiptoeing along the Apartheid tightrope: The United States, South Africa and the United Nations in 1952", p 754.

40 Sien A. van Wyk & J.E.H. Grobler, "The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963", p 112.

41 UJSB, Anoniem, "Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging", 1964, 1, pp 12 - 25.

42 Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI), https://www.sipri.org/-databases/embargoes/un_arms_embargoes/south-africa-non-mandatory/non-mandatory-un-arms-embargo-on-south-africa (Geraadpleeg: 3/3/2015). Sien ook J-A. Stemmet, K. Stemmet & B. Senekal, "South Africa in the international arms trade network (ATN) during national party rule (1948-1994): a network analysis", *Journal of Contemporary History,* 40, 2, Desember 2015, p 49.

43 M. Moore, "Arming the embargoed: A supply-side understanding of arms embargo violations", *Journal of Conflict Resolution,* 54, 4, 2010, p 10.

standaarde wou hê, moes die hulp van private ondernemings en wapenagente ingeroep word. Die regering van ŉ land sou net die permit moes uitreik om die goedere te laat uitvoer.[44]

Suid-Afrika moes enige beplande aankope deur middel van tenders bekend maak. Staatsdepartemente, soos die Departement van Verdediging, het versoeke van die SAW ontvang en aan die staatsaankoper gestuur sodat die tender gepubliseer kon word.[45] Die staat het ŉ tenderraad gehad wat oor alle militêre aankope kon besluit. Dit is vanselfsprekend dat die Departement van Verdediging alle aankope vir die SAW moes doen in volle samewerking met die SAW se afdelings wat verantwoordelik was vir die SAW se voorrade- en krygstuig-aankope. Belangstellende wapenagente en hul prinsipale kon gebruik maak van die gepubliseerde tenders om hul aanbiedings in te stuur. Dit is juis hier waar die onreëlmatighede begin het.

Feinstein beskryf die aard van wapenhandel as volg:

> *The global arms trade grows ever more sophisticated, complex and toxic in its effects.*[46]

Alhoewel Lamb argumenteer dat Suid-Afrika die moedswil gehad het om die VN se 1963 wapenverbod te omseil, deur te soek na skuiwergate in die verbod ten einde wapens en krygstuig op geheimsinnige maniere van internasionale verskaffers te verkry, is Lamb nie

---

44 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 183, paragraaf 395.

45 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 207 - 208, paragraaf 440.

46 A. Feinstein, *The Shadow World: Inside the Global Arms Trade* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2011), p xxii.

heeltemal korrek nie.[47] Die aanskaffing van wapens en krygstuig was nie ŉ eenvoudige proses nie. Alhoewel Suid-Afrika ŉ aankoopproses gehad het, soos wat regter Cillié in sy kommissieverslag geanaliseer het, het dit steeds nie enige korrupsie met aankope verminder nie. Die feit dat 439 transkasies met wapen- en krygstuig-aankope deur Suid-Afrika in die tydperk van 1959 tot 1966 gesluit is, lewer bewys dat die kompleksiteite met wapenaankope oorweldigend was vir enige persoon of departement om algehele beheer oor alle aankope te kon uitoefen.[48] Dit is dan nie verbasend dat onreëlmatighede in die vorm van bedrog te bespeur was met die aankope uit 1959 tot 1963 nie.

Tog kon amptenare en betrokke NP Volksraadslede nie altyd ten volle vertroud wees met die binnewerkinge en vereistes van wapenkontrakte wat met goedgesinde maatskappye in Israel, Frankryk, die Verenigde Koninkryk en die VSA gesluit is nie. Volgens regter Cillié het ŉ onbekende fluitjieblaser aantygings gedurende 1962-63 gemaak oor beweerde onreëlmatighede met die verkryging van besigheidskontrakte en lisensies om wapens en krygstuig aan Suid-Afrika te voorsien en in Suid-Afrika te vervaardig. Die fluitjieblaser het bewerings van bedrog en omkopery teen SAW-offisiere, DV-amptenare en wapenagente gemaak.[49]

Die Suid-Afrikaanse pers het nie die storie geïgnoreer nie.[50] In die parlement het die VP-opposisie Fouché van Januarie tot Maart 1964 uitgedaag om oor die bewerings uitsluitsel

---

47 G. Lamb, 2007, "Beyond 'shadow boxing' and 'lip service' – The enforcement of arms embargoes in Africa", in *ISS Papers,* 2007, p 3. Beskikbaar by: https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/Paper135.pdf (Geraadpleeg: 01/10/2019).

48 J-A. Stemmet, K. Stemmet & B. Senekal, "South Africa in the international arms trade network (ATN) during national party rule (1948-1994): a network analysis", p 59.

49 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp. 81 - 84, paragraaf 195 - 199.

50 Sien Anon, "Hoë offisiere in wapen-skandaal", *Die Burger*, Woensdag 31 Julie 1963, p 1.

te gee.[51] Daardeur het dit aan die lig gekom dat Suid-Afrika, met buitelandse hulp, toegang tot wapens en krygstuig gehad het.[52]

Die aangeleentheid was omstrede omdat buitelandse hulp gevra is met die wete dat ŉ wettige, maar nie-verpligte, wapenverbod steeds op Suid-Afrika van toepassing was. Die verkryging van dienskontrakte en invoerregte het blykbaar nie volgens die wetlike prosedures verloop nie. Gevolglik is hierdie amptelike aktiwiteite as onreëlmatig bestempel. Tydens die sitting van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek het die betrokke politici, amptenary en weermaglede aangevoer hulle optredes was noodsaaklik, en dat hulle in landsbelang spesifieke besigheidsmanne moes nader om toegang tot wapens, ammunisie en wapentuig te kry.[53]

Weens die omstredenheid wat uit die aantygings gespruit het, was die Verwoerd-regering verplig om op te tree. Staatspresident C.R. Swart het gevolglik regter P.M. Cillié in April 1964 aangestel om ŉ kommissie van ondersoek te lei om die bewerings van onreëlmatighede oor spesifieke transaksies ten opsigte van wapen- en krygstuig-aankope en -vervaardiging, noukeurig na te gaan. Uit hierdie sewe-maande-lange kommissie-sitting (April tot Oktober 1964) het die gebruiklike geskrewe verbale rekord van verrigtinge voortgespruit. Die Cillié-kommissie het, waar moontlik, betrokke besigheidslui (plaaslik en internasionaal), amptenare van die Departement van Verdediging en offisiere van die SAW, asook derdeparty-agente en politici genader om getuienis oor hul betrokkenheid te lewer. Cillié het beklemtoon dat die kommissie nie ŉ

---

51 RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad*, 28 Januarie 1964, p 407. Sien ook: Anon, "Hoë offisiere in wapen-skandaal", p 1.

52 Anon, "Hoë offisiere in wapen-skandaal", p 1.

53 Die inligting in hierdie stelling sal in die volgende hoofstukke bespreek word. Die kernbron is: UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24,

hof was wat skuldige partye ’n straf kon oplê nie, maar dat die betrokke persone byeengeroep is sodat alle beweerde onreëlmatighede uitgesonder en later hanteer kon word.[54] ’n Kritiese studie van die 1964 Cillié-kommissieverslag is dus nodig om die beweerde onreëlmatighede te kan begryp en te ontleed soos wat dit in die aankoopproses onstaan het. Die werklikheid van beweerde bedrog in die SAW, DV en wapenagent-geledere kan dan bepaal word.

### 1.4 Die basiese struktuur van die studie en oorsig van beskikbare bronne

Die kardinale primêre bronne is ’n *verbatim*-rekord van 4510 bladsye wat verdeel is in 23 volumes. Die laaste volume, Nommer 24, bestaan uit regter Cillié se verslag aan die staatspresident. Die 24 volumes word by die Spesiale boekversameling van die Universiteit van Johannesburg se Biblioteek te Doornfontein-kampus gestoor. Die versameling bevat dus ’n tydgenootlike analise van die 1964 kommissie van ondersoek, en tesame met die verbatim-volumes kan dit beskou word as die mees omvangryke, beskikbare, en relevante primêre historiese bronmateriaal oor die kommissie van ondersoek. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar grootliks op die kommissieverslag staat gemaak, wat met relevante teksgedeeltes uit die verbatim-rekord gekontroleer is.

Die verslag is sistematies. Ná sewe maande moes regter Cillié sinvolle gevolgtrekkings uit die geskrewe verklarings en getuienisse maak wat hy in die verslag saamgestel het. Hy het in die besonder op sorgwekkende aspekte gefokus. Die volgende is uitgelig:

1. Die algehele aankoopproses soos deur die staat gevolg;
2. Kontrakte wat met die geheimsinnige wapenagent Hans Sieger gesluit is;
3. Die staat *versus* Banie van der Merwe, ’n saak wat dateer uit 1963;

---

[54] UJSB, Anoniem, “Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV”, 1964, 1, p. 3.

4. Lionel Schwartz se pogings om tenders te verkry; en
5. Besigheidsverhoudinge wat agente en prinsipale met staatsbeamptes en SAW-offisiere gehad het.[55]

Hierdie verhandeling is dus ŉ historiese relaas van die bevindinge van die Cillié-verslag. Waar nodig sal direkte verwysings uit die verbatim rekord van Cillié se verslag as aanvulling dien. Ongelukkig sluit die verslag geen dokumentasie in wat deur regslui tydens die kommissiesittings voorgehou is nie. Waar regter Cillié wel na so ŉ dokumentasie of hofstukke verwys, sal dit net genoem word.

### 1.4.1 Primêre bronne

Bykomende primêre bronne is in ander Suid-Afrikaanse argiefbewaarplekke gevind. Die dokumentêre versamelings van J.J. Fouché[56] en C.R. Swart[57] in die Argief van Eietydse Aangeleenthede (AREA) by die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein is nagegaan. Materiaal van betrokke politieke leiers is van belang. Hulle was prominent sedert die NP se bewindsaanvaarding in 1948, en teen 1961 was hulle aan die stuur van bepaalde relevante sake in die Republiek van Suid-Afrika (RSA). Elkeen het in poste gedien wat belang by die Cillié-kommissie gehad het. Veral C.R. Swart was instrumenteel in die aktiwiteite van die kommissie wat in 1964 tot stand gekom het. Verwysings na die Cillié-kommissie was om verstaanbare redes skraal. Op grond van Cillié se versoek was die kommissiesittings *in camera* gehou wat gelei het na min relevante dokumentasie in die vermelde versamelings.

---

55 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24.

56 Universiteit van die Vrystaat, Argief van Eietydse aangeleenthede, J.J. Fouché Versameling, PV467.

57 Universiteit van die Vrystaat, Argief van Eietydse aangeleenthede, C.R. Swart Versameling, PV18.

Dieselfde gebrek aan inligting was ook kenmerkend van ŉ soektog in die nasionale argiefbewaarplek in Pretoria. Behalwe vir persoonlike dokumente oor kommandant Banie van der Merwe se saak, en ŉ paar verwysings na regter P.M. Cillié, was dit kommerwekkend om te dink dat so min dokumentasie oor hierdie belangrike kommissie in die nasionale argief te vinde is. By die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se argiefbewaarplek in Pretoria is wel relevante historiese dokumente gevind. Nuttige versamelings soos dié van die Sekretaris van Verdediging (DC) en die Minister van Verdediging Erasmus/Fouché (MVEF) -versamelings is bestudeer. Lêers wat nagegaan is, het uit dokumentasie bestaan wat breedvoerig dui op pogings om die Suid-Afrikaanse Weermag te bewapen. Deur middel van buitelandse reise en korrespondensie is daar ŉ magdom historiese dokumente wat bewys lewer dat verskillende lande (veral die Verenigde State van Amerika, Brittanje, Frankryk, Israel, Italië, Skandinawiese lande en selfs Joego-Slawië) genader is om Suid-Afrika, ná die 1963-wapenverbod, uit te help.[58] Waar dit as nodig beskou word, sal die relevante inligting uit voorheen geheime lêers die bevindinge van Cillié aanvul. Dit was ook in die bovermelde versamelings waar ŉ klomp koerantuitknipsels oor die saak van kommandant Banie van der Merwe gevind is.[59]

Die argief van die Departement van Justisie het weinig dokumentasie opgelewer wat van nut was vir hierdie studie. Dit is veral ŉ neerslag ten opsigte van die loopbaan van regter P.M. Cillié wat as die enigste voorsitter van die kommissie gedien het en tot ŉ mate onbekend is in die geskiedkundige diskoers van Suid-Afrikaanse politiek en regslui. Cillié se lewe en loopbaan word wel in die volgende hoofstuk uiteengesit, met behulp van materiaal wat in die argiefversamelings in Trinity Kollege, Cambridge Universiteit gekry

---

58 Sien Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek (hierna SANWA), Sekretaris van Verdediging (DC), 159, Lêer 17926/5; 210, 1424/51.

59 SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Secret Arms Case: Verdict Monday", *The Rand Daily Mail*, 18 September 1963.

is. Die skrywer het die geleentheid gehad om Cillié se dokumentasie in Februarie 2016 te bestudeer. Ook die dokumentasie wat beskikbaar is in die argief van die Universiteit van die Witwatersrand het inligting oor die oud-regter gebied ten opsigte van sy tyd as student en universiteitsraadslid.

Om te bepaal of die 1964 Cillié-kommissie in enige tydskrif dekking geniet het, was die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALM), in Bloemfontein, se tydskrifversamelings bestudeer. Alhoewel tydskrifte soos *Die Huisgenoot* en *Brandwag* nie enige artikels oor die kommissie geplaas het nie, was 'n reeks artikels gevind wat die SAW aan lesers moes bemark, kort na die voltrekking van die September 1963 hofsake.[60] Relevante koerantartikels vanuit Nasionale Pers-koerante was aanlyn beskikbaar.[61]

Buiten die dokumentasie uit bovermelde argiefbewaarplekke is die Volksraad en Senaat se Hansardrekords van 1962-65 nagegaan. Hansard is sedert die ontstaan van die Unie van Suid-Afrika in 1910 die hoofbron van debatte wat in die Suid-Afrikaanse parlementskamers plaasvind het.[62] Vir die doeleindes van hierdie studie is die tydperke Januarie-Februarie 1964, asook Mei 1965, van besondere waarde. Daarin word vermeld watter vrae minister Fouché moes beantwoord oor die gerugte van onreëlmatighede in sy departement.[63] Alhoewel die kommissie van ondersoek nie presies aangehaal word in die Hansards nie, word daar indirek daarna verwys in verdedigingsdebatte van laat 1964

60 Sien W.A. Boonzaaier, "Ons Leër kan vinnig slaan", *Die Huisgenoot*, 18 Oktober 1963, pp 28-33., W.A. Boonzaaier, "Ons Lugmag, 'n Blitsige broederskap", *Die Huisgenoot,* 25 Oktober 1963, pp 28-33; W.A. Boonzaaier, "Ons Vloot slaan vinnig, hard en diep", *Die Huisgenoot,* 1 November 1963, pp 5-9.

61 Sien Anon, "Hoë offisiere in wapen-skandaal", *Die Burger*, Woensdag 31 Julie 1963. p 1.

62 A. van Wyk, *Hoor! Hoor! Honderd jaar debat 1910-2010* (Tafelberg, Kaapstad, 2010), p 29.

63 RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad*, 1964, pp 407 - 410; 891 - 898; 959 - 962; RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad*, 1965, pp 6683 - 6690; 8491 - 8494.

tot vroeg 1965. Omdat wapenverkope aan Suid-Afrika ŉ kwessie vir die Westerse lande was, is juis die Hansards van die Britse parlement ook nagegaan.[64] Die debatte oor wapenverkope aan Suid-Afrika is aanlyn beskikbaar. Dit was duidelik dat die Laerhuis van die Britse parlement glad nie eenparig was oor die saak nie. Die teenstand wat die Britse eerste minister, Harold MacMillan, moes ervaar word in die opvolgende hoofstuk bespreek. Pogings is aangewend om soortgelyke inligting van die VSA se kongres te kry, wat ongelukkig nie tans aanlyn beskikbaar is nie.

56 jaar ná die 1964 kommissie kon geen van die destydse betrokke persone opgespoor word om ŉ onderhoud mee te voer nie. Onderhoude sal dus nie deel vorm van hierdie studie se primêre bronne nie.

Ook die aanvaarde resolusies van die VN in 1963, dus die wapenverbod, word in die studie ingesluit.[65] Die kommissie se werksaamhede is kortliks in koerantartikels in die Afrikaanse en Engelse pers van dié tyd gedek, en dit sal die bevindinge deur Cillié aanvul. Beskikbare bronne van die VSA se Central Intelligence Agency (CIA), met spesifieke gedeeltes gesensureer, is ook nagegaan om te bepaal hoe ingelig die VSA was ten opsigte van die SAW se beskikbare wapens en krygstuig en Suid-Afrika se vervaardigingsmoontlikhede.[66]

---

64 UK Parliament Hansard, House of Commons, https://hansard.parliament.uk/-search/Debates?startDate=1957-01-01&endDate=1965-01-01&searchTerm=South%20-Africa%20arms&house=Commons&partial=False (Geraadpleeg: 27/09/2019).

65 UN SecurityCouncil, Resolution 181 1963, Resolution of 7 August 1963 [S/5386], http://www.sipri.org/databases/embargoes/un_arms_embargoes/south-africa-non-mandatory-/un-security-council-resolution-181-1963 (Geraadpleeg: 3/3/2015).

66 Directorate of Intelligence, *Intelligence Memoranda – Recent trends in South African arms procurement,* Oktober 1972, pp 1 - 2. Beskikbaar by: https://www.cia.gov/library/-readingroom/document/cia-rdp85t00875r001700040034-9.

### 1.4.2 Etiek

Dit is nodig om die volgende etiese bepaling oor sensitiewe en geheime primêre dokumente duidelik te maak. Daar was aanduidings dat geringe etiese voorbehoude met betrekking tot die uitvoering van die navorsingsprojek bestaan het omdat hierdie studie die potensiaal het om ŉ sluier te lig oor geheimsinnige besigheidskontrakte wat op versoek van die Verwoerd-regering gesluit is. Al die dokumentasie wat gebruik is, soos aangevra in die publieke argiefbewaarplekke, was reeds geklassifiseer as aanvaarbaar vir ontsluiting. Dit kom as gevolg van die breedvoerige oop-klassifisering van dokumente voor die afsnypunt van 1 Januarie 1970 vir dokumente in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se argiefbewaarplek.[67] Die toegang tot die 24 volumes van die 1964 Cillié-kommissie is moontlik gemaak deur die persoonlike skenking van die Cillié-gesin, ná regter P.M. Cillié se afsterwe. Die materiaal is aan die Randse Afrikaanse Universiteit (vandag bekend as die Universiteit van Johannesburg) geskenk.[68] Daar was geen beperkings op toegang tot die materiaal nie. Alle gebruikte primêre dokumente in dié studie, is dus geldig en wettig verklaar vir openbare gebruik.

### 1.4.3 Sekondêre bronne

Ten opsigte van sekondêre bronne is daar nie ŉ gepubliseerde werk wat handel oor die 1964 Cillié-kommissie nie. Verskillende bronne oor Suid-Afrikaanse militêre en politieke geskiedenis het deel van die grondslag vir hierdie studie gevorm. Teoretiese publikasies

---

67 G. Prinsloo, Argivaris by SANDF Departement van Dokumente, gesprek gevoer in September 2016, Departement van Dokumente-Leeskamer, Schweikardt-gebou, Pretoria.

68 R. Zaaiman, Argivaris by Universiteit van Johannesburg, Spesiale Boek-versameling te Doornfontein-kampus, Johannesburg, e-pos-korrespondensie op 31 Mei 2016.

in die dissipline van Kriminologie was van nut omdat dit die nodige leiding gegee het oor wat bedrog en korrupsie behels en om onetiese handelinge as sodanig te beskou.[69]

In belang van historiese kontekstualisering van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek en die bepaling van hierdie studie se bydrae tot geskiedskrywing, is ŉ beknopte verduideliking oor die studie se sekondêre bronne nodig.

*A military history of modern South Africa* deur Ian van der Waag lewer ŉ breedvoerige, algemene diskoers oor Suid-Afrikaanse verdedigingsaangeleenthede gedurende die 20ste eeu. Van der Waag verwys egter nie direk na die 1964 Cillié-kommissie nie. Sy werk meld net dat Suid-Afrika ná 1964 nuwe maniere gevind het om wapens vir die weermag te kry. Bykomend identifiseer hy ook Frankryk as Suid-Afrika se hoof-wapenverskaffer.[70] Wessels en Marx wat die 1977 VN-wapenverbod nagegaan het, merk wel dieselfde punt oor Frankryk op, maar lewer geen kommentaar oor die 1964 Cillié-kommissie nie.[71]

Stapleton se studie was tot onlangs ŉ belangrike oorsiggeskiedenis. Hy kyk breedweg na die militêre ontwikkeling van Suid-Afrika sedert die aankoms van die VOC, tot en met die SANW se deelname aan vredesoperasies van die VN in Sentraal-Afrika.[72] Hy lewer ook geen kommentaar of verwysing na die Cillié-kommissie nie. Dieselfde kan gesê word van ander noemenswaardige algemene werke soos C.J. Nöthling se twee volumes oor die

---

69 Kyk S.E. Brown, F. Esbensen & G. Geis, *Criminology: Explaining crime and its context* (6th edition, LexisNexis, New Jersey, 2007); N. Kochan & R. Goodyear, *Corruption: The new Corporate Challenge* (PalgraveMacMillan, New York, 2011); en H. Venter, *Kriminologie: ŉ Handleiding vir studente in die Kriminologie* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1972).

70 I. van der Waag, *A military history of modern South Africa*, p 243.

71 A. Wessels en L. Marx, "The 1977 United Nations mandatory arms embargo against South Africa: a historical perspective after 30 years", *Journal of Contemporary History,* 33, 1, September 2008, pp 70 - 86.

72 T. Stapleton, *A military history of South Africa: From the Dutch-Khoi Wars to the end of Apartheid* (Praeger, Oxford, 2010).

geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Weermag.[73] Ook word geen vermelding van die Cillié-kommissie gemaak in die publikasies deur Helmoed-Römer Heitman oor die Suid-Afrikaanse Weermag se krygstuig nie.[74] Derhalwe kan verklaar word dat die geskiedenis van die Cillié-kommissie as ŉ onvolledige fokuspunt in die Suid-Afrikaanse militêre en politieke historiografie beskou kan word.

Vir die verdere uitbouing van algemene kennis oor die Suid-Afrikaanse Weermag gedurende die middel- tot laat-1900's bestaan daar jaarlikse, en in sekere gevalle tweejaarliks, albums en bemarkingsgeskrifte wat die SAW self uitgegee het.[75] Soms is skrywers van buite deur die weermag gebruik om ŉ boek vir die publiek oor die SAW te skryf. *Africa's Superpower,* deur Paul Moorcroft, is ŉ voorbeeld van ŉ publikasie deur ŉ burgerlike historikus.[76] Alhoewel hierdie publikasies min of meer eensydig in hul benadering is, kan waardevolle inligting oor die impak van die aankope van wapens, krygstuig en wapentegnologie tog daaruit verkry word. Die 1964 Cillié-kommissie en die langtermyn impak wat dit op die verbetering van Suid-Afrika se aankoop en vervaardiging van wapens en krygstuig gehad het, vorm nie deel van die besprekings in bovermelde publikasies nie. Dieselfde benadering is gevolg met publikasies oor spesifieke wapens en krygstuig, soos Lategan en Potgieter se omvattende boek oor die ontwikkeling van vuurwapens in Suid-Afrika.[77] Alhoewel hierdie spesifieke boek ŉ historiese relaas gee oor

---

73 C.J. Nöthling, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Weermag.* Volumes 1-2 (SAMHIK, Silverton, 1995).

74 H-R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag* (Central News Agency, Johannesburg, 1985). Sien ook H-R. Heitman, *Krygstuig van Suid-Afrika: ŉ Kort gids oor die krygstuig van die Suid-Afrikaanse Leër, Vloot en Lugmag* (Struik, Kaapstad, 1988).

75 A. de la Rey, *Suid-Afrikaanse Weermag – Oorsig/South African Defence Force – Review, 1990* (Walker-Rasmus Trading, Durban, 1990).

76 P. Moorcraft, *Africa's Superpower* (Sygma/Collins, Johannesburg, 1981).

77 F. Lategan en L. Potgieter, *Die Boer se Roer tot vandag. Die ontwikkeling van die Vuurwapen in Suider-Afrika* (Tafelberg, Kaapstad, 1981).

hoe vuurwapens in Suid-Afrika vervaardig is, word daarin geen melding gemaak van die 1964 Cillié-kommissie nie.

Die beperkte inligting wat tot dusver die lig gesien het, veral in die publisiteitsmateriaal wat die Departement van Verdediging en die SAW aan die publiek deurgegee het, sal die Cillié-kommissie nouliks vermeld. Dit kan aan die omstredenheid van sluikhandel in wapens en die oneerlikheid wat daarmee gepaard gegaan het, toegeskryf word.

ŉ Nuttige herinneringskrif is dié van wyle generaal Magnus Malan. In hierdie herinneringskrif word direk na wapen- en krygstuig-aankope en-vervaardigingsaangeleenthede verwys.[78] Op sy beurt lewer Feinstein ŉ relevante historiese agtergrond van internasionale wapenagente en hul prinsipale oor die strek van die laaste eeu.[79] Van Vuuren se werk, ofskoon dit meer op die wapenaankoop-transaksies en -vervaardiging van die 1970's en 1980's fokus, bied nuttige inligting oor die lande met wie die RSA vir wapens en krygstuig handel gedryf het.[80]

Die volgende ongepubliseerde meesters- en doktorale werke, soos onder meer dié studies van Jooste, Boulter en Kruger, het ŉ bydrae gelewer. Die studies van beide Jooste[81] en Boulter,[82] oor die tydperk van F.C. Erasmus as minister van Verdediging, is beide van belang omdat hulle werk lig werp op die betrokke tydperk van die Suid-Afrikaanse bewapeningsgeskiedenis voordat J.J. Fouché in 1959 as minister van

78 M. Malan, *Magnus Malan*: *My life with the SA Defence Force* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2006).

79 A. Feinstein, *The Shadow World: Inside the Global Arms Trade* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2011).

80 H. van Vuuren, *Apartheid Guns and Money. A tale of profit* (Jacana Media, Johannesburg, 2017).

81 L. Jooste, "F.C. Erasmus as Minister van Verdediging, 1948-1959", MA, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1995.

82 R.S. Boulter, "F.C. Erasmus and the politics of South African Defence. 1948-1959", PhD, Rhodes University, Grahamstown, 1997.

Verdediging oorgeneem het. Met die begeerte om die uithoeke van die sosio-politieke milieu ten volle te verstaan, is biografiese studies van betrokke politici ook van nut. ʼn Goeie voorbeeld is die studie van G.J. Kruger oor C.R. Swart se rol as minister van Justisie (1948-1959).[83] Hierdie studie het byvoorbeeld gehelp met die formulering van ʼn gedagtegang oor die verhouding wat die minister van Justisie met die regters gehad het voordat hy staatspresident geword het. Veral die verhouding tussen C.R. Swart en regter P.M. Cillié en waarom eersgenoemde spesifiek vir Cillié gekies het om die voorsitter van die kommissie van ondersoek te wees, het grondige redes verskaf vir die bestudering van biografieë oor C.R. Swart.

Wapenagente en prinsipale werk en beweeg rond in ʼn netwerk van kliënte, verskaffers en mededingers. Om hierdie soort netwerk ten volle te verstaan was die werk van Stemmet, Stemmet en Senekal van kardinale belang.[84] Net so het die artikelstudies van Liebenberg en Barnard[85] lig gewerp op hoe Suid-Afrika enige wapen- en krygstuig-aankope gedurende die Verwoerd-era (1958-1966) hanteer het. Dit was ook van kardinale belang om die impak van die 1963 Wapenverbod ten volle te verstaan.

---

83 G.J. Kruger, "C.R. Swart: Sy Rol as Minister, 1948-1959", MA, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 1985. Die enigste ander biografie oor C.R. Swart deur J. Kruger, *President C.R. Swart* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1961) kan gesien word as ʼn hagiografie en besit dus beperkte historiese waarde.

84 J-A. Stemmet, K. Stemmet en B. Senekal, "South Africa in the international arms trade network (ATN) during national party rule (1948-1994): a network analysis", *Journal of Contemporary History,* 40, 2, December 2015, pp 48 – 70.

85 I. Liebenberg & L. Barnard, "Arms acquisition and procurement in South Africa: The socio-history of arms deals with reference to attitudes, strengths and limitations in decision-making (1935-1994)", *Journal for Contemporary History,* 30, 3, January 2005, pp 76-91.

Lamb verduidelik kortliks hoe die verbod deur die Suid-Afrikaanse regering benader is om wapens en krygstuig aan die SAW te verseker.[86] Die Cillié-kommissie word egter nie genoem nie.

Sekerlik het die 1964 Cillié-kommissie permanente veranderinge in Suid-Afrika se bewapeningprosesse tot gevolg gehad. Navorsers het reeds in die 1980's die oorsprong van Suid-Afrika se bewapeningsprosesse na die 1960's herlei. Alhoewel Terril geen melding van die Cillié-kommissie maak nie, gee hy wel 'n kernagtige historiese oorsig van Krygkor se ontstaan.[87] Soos later aangedui sal word, kan 'n saak uitgemaak word vir die standpunt dat die 1964 Cillié-kommissie indirek tot die ontstaan van Krygkor aanleiding gegee het. Ben Schoeman se outobiografie is ook relevant omdat hy spesifiek verduidelik hoe die Verwoerd-regering, na die Cillié-kommissie, nuwe leierskap aangestel het om Suid-Afrika se bewapeningskwessies te hanteer.[88]

Die feit dat die verhouding tussen die VN en die NP-regering van Suid-Afrika gedurende die 1950's verswak het, kan nie ontken word nie. Dié troebel verhouding, wat dit vir die VN makliker gemaak het om die verbod in 1963 te proklameer, sal 'n bydrae tot die agtergrondgeskiedenis lewer wat noodsaaklik en relevant is vir hierdie studie. Brits se bondige studie oor die verhoudinge tussen Suid-Afrika, die VSA en die VN is 'n waardevolle bestekopname.[89] Net so help Van Wyk en Grobler om die standpunt van die

---

86 G. Lamb, 2007, "Beyond 'shadow boxing' and 'lip service'. The enforcement of arms embargoes in Africa", *ISS Papers*, 2007, p 3. Beskikbaar by: https://issafrica.s3.-amazonaws.com/site/uploads/Paper135.pdf (Geraadpleeg: 01/10/2019).

87 W.A. Terril, 1984, "South African Arms Sales and the strengthening of Apartheid", *Africa Today,* 31, 2, Oktober 1984, pp 3 - 13.

88 B. Schoeman, *My lewe in die politiek* (Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1978).

89 J.P. Brits, "Tiptoeing along the Apartheid tightrope: The United States, South Africa and the United Nations in 1952", *The International History Review,* 27, 4, December 2005, pp 754 - 779.

VSA se Kennedy-regering oor wapen- en krygstuig-verkope aan Suid-Afrika te verhelder.[90]

Die enigste publikasie wat moontlik ŉ politieke en militêr-historiese voorbeeld is om ongerymdhede te benader, is Holden se studie oor die wapen-skandaal van 1993.[91] Hy het ŉ basiese en beknopte weergawe geskryf oor ŉ skandaal wat tans nog nie ryp genoeg is om in sy geheel ten volle te bestudeer en verstaan te word nie. Holden se werk kan wel gesien word as ŉ riglyn vir die skryf van sake waarin politici, amptenary en offisiere se handelinge met wapenagente en hul prinsipale onreëlmatig was.

### 1.5 Doelwitstellings en navorsingsvrae

Na aanleiding van die bostaande historiese agtergrond en literatuurstudie, is dit duidelik dat ŉ kritiese studie oor die 1964 Cillié-kommissie, en veral die kommissieverslag, ŉ leemte in die bestaande historiografie vul. Om dit te bereik word die volgende navorsingsvrae as volg uiteengesit:

- Wat is die historiese agtergrond tot die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek en wat het die werksaamhede van die kommissie behels?
- Bestaan daar bewyse vir moontlike onreëlmatighede in wapen-aankooptransaksies en vervaardigingsaangeleenthede waarby die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging en die Suid-Afrikaanse Weermag in die laat 1950's en vroeë 1960's betrokke was?

---

90 A. van Wyk & J. Grobler. "The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963", *Historia*, 46, 1, May 2001, pp 109 - 133.

91 P. Holden, *The Arms Deal in your Pocket* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2008).

- Wat was die rol van wapenagente soos Hans Sieger en Leopold Schwartz in die sluiting van wapenaankooptransaksies met die Suid-Afrikaanse Weermag en Departement van Verdediging?
- Hoe doeltreffend was die Suid-Afrikaanse staat se aankoopproses met die sluiting van wapenaankoopstransaksies en die stigting van ŉ wapenvervaardigingsindustrie?
- In watter mate het die 1964 Cillié-kommissieverslag moontlike noodsaaklike onreëlmatighede in die wapenvervaardigings- en aankoopproses uitgewys of verhelder, en is die beeld van Suid-Afrika daardeur geaffekteer?
- Watter gevolgtrekkings kan gemaak word ten opsigte van die rol, bydrae en betekenis van die 1964 Cillié-kommissieverslag in Suid-Afrika se bewapeningsgeskiedenis en misdaadgeskiedenis?

### 1.6 Sentrale teoretiese stelling

Om die bovermelde punte op te som is ŉ sentraal teoretiese stelling van belang.

ŉ Noukeurige ondersoek na die werksaamhede van die 1964 Cillié-kommissie is nodig om lig te werp op beweerde onreëlmatighede in Suid-Afrika se verkryging van wapens en krygstuig gedurende die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare. Regter P.M. Cillié se kommissieverslag lewer die grondslag waarop die ondersoek van die studie gebaseer is.

Daaruit vloei die volgende stelling:

Die getuienis wat voor die 1964 Cillié-kommissie gelewer is, sal aandui op welke wyse die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging te werk gegaan het met die versterking van die land se militêre mag in ŉ polities onsekere tydperk. Die moontlikheid bestaan dat in regter P.M. Cillié se kommissieverslag die destydse

verantwoordelike staatstrukture met "noodsaaklike" onreëlmatighede verbind kan word, wat dalk uiteindelik as bedrog bestempel kan word.

### 1.7 Hoofstukindeling

Hierdie studie bestaan uit vyf hoofstukke. Insluitend met hierdie inleidende hoofstuk, sal die opvolgende hoofstukke ŉ uiteensetting van die Cillié-kommissie lewer. Dit sal ook die nodige insigte oor Suid-Afrika se wapentransaksies vanuit die laat 1950's en vroeë 1960's stelselmatig verduidelik. Hoofstukke 2 tot 5 se fokus is as volg:

Hoofstuk 2: ŉ Historiese relaas van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek oor beweerde onreëlmatighede

Hoofstuk 3: Die 1964 Cillié-kommissieverslag – omkopery en bedrog deur individue

Hoofstuk 4: Die 1964 Cillié-kommissieverslag – onreëlmatige met aankope.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking

### 1.8 Ten slotte

Die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek is ŉ gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse militêre, politieke en misdaadgeskiedenis wat bestudeer moet word. Sonder ŉ behoorlike begrip van die onreëlmatighede wat na bewering plaasgevind het, sal dit onmoontlik wees om ŉ volledige perspektief te hê oor geheime onderhandelinge vir wapens en krygstuig deur die Suid-Afrikaanse staat met wapenagente. Juis toe die VN ŉ nie-amptelike wapenverbod vir lidlande verklaar het, moes Suid-Afrika ŉ weg vind om die land se grense te kon beskerm en enige kommunisitiese magte te stuit. Om in daardie doel te slaag moes die Suid-Afrikaanse Weermag goed bewapen wees.

Dit kon alleenlik bereik word indien die Departement van Verdediging saam met die SAW gewerk het om die regte tenders te publiseer vir die nodige toerusting, ammunisie,

krygstuig en wapens wat die SAW nodig gehad het. Oor die tydperk van ses jaar het betrokke SAW-offisiere, staatsbeamptes en wapenagente hulself deur die tenders verryk deur middel van bedrog en omkopery. Dit het gelei tot ŉ kommissie van ondersoek wat moes dien as die amptelike ondersoek na die bewerings wat gemaak is. Dan eers kon die Verwoerd-regering besluit wie vervolg sou word indien dit nodig sou wees.

Die kommissie sou amptelik bekend staan as die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek. Dit was nie die eerste kommissie van ondersoek wat regter Cillié namens die Nasionale Party gelei het nie, en dit was ook nie die laaste een nie. Die volgende hoofstuk fokus op wat die gebeure was wat gelei het tot staatspresident Swart se besluit om die kommissie van ondersoek te stig. Swart het sekerlik goeie rede gehad om sy mede-Vrystater, Cillié, as die voorsitter aan te stel. Wat Swart wel wou gehad het, was ŉ stiptelike ondersoek van die bewerings deur ŉ wettige kommissie, beman deur ŉ amptelike ondersoekspan. Sy begeerte het gerealiseer op 3 April 1964.

## HOOFSTUK 2

# ’n Historiese relaas van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek oor beweerde onreëlmatighede

### 2.1 Inleiding

Generaal Magnus Malan skryf dat die Verenigde Nasies (VN) se 1963 wapenverbod in die lang termyn meer voordele vir Suid-Afrika ingehou het as nadele.[1] Van Vuuren onderskryf ook hierdie stelling, al is hy sinies oor hoe Suid-Afrika die vermoë bekom het om wapens en krygstuig te vervaardig.[2]

Malan maak die bykomende stelling dat die Nasionale Party (NP) geweet het dat die 1963 wapenverbod Suid-Afrika se verdediging ondoeltreffend sou maak indien daar nie ander middele gevind sou word om moderne wapens en krygstuig te verkry nie.[3] Teen die vroeë 1960's het Suid-Afrika twee opsies gehad om wapens en krygstuig te bekom: invoere of plaaslike vervaardiging.[4] Van Vuuren beskryf Suid-Afrika se plan met invoere en vervaardiging as volg:

---

1 M. Malan, *My life with the SA Defence Force* (Protea Book House, Pretoria, 2006), p 226.

2 H. van Vuuren, *Apartheid guns and money: A tale of profit* (Jacana, Auckland Park, 2017), p 14.

3 M. Malan, *My life with the SA Defence Force*, p 226.

4 C.M. Rogerson, “Defending Apartheid: Armscor and the Geography of Military Production in South Africa”, *GeoJournal A New South Africa – A New South African Geography?* 22, 3, November 1990, p 242.

> *It* [South Africa] *became an expert at smuggling technology and expertise into the country and, in some instances, improving on this, before churning out the same goods under other names in its own factories.*[5]

Van Vuuren se perspektief is te sinies en sy werk lewer geen insig in die uitdagings ten opsigte van bewapening wat die NP-regering, onder dr H.F. Verwoerd (1958-1966), ná die wapenverbod moes aandurf nie. Klare lewer 'n duideliker perspektief deur 'n kort bespreking oor die drie-punt-strategie wat die Verenigde State van Amerika (VSA) gevolg het om wapens en krygstuig aan Suid-Afrika te verkoop. Volgens Klare is daar tot die vroeë 1960's transaksies gesluit waarvolgens goedere aan Suid-Afrika verkoop is wat nie direk met die militêre benodighede van die SAW verbind kon word nie. Dit kon wees omdat die spesifieke goedere vir meer as een doel gebruik kon word.[6] Hierdie soort transaksies het bekend gestaan as die sogenaamde "Grey Area Sales".[7] Sekerlik het dit 'n direkte verband gehad met die plan wat die Kennedy-administrasie gemaak het om Suid-Afrika as 'n handelsgenoot te hou, terwyl die VSA steeds goeie verhoudinge met ander VN-lidlande, wat teen die NP se apartheidsbeleide gekant was, kon behou.[8]

Klare argumenteer verder dat wapens en krygstuig na Suid-Afrika ingevoer was deur onwettige korporatiewe verkope. Dit was verkoopstransaksies wat deur wapenagente en hul prinsipale direk met Suid-Afrika gesluit was, met blatante minagting van die VN se wapenverbod. Die risiko het berus op die moontlikheid dat 'n agent en sy prinsipaal

---

5 H. van Vuuren, *Apartheid Guns and Money. A tale of profit*, p 14.

6 G. Lamb, "Beyond 'shadow boxing' and 'lip service'. The enforcement of arms embargoes in Africa", *ISS Paper,* 2007, p 3. Beskibaar by: https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/Paper-135.pdf (Geraadpleeg: 01/10/2019).

7 M. Klare, "Evading the Embargo: Illicit U.S. Arms transfers to South Africa", *Journal of International Affairs*, 35, 1, 1981, p 18.

8 A. van Wyk & J.E.H. Grobler, "The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963", *Historia,* 46, 1, May 2001, p 113. Sien ook: M Klare, "Evading the Embargo: Illicit U.S. Arms transfers to South Africa", p 15.

uitgevang en gestraf kon word. Dit kon ook die land waarin die spesifieke prinsipaal geregistreer was in 'n moeilike diplomatieke posisie plaas. Klare argumenteer dat die VSA bewus was van sulke verkope.[9]

Die derde strategiese punt was die gelisensieerde vervaardiging van VSA-militêre goedere in die fabrieke van ontwikkelende lande. Die vervaardigde militêre goedere sou dan na Suid-Afrika uitgevoer word.[10] Die feit dat Suid-Afrika ernstig beplan het om wapens en krygstuig op eie bodem te vervaardig, ná 'n sistematiese vermindering van invoere,[11] sou elk van die drie punte hierbo, in enige strategie, later tot niet gemaak het. Tot dan sou Suid-Afrika, in die woorde van generaal Magnus Malan:

> *resort to 'unconventional' buying methods from time to time*

juis omdat Suid-Afrika steeds in die vroeë 1960's afhanklik was van die goedgesindheid van Westerse lande wat die VN se wapenverbod tydelik sou ignoreer.[12]

Die wapenverbod het wel nie die handelsbetrekkinge van wapenagente en hul prinsipale direk geïnhibeer nie. Binne-in die netwerk van wapenagente en prinsipale was daar ander stelle reëls, regulasies en etiek wat handelsbetrekkinge beïnvloed het. Feinstein onderskryf hierdie stelling as volg:

---

9 M. Klare, "Evading the Embargo: Illicit U.S. Arms transfers to South Africa", p 18.

10 M. Klare, "Evading the Embargo: Illicit U.S. Arms transfers to South Africa", p 18.

11 J-A. Stemmet, K. Stemmet & B. Senekal, "South Africa in the international arms trade network (ATN) during national party rule (1948-1994): a network analysis", *Journal of Contemporary History,* 40, 2, December 2015, p 54.

12 J-A. Stemmet, K. Stemmet & B. Senekal, "South Africa in the international arms trade network (ATN) during national party rule (1948-1994): a network analysis", p 53.

*Instead the trade in weapons is a parallel world of money, corruption, deceit and death. It operates according to its own rules, largely unscrutinized, bringing enormous benefits to the chosen few, and suffering and immiseration to millions.*[13]

Die internasionale netwerk van wapenagente en prinsipale het Suid-Afrika gedurende die vroeë 1960's as 'n moontlike kliënt gesien. Om verkope te bewerkstellig moes elke wapenagent die aandag en belangstelling van invloedryke Suid-Afrikaanse Weermag (SAW)-offisiere en Departement van Verdediging (DV)-beamptes verkry om 'n tender te bekom. Wapenagente soos Hans Sieger, Nikolaas van Nieuwenhuizen en Lionel Schwartz sou in die voetspore van Basil Zaharoff moes volg om die DV hul kliënt te maak. Andrew Sampson het Zaharoff soos volg beskryf:

*Zaharoff was a figure of historical importance, for he was not merely a master of salemanship and bribery, but an operator who understood the connections between arms and diplomacy…*[14]

Indien Feinstein en Sampson se beskrywings korrek is, sou dit beteken dat wapenagente bedrog en korrupsie sou pleeg om tenders van die DV te ontvang. Vanselfsprekend is bedrog en korrupsie ekonomiese misdade en die pleeg daarvan in enige handelsbetrekking onreëlmatig.[15] Wanneer bewyse nog gevind moes word, kan enige aanklagte oor moontlike bedrog en korrupsie as bewerings gesien word.

---

13 A. Feinstein, *The Shadow World Inside the Global Arms Trade* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2011), p xxii.

14 A. Sampson, *The Arms Bazaar* (Hodder and Stoughton, London, 1977), pp 51 - 52.

15 S.E. Brown, F. Esbensen & G. Geis, *Criminology: Explaining crime and its context*, 6th edition, (LexisNexis, New Jersey, 2007), p 503.

Dit was juis die rede waarom die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek gestig is. Beweerde onreëlmatighede was gebaseer op aanklagte van omkopery en bedrog, wat ondersoek moes word om te bepaal wie onwettig opgetree het met die toekenning van kontrakte vir wapens en krygstuig. Hierdie kontrakte was voor en ná die wapenverbod in 1963 gesluit en het bestaan uit ooreenkomste tussen die DV, vir die SAW, en wapenagente namens hul eie firmas en prinsipale.

Daar is ŉ historiese trajek van gebeure wat begin met die eerste omkopery tot met die verklaring van die kommissie van ondersoek in 1964. Die begin van hierdie trajek sluit in berigte in die media oor die beweringe van korrupsie in die DV en SAW, en minister Jim Fouché se reaksies daarop. Gou het die beweringe plek gekry in die debatte van die Volksraad en Senaat. Die beweringe moes verder ondersoek word en teen Maart 1964 het Fouché hulp van staatspresident C.R. Swart gekry toe laasgenoemde ŉ kommissie van ondersoek aangestel het.

Die verloop van die kommissie se werksverrigtinge en ŉ biografiese skets van die voorsitter, regter P.M. Cillié, sal aan die einde van hierdie hoofstuk bespreek word. Cillié se verslag oor hierdie kommissie het sorgvuldig aangedui watter beweringe waar was en wat die Suid-Afrikaanse regering moet doen om die situasie te beredder. Hierdie verslag se bevindinge vorm die inhoud van die opvolgende hoofstukke.

Die kommissie van ondersoek se sittings is *in camera* gehou as gevolg van die bepaling wat Cillié op die kommissie se eerste dag, 3 April 1964, gemaak het.[16] Dit het beteken dat die publiek en die media nie gedurende die kommissie se sittingsdae teenwoordig mog wees nie. Dit het natuurlik ŉ impak gehad op die bewusmaking van die beweerde

---

16 Universiteit van Johannesburg Biblioteek, Spesiale Boekversameling (hierna UJSB), Anoniem, "Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die Departement van Verdediging (DV)", 1964, 1, p 5.

onreëlmatighede en die hoeveelheid berigte wat oor die kommissie geplaas kon word. Reeds voor die kommissie se stigting was daar berigte geplaas oor onreëlmatighede met wapen- en krygstuig-aankope.

### 2.2 Beriggewing

*Die Burger* se hoofopskrif op Woensdag 31 Julie 1963 was: "Hoë offisiere in wapen-skandaal".[17] Die berig het kortliks aangedui dat generaal-majoor R.J. van der Berg saam met die ondersekretaris vir Verdediging, mnr. Vladimir Steyn, in België en in Brittanje was om gerugte oor bedrog met wapenaankope te ondersoek:

> *Agterdog dat 'n Pretoriase offisier met die rang van min of meer kommandant daarvan verdink word dat hy kommissie ontvang het op wapens wat Suid-Afrika koop...*

word as die rede verskaf waarom die ondersoek geloods is.[18] Verder het die koerantberig die vermoede gelaat dat wapenagente die Pretoriase offisier betaal het sodat hulle kontrakte sou kry ten koste van hul mededingers. Dit was gedoen met die kennis van hul hoofagente in die buiteland.[19] Hierdie berig het voor die verklaring van die VN se 1963 wapenverbod verskyn en enige verkope kan dus nie gesien word as 'n omseiling van die VN se proklamasies nie. Wat wel interessant is, is dat geheimsinnige transaksies vir wapen- en krygstuig-aankope reeds gevolg was. Die afleiding kan dan gemaak word dat Suid-Afrika toe reeds 'n wapenverbod verwag het – juis aangesien die VN reeds die vorige jaar die mosie vir 'n wapenverbod aanvaar het.[20] Generaal van den Berg en sy

---

17 Anon, "Hoë offisiere in wapen-skandaal", *Die Burger*, Woensdag 31 Julie 1963. p 1.

18 Anon, "Hoë offisiere in wapen-skandaal", *Die Burger*, Woensdag 31 Julie 1963. p 1.

19 Anon, "Hoë offisiere in wapen-skandaal", *Die Burger*, Woensdag 31 Julie 1963. p 1.

20 British Parliament House of Commands Hansard, 12 November 1962, https://api.parliament.uk/historic-hansard/commons/1962/nov/12/south-africa-apartheid (Geraadpleeg: 12/10/2019).

ondersoekspan het dadelik besef dat die oorspronklike geval van omkopery wat hulle moes ondersoek maar net ’n:

> *...deeltjie is van wat werklik gebeur het. Hulle glo dat hoër offisiere hierby betrokke is, baie hoër offisiere.*[21]

Hierdie eerste berig oor die beweerde onreëlmatighede het minimale verspreiding gehad. Volgens Cillié het die inligting die media bereik deur ’n buitelandse bron.[22] Die vermoede bestaan dat dit ’n Suid-Afrikaanse diplomatieke amptenaar by Suid-Afrika Huis, in Londen, was wat die inligting aan die *Die Burger*-koerant bekend gemaak het. Ook word daar verder vermoed dat die betrokke beampte dieselfde inligting aan Van den Berg en Steyn bekend gemaak het toe laasgenoemdes in Londen was vir hul ondersoek.[23] ’n Dag na die plasing van die berig in *Die Burger* het dit ook in Londen se *The Daily Mail* verskyn.

Sedert die eerste berig het die kwessie oor korrupsie met aankope vir die SAW tot ’n mate aandag geniet in die Suid-Afrikaanse pers. Die hoogtepunt is in September 1963 bereik toe daar berig was dat kommandant Barnie van der Merwe, sersant-majoor Julius Rencken en mnr. John Deacon aangekla is van omkopery. Berigte van hierdie hofsake was in die *Rand Daily Mail* gevind. Die *Rand Daily Mail* se Pretoriase korrespondent het genoem dat kommandant Barnie van der Merwe tydens ’n geslote hofsitting, wat een dag sou duur, sou verskyn.[24] Alhoewel dit nie bekend is wie versoek het vir Van der Merwe se hofsitting om *in camera* gehou te word nie, het regter Theron sy goedkeuring daarvoor

---

21 Anon, “Hoë offisiere in wapen-skandaal”, *Die Burger*, Woensdag 31 Julie 1963. p 1.

22 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, pp 228 - 229, paragraaf 478.44

23 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, pp 228 - 229, paragraaf 478.

24 Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek (hierna SANWA), Sekretaris van Verdediging (DC), 180, Lêer 17850/467 Anon, “Secret Arms Case: Verdict Monday”, *The Rand Daily Mail*, 18 September 1963.

gegee.[25] Van der Merwe se saak was nie die enigste een wat hanteer moes word nie. Die dag voor Van der Merwe se hofsaak is die sake van Rencken en Deacon vlugtig afgehandel.[26]

Al drie beskuldigdes is op borgtog vrygelaat. Van der Merwe moes die reusagtige bedrag van R10 000 betaal, terwyl Deacon R500 en Rencken R1000 moes betaal.[27] Benewens die *Rand Daily Mail* het ook die Afrikaanstalige *Die Transvaler* ŉ vertaalde weergawe van die *Rand Daily Mail*-berig geplaas.[28] Dit was duidelik moeilik vir die media om inligting oor Van der Merwe, Deacon en Rencken se hofsake te kry. Alhoewel die *Rand Daily Mail* die saak teen Van der Merwe as die "Arms Case" gedoop het, blyk daar net ŉ beperkte hoeveelheid beriggewings te wees wat die hofsake gedek het.[29]

ŉ Moontlike rede dat openbare belangstelling in die saak beperk was, kan toegeskryf word aan die vlugtige afhandeling van die hofsake. Minister Fouché se kommentaar oor die saak het wel bygedra tot die beëindiging van belangstelling in die saak.

In ŉ verdere spekulatiewe koerantartikel het die rubriekskrywer,Tantalus, in die *Sunday Express* aangevoer dat die storie oor die beweerde onreëlmatighede die interessantste brokkie nuus was wat uit die Afrikaanse dagblaaie gekom het.[30] Tantalus se artikel, wat ŉ maand voor kommandant van der Merwe se hofsaak verskyn het, het die minister van

---

25 SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Offisier summier verhoor: Pers en Publiek nie toegelaat nie", *Die Transvaler,* 18 September 1963.

26 SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Secret Arms Case: Verdict Monday", *The Rand Daily Mail*, 18 September 1963.

27 SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Secret Arms Case: Verdict Monday", *The Rand Daily Mail*, 18 September 1963.

28 SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Offisier summier verhoor: Pers en Publiek nie toegelaat nie", *Die Transvaler,* 18 September 1963.

29 SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Secret Arms Case: Verdict Monday", *The Rand Daily Mail*, 18 September 1963.

30 SANWA, DC180, Lêer 17850/467. Tantalus, "Scandal report poses intriguing questions", *Sunday Express,* 4 Augustus 1963.

Verdediging genoodsaak om kommentaar oor beweerde onreëlmatighede te lewer. Beide *Die Burger* en die *Rand Daily Mail* het Fouché se kommentaar gepubliseer:

> *Daar is beslis nie so iets soos grootskeepse korrupsie in die Republiek se Weermag nie ... Daar bestaan nie so iets nie, en as die gerugte wel waar is, sal dit nie kans gegee word om so ver te ontwikkel dat dit die land se verdediging skade kan aandoen nie.*[31]

Verder het Fouché dit beklemtoon dat net drie persone betrokke was by die beweerde omkopery[32] – en nie sy hele departement nie.

Die beperkte beriggewing was genoeg vir die toenmalige parlementêre opposisie, die Verenigde Party (VP), om die bewering na die parlement te neem. Ná die hofsake van September 1963 is Fouché gevra om vrae in die Volksraad en die Senaat oor die beweringe te beantwoord.

### 2.3 Die reaksie uit parlementêre geledere

Op die 12de Maart 1962 het Fouché die Senaat toegespreek. Hierdie toespraak was die eerste geleentheid vir Fouché om sy beleidsvoorstelle, as minister van Verdediging, bekend te maak. Fouché het geweet dat die SAW gemoderniseer moet word maar, in vergelyking met sy voorganger, was hy oortuig dat dit deur die plaaslike vervaardiging van wapens en krygstuig gedoen moes word. Invoere van Westerse lande moes in die kort termyn verminder word totdat Suid-Afrika ten volle onafhanklik was.[33]

---

31 SANWA, DC180, Lêer 17850/467. Anon, "Net 3 het aandeel in Weermag se korrupsie", *Die Transvaler,* 8 Augustus 1963.

32 SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Korrupsie in Weermag beperk", *Die Burger,* 8 Augustus 1963.

33 RSA Hansard, *1962 Senaat Debatte,* 19 Januarie tot 23 Junie 1962, pp 1937 - 1347. Sien ook W.A. Terrill, "South African Arms Sales and the Strenghtening of Apartheid", *Africa Today*, 31, 2, 1984, p 5.

Fouché moes die Senaat oorreed om sy beleidsvoorstelle goed te keur. Met ʼn lys van statistieke oor Suid-Afrikaans vervaardigde krygstuig, wapens en toerusting gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het Fouché se begeerte vir plaaslike vervaardiging geen teenkanting van die VP gekry nie. Ten opsigte van ʼn begroting vir sy beplande aankope en ontwikkeling van ʼn plaaslike vervaardigingsbedryf het hy die nodige steun van die senatore ten volle geniet.[34] Volgens ʼn berig in *Die Burger* noem Fouché dit self:

> *My begroting het geen teenkanting ontvang nie omdat almal besef dat hierdie uitgawes noodsaaklik is...*[35]

Kritiek ten opsigte van sy 12 Maart 1962 toespraak was meer gefokus op mannekrag en diplomatieke kwessies ten opsigte van verdediging. Senator C.C. Henderson, ʼn senator van Natal, het juis die volgende gesê as weerlegging tot Fouché se toespraak:

> *Almal van ons verwelkom en ondersteun die pogings wat aangewend word, en wat aangewend sal word, om ons binnelandse verdediging te versterk ...asook al die pogings, hoe beperk dit ook al mag wees, om verdediging teen aggressie van buite tot stand te bring.*[36]

Dit is moeilik om te glo dat die amptelike opposisie in die Senaat en die Volksraad enige besware sou gehad het met die versterking van die SAW. Maak nie saak of dit deur aankope of selfvervaardigde wapens en krygstuig was nie. Fouché se ambisies met die SAW se modernisering sou die steun kry wat dit verdien, mits dit reëlmatig gedoen was.

---

[34] RSA Hansard, *1962 Senaat Debatte*, 19 Januarie tot 23 Junie 1962, p 1938.

[35] SANWA, DC180, Lêer 17850/467 Anon, "Net 3 het aandeel in Weermag se korrupsie", *Die Transvaler,* 8 Augustus 1963.

[36] RSA Hansard, *1962 Senaat Debatte*, 19 Januarie tot 23 Junie 1962, p 1348.

ʼn Jaar later lewer Fouché weer ʼn toespraak voor die Senaat waarin hy kortliks verduidelik het watter aankope reeds gemaak is.[37] Die Maart 1963 toespraak het kort geskiet aan die dramatiese effek wat sy Maart 1962 toespraak gelewer het. Dit sou wel verander na die Julie 1963 koerantberigte oor korrupsie in die DV en die September 1963 hofsake.

Teenoor die publiek moes Fouché ná September 1963 sy departement met erns verdedig. Veral sy toespraak by ʼn geleentheid wat deur die Vereniging van Kamers van Koophandel op 14 Oktober 1963 te Durban gehou is, bewys hierdie stelling. Fouché het die volgende gesê:

> *What happens to the money paid in by the taxpayer and which is used for defence purposes? Does it dissappear into a bottomless pit? ... I would say that we should not allow ourselves to be bemused by such incomplete theories about indirect military costs, that we run undue risks with our national security. Our people should recognise the fact that defence programmes produce some considerable indirect gains for the country as a whole.*[38]

Hierdie toespraak deur Fouché is ʼn maand na die September 1963 hofsake gemaak. Dit blyk dat hy op die agtervoet was maar ook dat hy die nyweraars wat teenwoordig was wou oortuig om ook deel te wees van die proses om winste uit wapenvervaardiging te maak. Fouché het wel met bovermelde toespraak by sy standpunte van Augustus 1963 gebly en gehoop dat sy planne vir plaaslike vervaardiging van wapens en krygstuig die ondersteuning sou geniet waarop hy gehoop het.

---

[37] RSA Hansard, *1963 Senaat Debatte*, 18 Januarie tot 28 Junie 1963, p 1869.

[38] Universiteit van die Vrystaat, Argief van Eietydse aangeleenthede, JJ Fouché Versameling, Toespraak aan die Vereniging van Kamers van Koophandel, 14 Oktober 1963. PV467.

Teen Februarie 1964 was die September 1963 hofsake reeds ou nuus, maar was steeds deur oud-Brigadier H.J. Bronkhorst (VP) gebruik om Fouché uit te daag. Bronkhorst was die Volksraadslid vir Noord-oos Rand en ŉ lugmag-veteraan van die Tweede Wêreldoorlog.[39] Dit is maklik om te verstaan dat verdedigingsake ŉ prioriteit vir Bronkhorst was en met sy ervaring kon hy met Fouché, wat nie enige militêre opleiding voltooi het nie, oor verdedigingsake debatteer.

Die September 1963 hofsake was volgens Bronkhorst nie die finale woord oor beweerde onreëlmatighede in die DV nie. Op 5 Februarie 1964 het hy die volgende in die Volksraad gesê:

> *Let me say at the outset that there are far too many rumours going around and that far too much suspicion is being cast upon honourable officers and officials in this connection. When matters of this kind are raised it is of no avail to try to hide them behind a veil of secrecy.*[40]

Die argument kan gemaak word dat die ligte vonnis wat kommandant Barnie van der Merwe vir sy omkopery ontvang het, bygedra het tot Bronkhorst se stelling. Barnie van der Merwe het ŉ vonnis van R1 000 as boete en opgeskorte tronkstraf van 3 jaar gekry.[41]

Dit blyk die geval te wees want Bronkhorst het die volgende aan die Volksraad gesê:

---

39 I. Uys, *South African Military Who's Who 1452-1992* (Fortress Publishers, Cape Town, 1992), p 25.

40 RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, p 813.

41 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 14, paragraaf 28.

> *We had the case of Commandant van der Merwe and two others who were accused with him. This case came before the court and the court imposed a compartively light sentence when one bears in mind the seriousness of the rumours.*[42]

Teen 5 Februarie 1964 het die VP steeds net beweringe gehad en geen bewyse nie. Ironies sê Bronkhorst die volgende:

> *What I am trying to say is that I think the seriousness of that case was very much exaggerated before it came before the court...*[43]

Dit is ironies omdat juis die beperkte beriggewing oor die beweringe en die September 1963 hofsake min bewusmaking oor die beweerde bedrog en omkopery geskep het. Bronkhorst se beklemtoning van die beweringe in die Volksraad, sy kennis van offisiere en hul gades wat voordeel uit aankope getrek, en ook sy beswaar van 'n *in camera* hofsitting is die hoogste vlak van oordrywing wat teen Februarie 1964 ervaar is. Dit het wel die DV onder verdenking geplaas.[44]

Fouché se reaksie op Bronkhorst se stelling was:

> *Is the honourable member alleging that the Department of Defence kept something secret?*[45]

---

[42] RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, p 814.

[43] RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, p 814.

[44] RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, p 814.

[45] RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, p 814.

Bronkhorst het nee geantwoord. Hy het wel die punt benadruk dat die September 1963 hofsake onnodiglik *in camera* gehou was en aanleiding gegee het tot die verspreiding van beweringe.

Hy het gehoop dat as die relevante sake weer ondersoek sou word, die pers en die publiek teenwoordig mag wees.[46]

Bronkhorst se hoofargument was dat onnodige beweringe voor en na die September 1963 hofsake geskep en versprei was wat deur ŉ publieke hofsaak maklik gestuit sou kon word. Die geheimsinnigheid van die hofsake se verrigtinge het nie Fouché of sy departement in ŉ goeie lig gestel nie. Indien Van der Merwe se hofsaak nie *in camera* gehou was nie, sou Fouché geen behoefte gehad het om enige van die beweringe verder te bespreek nie. Fouché moes ŉ manier vind om die beweringe van omkopery en bedrog finaal te stuit. Staatspresident C.R. Swart het ŉ oplossing vir Fouché gehad.

**2.4 Staatspresident Swart help minister Fouché**

Die verspreiding van beweringe oor bedrog in die DV, die hofsake van September 1963 en Bronkhorst se uitgesprokenheid het onder staatspresident Swart se aandag gekom. ŉ Oplossing was om verdere ondersoeke oor die beweringe te loods deur middel van ŉ kommissie van ondersoek wat deur die staat befonds sou word. Dit is nie duidelik uit die beskikbare bronne wanneer daar besluit was om ŉ een-man-kommissie te verklaar nie. Dit moes teen Maart 1964 gewees het en voordat die kommissie kon sit, moes ŉ voorsitter aangestel word. Dit was staatspresident Swart se voorreg as staatshoof om dié aanstelling vir die beplande een-man-kommissie te maak. Hy het op regter Pieter Malan (P.M.) Cillié besluit.

---

[46] RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, pp 845 - 815.

Die redes wat staatspresident Swart oortuig het om Cillié aan te stel, berus tans op spekulasie, maar Cillié se verbintenisse met die Nasionale Party sedert sy studentejare het genoeg rede aan staatspresident Swart gegee. Die aanstelling was teen 24 Maart 1964 afgehandel, met die eerste sitting wat vir die 3de April van dieselfde jaar beplan is.[47]

Dit is belangrik om kennis te neem van Cillié se lewensverhaal.

**2.5 Beknopte biografie van regter P.M. Cillié (1915-1996)**

Petrus Malan (P.M.) Cillié is op 20 Augustus 1915 gebore in Brandfort, Oranje-Vrystaat.[48] Hy het sy kinderjare in Johannesburg deurgebring. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg. Hy skryf in vir ŉ BA-graad in Regte by die Universiteit van die Witwatersrand (WITS) in 1932.[49] Cillié was bekend vir sy Afrikaner-nasionalistiese sentimente en het saam met Rocco Knobel, latere hoofdirekteur van die Nasionale Parkeraad, die eerste tak van die Nasionale Party op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand gestig.[50]

Teen 1938 het Cillié ook sy meestersgraad in die Regte aan Cambridge Universiteit voltooi. Hy het sy Tripos-eksamen geslaag met ŉ tweedeklas-gemiddeld.[51] Koerant-artikels na sy dood dui aan dat hy reeds in 1938 by die Johannesburgse balie aanvaar is.[52] Met sy terugkoms het Cillié nie dadelik sake in die Transvaalse howe verdedig nie.

---

47 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 1.

48 Anon, *Who's who in Southern Africa* (Wooton & Gibson, Johannesburg, 1962), p 203.

49 Anon, "Ex Judge-President dies in hospital", *The Citizen,* 21 October 1996, p 4.

50 L. Venter, "Regter Piet Cilliers sterf ná siekte", *Beeld*, 21 Oktober 1996, p 4.

51 Trinity College Library and Archive, *Tripos-exam Yearbook,* 1938, p 238.

52 L. Venter, "Regter Piet Cilliers sterf ná siekte", *Beeld*, 21 Oktober 1996, p 4.

Hy het vir ŉ tyd lank as uitsaaier by die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) gewerk, nadat hy ervaring by die SAUK se Britse eweknie verwerf het.[53]



**Illustrasie 1:** Petrus Malan Cillié[54]

Hy het eers in 1942 as ŉ advokaat begin praktiseer.[55] In dieselfde jaar was hy deel van die regspan wat Robey Leibbrandt in die hof verdedig het.[56] Cillié is in 1955 as regter aangestel.[57] Sy aanstelling as ŉ regter het nie die goedkeuring van al sy tydgenote weggedra nie. Die rede hiervoor word deur sy kollega, regter Cecil Margo as volg verduidelik:

---

53 WITS University Archive, Personel-collection: P.M. Cillié-file. Anon, "Justice Cillié Judge President", *The Star*, 23 January 1969.

54 University of the Witwatersrand (herewith WITS) University Archive, Personel-collection: P.M. Cillié-file. Anon, "Justice Cillié Judge President", *The Star*, 23 January 1969.

55 L. Venter, "Regter Piet Cilliers sterf ná siekte", *Beeld,* 21 Oktober 1996, p 4.

56 WITS University Archive, Personel-collection: P.M. Cillié-file I. Goodman, "Brilliant career leads to top", *Rand Daily Mail,* 1 February 1969.

57 L. Venter, "Regter Piet Cilliers sterf ná siekte", *Beeld*, 21 Oktober 1996, p 4.

*He had hardly been practising as Queens Counsel for a week when he was appointed a judge.*[58]

Sy aanstelling is gesien as ŉ politieke aanstelling. Cillié se kritici het hom as onervare beskou. Die Engelse Pers het hom ook so uitgebeeld.[59] Die Nasionale Party het vertrou dat hulle op Cillié kon steun veral wanneer hulle ŉ kommissie van ondersoek oor ŉ nasionale kwessie van stapel moes stuur. Sy loopbaan as voorsitter van kommissies van ondersoek het in 1956 begin. Die fokus van sy 1956 ondersoek was oor die stand van hospitale in die Transvaalse provinsie.[60] Hy sou daarna deel wees van kommissies wat sou handel oor grens-afbakeningskwessies in 1957, 1965 en 1980.[61] Die 1976 kommissie van ondersoek van die Soweto-opstande sou hom in die kollig plaas.[62] Selfs ná sy aftrede is hy gevra om die 1990 kommissie van ondersoek te lei na die hoë baba-sterftesyfer in Ga-Rankuwa se hospitale.[63]

Benewens sy betrokkenheid by kommissies van ondersoek het Cillié ook verhore hanteer. Op 10 Maart 1969 volg hy regter Quartus de Wet op as die hoofregter in die Transvaalse afdeling van die Hooggeregshof.[64] Dit het beteken dat Cillié ernstige sake sou aanhoor. Een van die sake waar hy die regter was, het in 1975 gebeur toe hy die

---

58 Anon, "Ex Judge-President dies in hospital", *The Citizen,* 21 October 1996, p 4.

59 Anon, "Ex Judge-President dies in hospital", *The Citizen,* 21 October 1996 p 4.

60 P.M. Cillié, *Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Hospitaalaangeleenthede in Transvaal* (Staatsdrukker, Pretoria, 1956).

61 Anon, "Former Supreme Court judge Cillié dies", *The Star,* 21 October 1996, p 3.

62 Anon, "Ex Judge-President dies in hospital", *The Citizen,* 21 October 1996, p 4.

63 L. Venter, "Regter Piet Cilliers sterf ná siekte", *Beeld,* 21 Oktober 1996, p 4.

64 WITS University Archive, Personel-collection: P.M. Cillié-file .Anon, "Justice Cillié Judge President", *The Star*, 23 January 1969. Sien ook Nasionale Argiefbewaarplek, Suid-Afrikaanse Staatsargief, URU, Volume 5628, Aanstelling van sy Edele regter P.M. Cillié as regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, 29 Januarie 1969.

Afrikaanse digter, Breyten Breytenbach, se saak moes verhoor. Breytenbach is skuldig bevind op grond van die bepalings van die Wet op Terrorisme van 1967. Cillié het die digter vir nege jaar tronk toe gestuur.[65]

Cillié het ook uitspraak gelewer oor Gonville Aubie ffrench-Beytagh, dekaan van die Anglikaanse kerk in Johannesburg, wat aangekla was van bystand wat hy aan die ANC gelewer het. Sake teen die pers is ook deur Cillié behartig. Hy word veral onthou vir die opspraakwekkende saak teen die *Rand Daily Mail* se redakteur, Lawrence Gandar, en senior verslaggewer, Benjamin Pogrund, oor valse publikasies oor die stand van Suid-Afrikaanse tronke.[66]

Alhoewel Cillié se werkslading as regter en gereelde kommissievoorsitter hoog was, het hy ook in ander ampte gedien. Hy was vanaf 1959 tot 1973 aangestel as die staatspresident se verkose kandidaat op die raad van die Universiteit van die Witwatersrand.[67] Hy was ook ŉ lid van die regsfakulteit by WITS.[68] Gedurende dieselfde tydperk, tot voor sy dood in 1996, het hy gedien op die Transvaalse Rugby Voetbal Unie (TRVU) se tugkomitee. Na die bovermelde 1990 kommissie van ondersoek het Cillié sy laaste jare deurgebring in ŉ huis vir bejaardes in Blairgowrie, Randburg. Daar is hy op die ouderdom van 81 jaar op die 20ste Oktober 1996 oorlede.[69] Soos in Hoofstuk 1

---

65 Anon, "Former Supreme Court judge Cillié dies", *The Star,* 21 October 1996, p 3.

66 Anon, "Former Supreme Court judge Cillié dies", *The Star,* 21 October 1996, p 3.

67 WITS University Archive, Personel-collection: P.M. Cillié-file. Anon, "Council, Senate, Faculty and Administration News", *University of the Witwatersrand Gazette,* April 1973, p 25.

68 WITS University Archive, Personel-collection: P.M. Cillié-file. Anon, "New judge president", *Digest,* 7 February 1969.

69 L. Venter, "Regter Piet Cilliers sterf ná siekte", *Beeld*, 21 Oktober 1996, p 4.

gemeld, is die 24 volumes van die 1964 kommissie van ondersoek ná sy dood aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit geskenk.

Teen 1964 was Cillié reeds 32 jaar lank 'n lid van die Nasionale Party. Sekerlik is dit regverdig om kennis te neem dat hy in daardie 32 jaar goed bevriend geraak het met Nasionale Party-politici en veral met staatspresident Swart. Dit was juis gedurende Swart se ampstermyn as minister van Justisie dat Cillié sy aanstelling as regter kon kry. Ook het Cillié homself reeds as 'n kommissievoorsitter bewys. Sy aanstelling was daarom nie vreemd nie.

Met aanvaarding van die aanstelling was die res van 1964 vir Cillié beplan. Sekerlik was dit die plan dat die kommissie van ondersoek aan die NP die nodige bewyse sou lewer om aan die amptelike opposisie te wys dat die bewerings aandag kry. Ook sou die kommissieverslag Fouché help met inligting in enige beskuldiging oor bedrog in sy departement. Die kommissie sou wel, sekerlik tot die ontevredenheid van Bronkhorst, ook *in camera* gehou word.

**2.6 Die verloop van die 1964 Cillié-kommissie van Ondersoek (April-Oktober 1964)**

Op die 24ste Maart 1964 het staatspresident Swart aan Cillié die volgende amptelike opdrag gegee:

*Om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor beweerde onreëlmatighede en aantygings van korrupsie in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging met betrekking tot die aankoop van krygstuig.*[70]

Die magtiging en benoeming vir die kommissie van ondersoek is op 3 April 1964 aan die publiek bekend gemaak deur middel van ’n kennisgewing in die Staatskoerant.[71] Dit was die voorsitter van die kommissie se voorreg om te besluit of die kommissie van ondersoek *in camera* gehou sou word al dan nie. Cillié het besluit om sy kommissie-sittings agter geslote deure te hou. Hy was geregtig op hierdie besluit soos wat artikel 4 van die 1947 Kommissiewet bepaal het.[72] Die kommissie-sittings was in die oud-Sinagoge in Pretoria gehou.[73]

---

70 UJSB, Anoniem, “Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”*, 1964, 1, p 1.


71 Staatskoerant, Proklamasie No. 78: Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en Departement van Verdediging, 3 April 1964, p 9. Sien ook UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 1.

72 1947 Kommissiewet, No. 8 van 1947, Artikel 4. Verkry van: http://www.justice.gov.za/salrc/docs_gen/-1947_08_Commissions%20Act.pdf (Geraadpleeg: 01/03/2016).

73 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 3, paragraaf 3.



**Illustrasie 2:** Die oud-Sinagoge in Pretoria (circa 2019)[74]



**Illustrasie 3:** Die binnekant van die oud-Sinagoge in Pretoria (circa 2019)[75]

74 Coetzee persoonlike argief, Oud-Sinagoge in Pretoria, 2019-03-02.

75 A. Proust & S. Swart, *Hidden Pretoria* (Struik Lifestyle, Cape Town, 2019), p 77.

Voordat die kommissie moes begin, was dit nodig vir Cillié om met betrokke individue te konsulteer. In die besonder het hy gekonsulteer met John Vorster, die minister van Justisie, met Fouché, met senior polisie-offisiere en die prokureur-generaal van die Transvaal.[76] Dit is ongelukkig nie bekend wat gedurende hierdie konsultasies tussen die betrokke individue gesê is nie. Dit is maklik om te glo dat veral Vorster en Fouché Cillié op datum gebring het met die September 1963 hofsake en die beweringe. Cillié verduidelik in sy verslag dat hy tydens die kommissie se werksaamhede ingelig was dat die strafverhore van beskuldigde amptenare van die DV nog hangende was. Inligting moes wel van die Suid-Afrikaanse Polisie bekom word, al was dit steeds deel van die einste strafverhore. Die polisie kon net help met inligting van strafverhore wat reeds afgehandel was.[77]

Alhoewel Cillié die enigste voorsitter was, het hy nie al die werk ten opsigte van die administrasie en korrespondensie van die kommissie behartig nie. Hy het offisiere van die Suid-Afrikaanse Polisie gehad om hom te help. Brigadier D.A. Bester was verantwoordelik om die kommissie van ondersoek te help met die insameling van getuies en die dokumentasie oor al die klagtes en beweringe. Hy is ook in sy take bygestaan deur luitenant-kolonel A.P. Burger en luitenant-kolonel N.J.F. Grobler. Indien nodig het die kommissie ander polisiedeskundiges sonder versuim ingeroep. Die diens van speurder-sersant G.L. Roets word spesifiek in die verslag vermeld. Cillié was van mening dat die

---

76 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 2, paragraaf 1.

77 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 3, paragraaf 2.

polisie-offisiere hul ondersoeke deeglik gedoen het omdat alle getuienis behoorlik ontleed, ondersoek en geliasseer was om dit voor die kommissie te lê.[78]

Mnr. C.N. van der Walt het gedien as die regsverteenwoordiger vir die staat. Hy was ook die senior staatsaanklaar van Johannesburg.[79] Advokate H. Moll en J.J. Strydom het onderskeidelik namens die Departement van Verdediging en die Suid-Afrikaanse Weermag opgetree.[80]

Die take wat die personeel vir Cillié en sy kommissie van ondersoek uitgevoer het, was nie altyd maklik nie. Fouché moes by geleentheid ŉ ander komitee se werk oor aankope en wapenagente staak, totdat die Cillié-kommissie se werk klaar was.[81] Cillié noem ook dat daar wrywing was tussen die SAP en die SAW oor die bevindinge en beredenering van die weermag en die polisie se ondersoeke. Hieroor het Cillié die volgende in sy verslag genotuleer:

> *Dit mag hopelik geskied dat die ondersoek en die verslag sekere misverstande uit die weg ruim, sodat ŉ gesonder verhouding tussen die twee belangrike organisasies wat die Republiek binnelands en buitelands moet beveilig, tot stand kom.*[82]

---

78 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 3 - 4, paragraaf 4.

79 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 4, paragraaf 5.

80 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 4, paragraaf 6.

81 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 8 - 9, paragraaf 15.

82 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 9, paragraaf 17.

Laastens moes luitenant-kolonel Grobler probeer om al die nodige dokumentasie vir elke kontrak wat gesluit was te bekom. In die geval van die Hans Sieger-saak was dit nie moontlik om al die dokumentasie in die hande te kry nie.[83]

### 2.7 Ten slotte

Van April tot Oktober 1964 het Cillié die getuienis van 82 persone aangehoor. Die lys van getuies het SAW-offisiere, DV-beamptes en wapenagente ingesluit. In die 60 sittingsdae sou hy ook 665 bewysstukke bestudeer en die inhoud van 50 onderhoude ontvang.[84] Deur hierdie kommissie het Cillié ŉ tydelike perspektief gekry oor hoe wapenagente hulself in die Departement van Verdediging laat geld het.

Gou het hy besef dat die beweringe van onreëlmatighede wat in die media en in die Volksraad bespreek is, nie ongegrond was nie. Oor die verloop van 1964 was hy een van die min mense teenwoordig wat die gesigsuitdrukkings van elke getuie kon sien, elke vraag van die vermelde advokate kon aanhoor en elke dokument kon bestudeer wat ŉ verdagte se skuld of onskuld kon bewys.

Teen die einde van Oktober 1964 was al die sessies van die kommissie van ondersoek afgehandel. Cillié het minder as twee maande geneem om sy bevindinge in ŉ verslag vas te pen. Sy finale verslag het uit 10 hoofstukke bestaan. Die eerste hoofstuk bespreek die historiese agtergrond van die kommissie en wat bygedra het tot die stigting van die kommissie in 1964.[85] Die res het op beskuldigde individue en maatskappye, foutiewe kontrakte en kwessies met die aankoopproses en bestaande beleide gefokus.

---

83 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 11, paragrawe 18 - 21.

84 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 3, paragraaf 3.

85 UJSB, Anoniem, "Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 1, p 1.

Cillié se benadering was om die moontlike betrokkenheid van spesifieke individue in die beweerde onreëlmatighede te bepaal. Hier het die September 1963 hofsake die regter gelei. Bykomend het hy gekyk na die beweringe wat die wapenagent Lionel Schwartz gemaak het en wat veral die VP se aandag getrek het. Die ander wapenagent, Hans Sieger, en die rede vir sy ontvlugting sou ook bydra tot Cillié se redes om juis individue te beskuldig vir die beweerde onreëlmatighede.

Cillié het die motief vir die beweerde omkopery en bedrog verstaan. Die geldgierigheid en selfverryking van wapenagente en spesifieke offisiere en DV-beamptes het aan Cillié gewys dat die staat se aankoopproses en -beleide nie enige onreëlmatigheid sou kon stop nie. Boonop was die inhoud van spesifieke kontrakte verdag. Cillié moes wel die slaggate in die aankoopproses en -beleide vind, maar eers nadat hy sy slagordes opgetrek het vir die individue wat hulself, en ander betrokkenes, uit staatskontrakte verryk het. Sy eerste verdagte was kommandant Barnie van Merwe wat homself oor 'n tydperk van ses jaar deur omkoopgeld verryk het.

## HOOFSTUK 3

# Die 1964 Cillié-kommissieverslag: Omkopery en bedrog deur individue

### 3.1 Inleiding

Die begrotingsdebat vir 1961 is op 14 April in die Volksraad gehou en dr. H.F. Verwoerd moes as eerste minister die debat begin. Ten opsigte van verdediging het die eerste minister verduidelik dat hy nie al die besonderhede wou bekend maak oor wat sy regering sou aankoop om die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) te moderniseer nie. Hy was wel ten gunste van plaaslike vervaardiging.[1] Hy het bygelas dat kapitaal uit staatsfondse nodig sou wees. Die verdediging van Suid-Afrika was vir hom 'n ernstige saak en, het hy bygevoeg:

> *Ons sal nie skroom om die Parlement te vra vir die nodige geldelike toekennings soos dit van tyd tot tyd nodig mag wees vir die behoorlike beveiliging van ons vaderland nie.*[2]

Gedurende sy tydperk as eerste minister sou die Departement van Verdediging (DV) 439 transaksies vir die aankoop van wapens en krygstuig sluit.[3] Nie al die kontrakte wat toegeken is en die betalings wat gemaak is, het reëlmatig verloop nie. Uit SAW-geledere en die amptenary was daar sake van omkopery wat nie ongesiens verby gegaan het nie. Dit was juis wapenagente wat die owerhede in kennis gestel het van misdadige gedrag

---

1 A.N. Pelzer (red.), *Verwoerd aan die woord: Toesprake 1948-1962* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963), pp 544 - 545.

2 A.N. Pelzer (red*.), Verwoerd aan die woord: Toesprake 1948-1962*, pp 544 - 545.

3 J-A. Stemmet, K. Stemmet & B. Senekal, "South Africa in the international arms trade network (ATN) during National Party rule (1948-1994): a network analysis", *Journal of Contemporary History,* 40, 2, December 2015, p 59.

deur SAW-offisiere en -beamptes. Die eerste minister sou beslis nie van die omkopery deur individue voor Junie 1963 kon weet nie. Alhoewel hy as regeringshoof nie kon voorsien dat spesifieke individue in die SAW en DV finansiële misdade sou pleeg nie, moes hy en die res van die Nasionale Party wel kennis neem van die spesifieke individue wat hulself aan omkopery en bedrog skuldig gemaak het. Hierdie individue is deur regter Cillié in sy verslag uitgesonder.

Die hofsake van September 1963 het genoeg inligting aan Cillié verskaf om die korrupte dade deur kommandant Barnie van der Merwe as die vertekpunt van sy kommissie se ondersoeke te maak. Kontrakte wat gesluit is met die wapenagent Hans Sieger het verdere bewyse van bedrog gelewer. Alhoewel hy deur Cillié as ŉ leuenaar uitgekryt was, het die beweringe van Lionel Schwartz verdere aanduidings gegee. Hierdie drie individue sou die las moes dra as die beskuldiges in die beweerde onreëlmatighede met aankope vir wapens en krygstuig.

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk is om Cillié se gevolgtrekkinge oor twee van die vermelde beskuldigdes te analiseer. Beide Van der Merwe en Sieger het hulself skuldig gemaak aan besigheidsbedrog met die staat se aankoop van wapens en krygstuig. Cillié het nie die betrokkenheid van ander wapenagente, DV-beamptes en SAW-offisiere geïgnoreer nie. Dit is derhalwe nodig om Cillié se redes vir die uitsondering van hierdie twee beskuldigdes te bepaal. Tans is min bekend rakende die betrokke persone en hul vennote wat in hierdie hoofstuk bespreek word. Daarom word gesteun op die inligting wat uit Cillié se verslag kom om hul onreëlmatighede kortliks te verduidelik.

### 3.2 Kommandant Barnie van der Merwe se beweerde onreëlmatighede

As gevolg van sy vonnis het kommandant Barnie van der Merwe, na 29 jaar diens, die SAW in September 1963 verlaat.[4] Van der Merwe het onder die leërstafhoof geressorteer en was verantwoordelik vir die aankoop van tegniese apparatuur. Dit het beteken dat hy gereeld met verskaffers, insluitende wapenagente, moes skakel. Dit blyk dat hy ook betrokke was by die toekenning van tenders.[5]


Van der Merwe het sedert 1957 begin om verskaffers en wapenagente te oorreed om aan hom bedrae geld te betaal vir suksesvolle tenderaanbiedings. Dit sou sy *modus operandi* wees tot Junie 1963, aldus Cillié.[6] 'n Lys van spesifieke sake wat Van der Merwe se misdaadpatroon sal bewys, volg hieronder. Soos uit die kommissieverslag verkry, sluit dit die volgende sake in: intimidasie en omkopery van mnr. Louis Ossip; omkopery van mnre. Jaboulay en Yale; omkopery van mnr. Johann Bernard Litscher; en pogings tot omkopery van mnr. Rudolph Kubler. Laastens word die bydrae van die wapenagent Nikolaas van Nieuwenhuizen tot die inhegtenisneming van Barnie van der Merwe ook kortliks bespreek. Uit hierdie sake het Cillié genoeg bewyse gekry om die blaam op Van der Merwe te plaas vir onreëlmatighede met tendertoekennings deur die SAW.

---

4 Universiteit van Johannesburg Biblioteek, Spesiale Boekversameling (hierna UJSB), P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die Departement van Verdediging (DV)*",* 1964, 24, p 12, paragraaf 24.

5 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 12, paragraaf 25.

6 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 23, paragrawe 48, 50.



**Illustrasie 4:** Kommandant Barnie van der Merwe[7]

### 3.2.1 Intimidasie en omkopery van mnr. Louis Ossip

Louis Ossip was die eienaar van die maatskappy General Spares and Accessories (Wholesalers) Pty. Ltd. In 1957 het hy ŉ tender ingedien waarvan die bedragwaarde nie bekend is nie, vir die verskaffing van tenkonderdele aan die SAW. ŉ Week nadat die tender geplaas is, het Ossip ŉ besoek van Barnie van der Merwe gekry, met Ossip se tender in sy besit. Van der Merwe het Ossip verkeerdelik laat verstaan dat hy wel die tender aan Ossip se maatskappy sal toeken indien hy, Van der Merwe, verseker kan wees van 5% kommissie. Indien Ossip nie wou saamwerk nie sou hy (Van der Merwe) enige goedere wegwys wat Ossip se maatskappy aflewer.[8]

---

7 Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagmag Argiefbewaarplek (hierna SANW-Argief), Sekretaris van Verdediging (DC), 180, Lêer 17850/467 Anon, "Fouché denies Defence reports", *Rand Daily Mail,* 8 Augustus 1963.

8 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 23, paragraaf 50.

Paniekerig het Ossip £2 500 aan Van der Merwe betaal. Binne ŉ week het Ossip die kontrak van ŉ suksesvolle tender vir tenkonderdele in sy hand gehad. Ossip sou oor ŉ tydperk van ses jaar verdere bedrae aan van der Merwe oorbetaal. Cillié het gereken dat Van der Merwe meer as R20 000 van Ossip ontvang het. Ossip was reeds ontnugter toe hy in 1963 agtergekom het dat sy tenders die enigste was wat die SAW ten opsigte van onderdele vir die SAW se tenks, ontvang het. Daar was dus geen mededinging nie. Ossip het toe dadelik sy betalings aan Van der Merwe gestaak.[9]

### 3.2.2 Omkopery van menere Henry Victor Jaboulay en Nicholas Yale

Henry Victor Jaboulay en sy vennoot, Nicholas Yale, was agente vir ŉ enkele prinsipaal wat krygstuig aan die SAW wou verkoop. Van der Merwe het beide Jaboulay en Yale ontmoet, en het aan Jaboulay ŉ strokie papier gegee waarop daar ŉ bedrag geskryf was wat Van der Merwe van Jaboulay verwag het. Jaboulay moes die bedrag sien as Van der Merwe se vergoeding vir enige tender wat aan hom en Yale toegeken sou word.[10]

Die tweede keer dat Van der Merwe met Jaboulay en Yale bedrog gepleeg het, was met die aanvra vir ŉ Citroën-motor. Jaboulay en Yale het vir hul prinsipaal in Europa gevra om solank ŉ motor namens Van der Merwe aan te skaf. Hulle wou eers die motor oorhandig sodra ŉ spesifieke tender aan hulle toegeken was. Jaboulay en Yale was van plan om die motor vir hom as geskenk te gee sodra die kontrak onderteken was. Van der Merwe het die saak anders gesien.[11] Hy het van plan verander en wou eerder geld hê. Jaboulay het voor die kommissie erken dat hy op 3 Februarie 1962 ŉ bedrag van R1 000

---

9 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, p 24, paragraaf 52.

10 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, 24, p 18, paragraaf 36.

11 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 18 - 19, paragraaf 37.

in Van der Merwe se bankrekening in ’n Zürichse bank gedeponeer het. Yale het dieselfde gedoen, maar met ’n onbekende bedrag. Jaboulay het weer op 18 Maart 1963 die bedrag van R2 420 in een van Barnie van der Merwe se bankrekenings inbetaal.[12]

### 3.2.3 Omkopery van mnr. Johann Bernard Litscher

Johann Bernard Litscher was die bestuurder van SA Diesel Truck Pty. Ltd. Van der Merwe het vir Litscher laat weet dat elke voertuig wat Litscher se maatskappy vir die SAW afgelewer het, eers deur ’n reeks toetse moes gaan. Van der Merwe was, volgens die Cillié-verslag, verantwoordelik vir die vermelde toetse. Van der Merwe het Litscher belowe dat elke toets suksesvol sou wees, mits Litscher ’n bedrag geld aan Van der Merwe oorbetaal. Van der Merwe het ook aan Litscher gesê dat sy seniors ook vergoed moes word vir ’n suksesvolle toets.[13] Hierdie stelling kan gestaaf word uit Volume VIII van die kommissie-rekord:

> *Van der Walt: Now, he told you that there were other people also connected to the armoured cars who also wanted some money, is that correct?*
>
> *Litscher: He said that he was not the only one and that he would be the man responsible, but he had to look after other people as well.*
>
> *Van der Walt: Did he give you any indication whether it was his superiors or the people working with him, or what was your impression?*

[12] UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV”, 1964, 24, p 19, paragraaf 38.

[13] UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV”, 1964, 24, p 22 - 23, paragraaf 47.

*Litscher: I did ask him straightaway who these people were, but he refused. He said that it was not my concern but I could rest assured that they were high ranking people.*[14]

Litscher het op 6 Maart 1963 R20 000 aan Van der Merwe oorbetaal. Litscher het die kontantbedrag vir ŉ Switserse bankbestuurder, wat in Suid-Afrika handel gedryf het, gegee met die opdrag dat dit direk in Van der Merwe se rekening inbetaal moes word.[15] Amper ŉ maand later het Van der Merwe vir Litscher laat weet dat die ander belanghebbendes nie gelukkig is met die bedrag wat hulle uit die eerste bedrag gekry het nie. Litscher het toe ŉ bykomende R5 000 in kontant op 2 April 1963 aan Van der Merwe oorbetaal.[16]

### 3.2.4 Pogings tot omkopery van mnr. Rudolph Kubler

Nie al Van der Merwe se pogings om omkoopgeld te kry was suksesvol nie. Gedurende 1962 ontmoet Van der Merwe vir Rudolph Kubler, die besturende direkteur van Wild of South Africa Ltd. Hy lig vir Kubler in dat die SAW beplan om krygstuig op eie bodem te vervaardig. Van der Merwe was van mening dat die opmetingstoestelle wat Kubler se maatskappy vervaardig het, die regte produk sou wees wat die SAW in hul krygstuig kon gebruik.[17]

Van der Merwe wou natuurlik vergoeding hê vir die brokkie inligting. Kubler het geweier. Hy was van mening dat sy besigheid skade sou lei as hy instem om Van der Merwe te

---

14 UJSB, Anoniem, "Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 8, p 1474.

15 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 23, paragraaf 48.

16 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 23, paragraaf 49.

17 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 20, paragraaf 40.

vergoed. Van der Merwe was onder die indruk dat Kubler sy standpunt sou verander sodra hy sy geld van die SAW ontvang het. Kubler het steeds geweier.[18]

Kubler het ook as verkoopsagent vir Blundell Rules Ltd. in Suid-Afrika gewerk. Op 17 Januarie 1963 het die SAW vir verskaffers van meetinstrumente gevra om hul tenders in te handig. Kubler het namens Blundell Rules Ltd. ingehandig. Van der Merwe het Kubler laat weet dat sy tender die suksesvolle een was. Van der Merwe vra toe vir vergoeding vir die suksesvolle tender. Kubler weier weer en niks word betaal nie.[19] Dit blyk dat Van der Merwe nie weer vir Kubler met sy voorstel vir vergoeding lastig geval het nie.

### 3.2.5 Van der Merwe se ondergang deur middel van Nikolaas van Nieuwenhuizen

Nikolaas van Nieuwenhuizen was die direkteur van Interarmco wat net soos Lionel Schwartz se maatskappy SAFISKOR, beoog het om wapens na Suid-Afrika in te voer. Volgens Van Nieuwenhuizen het Interarmco die reg gehad om goedere van die Spaanse maatskappy Hispania-Suiza en die Italiaanse maatskappy Galileo in te voer.[20] Van Nieuwenhuizen se oogpunt en *modus operandi* was nie verskillend van ander wapenagente in ander streke van die wêreld nie. Net soos wat Gerhard Mertins met sy maatskappy, Merex, gedurende die laat 1950s en vroeë 1960's Duitse krygstuig en wapens na die Midde-Ooste uitgevoer het, so het Van Nieuwenhuizen beplan om sy fortuin uit Suid-Afrika te maak.[21] Net soos Mertins was Van Nieuwenhuizen ook gewillig

---

18 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 20, paragraaf 41.

19 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, 24, p 21, paragraaf 42.

20 UJSB, Anoniem, "Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 10, p 1909.

21 A. Feinstein, *The Shadow World: Inside the Global Arms Trade* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2011), pp 23 - 25.

om met owerhede saam te werk deur die verskaffing van inligting vir die vastrekking van korrupte beamptes tot sy voordeel.[22]

Van der Merwe en Van Nieuwenhuizen het mekaar goed geken en het ŉ vennootskap gesluit.[23] Van Nieuwenhuizen het naby aan Van der Merwe in Pretoria gewoon, en omdat laasgenoemde ŉ perdestal op sy kleinhoewe gehad het, kon eersgenoemde sy perd by Van der Merwe laat stal. Die totale bedrag van £250 was vir hierdie diens betaal. In 1963 sou hul vennootskap tot ŉ einde kom.

Van Nieuwenhuizen wou presies weet wanneer tenders deur die SAW aangevra word en het vir Van der Merwe gevra om hom vroegtydig, en voor ander maatskappye, daaroor in te lig. Gedurende ŉ ontmoeting in Londen het Van der Merwe vir Van Nieuwenhuizen bedag gemaak op nuwe tenders vir apparate, soos dié wat Galileo vervaardig het, wat die SAW binnekort bekend sou maak.[24]

Met hulle terugkeer het Van Nieuwenhuizen by Van der Merwe se huis aangeklop om meer inligting te bekom oor die tenders. Veral die beplande toetse op die apparatuur het eersgenoemde bekommer. Volgens Van der Merwe, het Van Nieuwenhuizen vir hom ŉ bedrag geld belowe indien eersgenoemde Galileo se apparate, veral ná die beplande toetse, sou steun. Van Nieuwenhuizen het hierdie aanbod voor die kommissie ontken. Van Nieuwenhuizen het vertel dat Van der Merwe hom gedreig het indien hy nie ŉ bedrag geld van Van Nieuwenhuizen sou kry nie. Van Nieuwenhuizen waarsku toe vir Van der Merwe dat hy hom by die SAW sal rapporteer. Van der Merwe het Van Nieuwenhuizen

---

22 A. Feinstein, *The Shadow World: Inside the Global Arms Trade*, p 23.

23 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 14, paragraaf 29.

24 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 14, paragaaf 29.

se waarskuwing afgelag en hom verseker dat hy persoonlik sou seker maak dat Van Nieuwenhuizen nie toegang tot die hoofkwartiergebou sou kry nie. Ten spyte van Van der Merwe se twyfelagtige stelling, het Van Nieuwenhuizen hom geglo en ŉ ooreenkoms is toe gesluit. Beide het besluit dat Van der Merwe ŉ persentasie van Van Nieuwenhuizen se kommissie sou kry. Dit blyk dat R20 000 in ŉ oorsese rekening aan Van der Merwe betaal is, met ŉ ekstra bedrag van R1 500 wat aan hom in Suid-Afrika oorhandig is.[25]

Daarna het Van der Merwe nie vir Van Nieuwenhuizen met rus gelaat nie. Hy het hom gereeld geskakel vir meer betalings omdat ander belanghebbendes glo ook vergoed moes word. Cillié skryf:

> *Hy het voorgegee dat hy ander persone moet betaal en, hoewel hy dit ontken, bevind die kommissie dat hy onder andere die name van mnr. J.P. de Villiers, die sekretaris van Verdediging, en mnr. L.V. Lodder, die sekretaris van Finansies, in hierdie verband genoem het. Hy het ook van samewerking met die kommandant-generaal gepraat.*[26]

Van der Merwe se paniekerigheid het so erg geraak dat hy Van Nieuwenhuizen verplig het om die vermelde ooreenkoms op skrif te stel. Hierdie dokument moes dan na ŉ spesifieke bankbestuurder toe gaan sodat Van der Merwe steeds sy geld sou kry indien Van Nieuwenhuizen sou sterf voordat hy dit self kon betaal. Die koevert met die dokument daarin, is tydens die kommissiesitting deur Van Nieuwenhuizen oopgemaak. Binne-in was daar net ŉ skoon vel papier want Van Nieuwenhuizen het niks neergeskryf nie.[27]

---

[25] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 15, paragraaf 30.

[26] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 15 - 16, paragraaf 31.

[27] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 16, paragraaf 32.

Van der Merwe se pogings om Van Nieuwenhuizen af te pers sou sy eie ondergang beteken.

Die breekpunt in hul vennootskap het gekom toe Van Nieuwenhuizen die adjunk-sekretaris van Verdediging, mnr. Vladimir Steyn, persoonlik gaan spreek het en hom van Van der Merwe se dreigemente vir omkoopgeld vertel het. Steyn het dadelik die personeel van die Militêre Intelligensiediens ingeroep om ʼn bandopname te maak van ʼn gesprek tussen Van Nieuwenhuizen en Van der Merwe. Hulle sou mekaar op 13 Junie 1963 ontmoet. Kapteins D. Le Roux en D.J. Greyling sou die gesprek meeluister. In die gesprek het beide Le Roux en Greyling die nodige inligting bekom dat Van der Merwe nie vir homself alleen omkoopgeld aanvra nie. Van Nieuwenhuizen het ook dokumente en ander bewysstukke aan die Departement van Verdediging gegee om ʼn saak teen Van der Merwe op te bou.[28] Die inhoud van hierdie dokumente was ongelukkig nie deel van die kommissieverslag nie.

Op 15 Junie 1963 het Le Roux saam met Van Nieuwenhuizen na Europa vertrek. Hul doel was om bykomende bewyse oor Van der Merwe en sy onderhandelinge met Europese krygstuig-verskaffers op te spoor. Hulle keer op 24 Junie 1963 na Suid-Afrika terug, nadat hulle vir nege dae genoegsame bewyse van Barnie van der Merwe se misdrywe kon bekom. Na hul terugkeer maak Van Nieuwenhuizen kontak met Van der Merwe en belowe hom dat hy reeds R20 000 in sy oorsese bankrekening gedeponeer het. Van Nieuwenhuizen maak ʼn afspraak om Van der Merwe op 28 Junie 1963 te spreek. Hy het aan Van der Merwe belowe om die res van sy skuld aan hom te verhaal. Gedurende die middag van 24 Junie 1963 vertel Steyn en Van Nieuwenhuizen aan die Prokureur-generaal die inhoud van die saak teen Van der Merwe. Die Prokureur-generaal

---

[28] UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, pp 16 - 17, paragraaf 33.

lig die Suid-Afrikaanse Polisie in en ’n plan word beraam om Van der Merwe te arresteer. Daar word besluit om Van der Merwe vas te trek sodra Van Nieuwenhuizen R1 500 in kontant aan Van der Merwe oorhandig. Van der Merwe was verras toe hy gearresteer word.[29]

Met sy inhegtenisname was Van der Merwe meer as gewillig om sy getuienis met die polisie te deel. Die kern van die klagte teen hom was omkopery, met Van Nieuwenhuizen se bedrae as die finale lokval wat vir Van der Merwe gestel was.[30] Van der Merwe is op 23 September 1963 skuldig bevind aan omkopery en ’n ligte vonnis is hom opgelê.[31]

Die redes waarom Van der Merwe sy misdade gepleeg het, bestaan uit drie punte wat hy voor die kommissie genoem het. Van der Merwe was oortuig dat die SAW hom nie genoeg betaal het nie en dus sy ervaring en kwalifikasies geïgnoreer het. Van der Merwe het ook beplan om teen 1965 uit die diens van die SAW te tree. Hy wou seker maak dat sy kapitaalreserwes tesame met sy buitelandse rekeninge oorgenoeg sou wees vir sy aftrede.[32] As derde rede het Van der Merwe sy jaloesie oor generaal Engelbrecht se bevordering genoem. Ook die feit dat Engelbrecht se vrou gebaat het uit tenders vir die SAW se nuwe uniforms, het Van der Merwe oortuig dat hy kon wegkom met sy skelmstreke.[33] Met hierdie rede is dit moontlik dat Van der Merwe moontlike

---

29 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 17, paragraaf 34.

30 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, pp 17 - 18, paragraaf 35.

31 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 14, paragraaf 28.

32 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 13, paragraaf 26.

33 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 13, paragraaf 26.

onreëlmatighede deur generaal Engelbrecht bekend gemaak het. Hierdie saak word in die laaste hoofstuk kortliks verduidelik.

Van der Merwe was oortuig dat sy omkopery en afpersing geen swak kwaliteit krygstuig en bykomende apparate vir die SAW gelewer het nie. Daarmee het hy geglo dat hy nie die SAW en die staat benadeel het nie. Cillié het in sy verslag ŉ ander perspektief gedeel. Cillié was oortuig dat Van der Merwe die SAW en sy offisiere in diskrediet gebring het en wanneer mens die bedrae van omkoopgeld in geheel optel, gebaseer op die Cillié-verslag, het hy ook die land finansiële skade berokken. Cillié merk die totale bedrag van R106 000 wat Van der Merwe as kommissie ontvang het.[34] Gebaseer op die bedrae wat in die kommissieverslag genoem word, is die finale bedrag heelwat hoër:

| **Betaler van omkoopgeld** | **Bedrag** |
|---|---|
| Jaboulay en Yale | R 3 420.00 |
| Litscher | R 25 000.00 |
| Bass | R 54 000.00 |
| van Nieuwenhuizen | R 21 500.00 |
| Ossip | R 20 000.00 * |
| Totaal: | R 123 920.00 |

* Ossip se bedrag kan hoër wees wanneer die £2 500 soos betaal in 1957 ook in die totaal bereken word.

Cillié se bedrag van R106 000,00 is nie akkuraat nie. Teen September 1963 met sy ontslag het Van der Merwe ŉ bedrag van omtrent R123 920.00, alles van omkoopgeld, in

34 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, p 30, paragraaf 70.

vyf verskillende bankrekeninge in internasionale banke gehad.[35] Van der Merwe se omkopery het vir Cillié ŉ goeie argument gelaat om die staat, en veral die SAW en DV, onskuldig in enige van die vermelde sake te verklaar. Selfs brigadier H.J. Bronkhorst het dit so in die Volksraad erken deur spesifiek na Van der Merwe te verwys as die bron van korrupsie met aankope.[36]

Veral die rol van Van Nieuwenhuizen verdien verdere aandag. Waarom sou Van Nieuwenhuizen so besorgd gewees het oor die ondergang van Barnie van der Merwe? Juis die feit dat hy direk met Vladimir Steyn kon kommunikeer, lewer die indruk dat hy ŉ spesiale soort verhouding met die DV gehad het. Van der Merwe was ook nie sy enigste teiken nie.

Presies ŉ dag ná die arrestasie van Van der Merwe, het Van Nieuwenhuizen saam met die Suid-Afrikaanse Polisie gewerk om adjudant-offisier Julius Rencken te arresteer. Met geheime inligting oor wapenaankope in ŉ lêer, het Rencken na Van Nieuwenhuizen se kantoor in Pretoria geloop met die plan om dit aan die wapenagent te gee. Rencken se beloning sou R100 wees. Rencken is gearresteer en skuldig bevind aan die oortreding van die 1956 Wet op Algemene geheime.[37] John Deacon, ŉ amptenaar in die DV, is op dieselfde aanklagte as Rencken skuldig bevind nadat Van Nieuwenhuizen op 29 Junie 1963 gehelp het om Deacon te arresteer. Volgens Van Nieuwenhuizen was Deacon meer as gewillig om inligting oor aankope met hom te deel. Al wou hy nie vergoeding hê nie,

---

35 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 30, paragraaf 70.

36 RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, p 814.

37 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 31, paragrawe 71 - 72.

het Van Nieuwenhuizen vir hom R20 gegee.[38] Duidelik was Van Nieuwenhuizen bereid om omkoopgeld te betaal. Hy is sodoende ook skuldig aan bedrog.

Volgens Van Nieuwenhuizen het hy Van der Merwe aan die owerhede oorgegee as ŉ daad van patriotisme. Hy het net voor Van der Merwe se arrestasie ŉ Suid-Afrikaanse burger geword en wou graag sy lojaliteit bewys.[39] Dit is moeilik om te glo, veral wanneer Cillié se opvatting oor Van Nieuwenhuizen oorweeg word:

> *Dit is deurgaans duidelik dat hy sy gedrag soveel moontlik wil verontskuldig en homself wil voordoen as die verontregte ... Sy getuienis is so onduidelik, onseker en afwykend waarom hy die bedrag aan die beskuldigde sou betaal het, dat ek nie sou trag om te bevind waarvoor of in verband waarmee die bedrag betaal is nie.*[40]

Cillié het goeie rede gehad om Van der Merwe uit te sonder vir sy omkopery. Cillié moes wel Van Nieuwenhuizen ook insluit. Samewerkers soos Ossip, Jaboulay, Yale en Litscher het óf uit vrees óf uit geldgierigheid met Van der Merwe, wie se motief ongetwyfeld geldgierigheid was, saamgewerk.

Die staat se saak teen Barnie van der Merwe is ŉ klassieke voorbeeld van bedrog waarin ŉ duidelike patroon afgelei kan word. Soos wat die sake hierbo bewys het, was dit vir selfverryking gedoen.[41]

---

38 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 34 - 35, paragrawe 77 - 80.

39 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 109 - 110, paragraaf 244.

40 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 109, paragraaf 243.

41 H. Venter, *Kriminologie: 'n Handleiding vir studente in die Kriminologie* (Van Schaik, Pretoria, 1977), p 94.

Van der Merwe se omkopery kan omskryf word as besigheidsbedrog. Venter definieer dit as volg:

> *Besigheidsbedrog omvat verskeie subgroepe, waarvan die meeste deur besighede of enkelinge teenoor die koperspubliek beoefen word ... bedrieglike besigheidstransaksies kom baie voor maar ten gevolge van die geslepenheid waarmee hulle uitgevoer word, kom die bedrog nie maklik aan die lig nie ... Omkopery ten einde kontrakte te bekom is so 'n praktyk.*[42]

Van der Merwe se omkopery was bedrieglik maar kon nie soseer enige prinsipaal of wapenagent afskrik om met Suid-Afrika te handel nie. In die breër historiese konteks van die vroeë 1960's is dit dus vreemd dat Cillié juis blaam op Van der Merwe sou plaas. Sekerlik het die onreëlmatigheid deur Hans Sieger, 'n wapenagent vir Oerlikon, groter skade vir Suid-Afrika ingehou. As gevolg van Suid-Afrika se begeerte om behoorlike geskut vir die artillerie aan te koop, het Sieger die kans gekry om Oerlikon, 'n Switserse maatskappy wat grofgeskut vervaardig, se belange in Suid-Afrika te behartig. Maar na die verklaring van die Verenigde Nasies (VN) se wapenverbod in Augustus 1963, het die aankope van Oerlikon 'n ernstige kwessie geword wat al die aandag van minister Fouché vereis het. Sieger was die aanhitser wat die kwessie geskep het. Met die bovermelde definisie van besigheidsbedrog in gedagte, sal Sieger se bedrog duidelik na vore kom.

### 3.3 Die saak teen Hans Sieger en Oerlikon

Alhoewel Brittanje in 1961 steeds as 'n wapenverskaffer vir Suid-Afrika wou aanbly, het Suid-Afrika se uittrede uit die Britse Statebond geleenthede vir ander lande en firmas geskep.[43] Oerlikon wou Suid-Afrika as kliënt behou en het reeds teen 1960 'n

---

42 H. Venter, *Kriminologie: 'n Handleiding vir studente in die Kriminologie*, pp 95 - 96.

43 SANWA, DC210, Lêer 1424/51 Anon, "British Arms will still be available to SA", *The Argus,* 27 April 1961.

verteenwoordiger, Hans Sieger, in Suid-Afrika gehad. Hans Sieger was die besturende direkteur en alleeneienaar van Amplifor Edms. Bpk.[44] Vir 'n stewige kommissie moes Sieger tenders namens Oerlikon van die DV verkry.[45] As gevolg van hierdie verantwoordelikheid, het Sieger besluit om onreëlmatig op te tree om tenders te bekom en te behou.

Dit moet uitgelig word dat Sieger nie voor die kommissie verskyn het nie, maar wel 'n formele brief, waarin hy 'n lys name van betrokkenes staaf, aan Cillié gestuur het. Sieger se brief was vir Cillié handig, en die regter kon die mense wat in die brief genoem word voor die kommissie daag. Sieger se samewerking deur middel van sy brief en die identifisering van sy meelopers het hom egter nie skotvry gelaat nie. Die brief het sy betrokkenheid in korrupsie openbaar.[46] Sy motief was geldgierigheid, maar ook om sy prestige in Oerlikon te vergroot.

Basies het hy deur middel van 'n kolonel in die SAW se aankoopkantoor, kolonel Frederick van Niekerk, inligting en beeldmateriaal van mededingende maatskappye in die hande gekry sodat sy tenders namens Oerlikon beter sou wees.[47] Bykomend was dit sy gewone *modus operandi* om sy kommissie te verhoog en in die finale tenderbedrag in te sluit. Sy kliënt sou die las dra en enige bedrae vir omkopery in die finale bedrag betaal. Hy het hierdie plan gevolg met sy verkreë tenders vir: 80 mm Tenkafweer-vuurpyle,[48] sinjaal-

---

44 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 175, paragraaf 382.

45 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 177, paragraaf 387.

46 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 176, paragraaf 383.

47 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 189 - 190, paragraaf 406.

48 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 193 - 195, paragrawe 411 - 415.

fakkels,[49] ŉ vuursnelheidsmeter,[50] 20mm lugafweerkanon-ammunisie,[51] plastiek-ammunisie[52] en 30mm lugafweerkanon-ammunisie.[53] Ook het hy nie ŉ probleem gehad om geskenke vir Van Niekerk te koop om sy ondersteuning met tenders te verseker nie.[54]

Cillié argumenteer dat Sieger, as wapenagent, ook blaam moet dra vir enige onreëlmatigheid met wapenaankope.[55] Om Sieger se korrupte handeling te bewys het Cillié veral gekyk na die grootste kontrak wat hy met die DV en SAW gesluit het. In hierdie geval was dit vir die aankoop van Oerlikon-geskut. Die kern van die saak bestaan uit: vals voorwendsels met afleweringstye van bestelde Oerlikon-geskut; leë beloftes van Sieger om die SAW en DV gerus te stel; en die uiteindelike kansellasie van betaalde geskut wat Suid-Afrika nooit bereik het nie. Die gebeure word hieronder verduidelik.

### 3.3.1 Onreëlmatighede tussen Oerlikon/ Amplifor, die SAW en die DV

Op 29 Augustus 1960 het Sieger Oerlikon laat weet dat die leërstafhoof, generaal Sybrand Engelbrecht, op pad na Switserland was en dat hy belangstel om Oerlikon se geskut te sien.[56] Kort daarna, op 2 Maart 1961, keer Engelbrecht terug na Wes-Europa met die SAW se ondersoekkomitee om die wapens van verskillende Wes-Europese lande

---

49 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 196, paragrawe 416 - 418.

50 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 196 - 197, paragrawe 419- 420.

51 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 197, paragrawe 421 - 422.

52 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 198 -199, paragrawe 423 - 426.

53 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 199 - 203, paragrawe 427 - 432.

54 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 191 - 192, paragraaf 409.

55 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 175 - 176, paragrawe 382 - 383.

56 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 177, paragraaf 386.

te inspekteer. Die vermelde kolonel Van Niekerk het die komitee gelei. Vir die SAW belowe Sieger toe dat Oerlikon net ŉ 50% deposito verlang en spoedig ná die deposito die aangekoopte wapens sou kon aflewer.[57] Nege dae later, op 23 Maart 1961, waarsku Sieger vir Oerlikon dat hulle moet reg staan vir amper onhaalbare afleweringstye wat die SAW sou eis. Sieger eis ook ŉ 5% kommissie indien Oerlikon die tender kry.[58]

Met die terugkeer van die komitee het Van Niekerk op 26 Mei 1961 die komitee se motiverings in ŉ verslag saamgestel. Volgens hierdie verslag moes Oerlikon die tender vir die nodige wapens kry maar nie vir enige bykomende toebehore nie. Daardie tender moes aan ŉ Italiaanse maatskappy toegeken word. Daarna ontmoet Sieger en Van Niekerk mekaar en bespreek die punte van die SAW se koopkontrak. Cillié het Van Niekerk gevra of die vermelde ontmoeting met Sieger nodig was. Van Niekerk het geredeneer dat hy net bevele uitgevoer het omdat die leërstafhoof beter afleweringstye en pryse wou hê. Volgens Cillié se verslag het Van Niekerk geheime inligting oor aankope met Sieger gedeel. Cillié het simpatie met Van Niekerk gehad en gereken dat hy geen duistere motief gehad het om enige inligting uit te lek nie.[59]

ŉ Oerlikon-beampte, net bekend in die kommissieverslag as "dr. Grobler", lig vir Sieger op 15 Junie 1961 in dat Oerlikon die beloofde afleweringstye as onmoontlik beskou. Volgens Grobler was dit nie Oerlikon se skuld nie maar ander Europese verskaffers wat

---

57 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 177, paragraaf 387.

58 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 177, paragraaf 388.

59 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 178 - 179, paragraaf 388.

nie hul afleweringstye kon haal nie. Sieger sou ŉ plan moes maak om die SAW rustig te hou. Sieger het dit probeer doen met ŉ brief aan Van Niekerk en ander offisiere.[60]

Kort daarna het Engelbrecht ŉ vergadering van die generaalstaf belê, wat van 1 tot 4 Augustus 1961 gehou word. Hierdie vergadering se hooffokus was om alle tenders suksesvol af te handel. Ten opsigte van die tender met Oerlikon was Engelbrecht oortuig dat Oerlikon vroeër vir hom goedkoper pryse aangebied het. Hy het vir Van Niekerk gevra om weer met Sieger en Oerlikon hieroor te skakel.[61]

Van Niekerk ontvang toe van Oerlikon ŉ boodskap waarin hul genoeë met Engelbrecht se voorwaarde vir beter pryse aangedui word. Hulle maak dit wel duidelik dat hulle nie op enige manier gefouteer het nie, omdat die algemene prys van hul wapens wel gestyg het. Oerlikon is bereid om die prys met 10% te verlaag, met ŉ afleweringsdatum tussen die einde van 1961 tot middel van 1963. Hulle tref wel voorsorg deur te noem dat die moontlikheid wel bestaan dat wisselvalligheid in afleweringstye mag voorkom.[62]

Uiteindelik, op 26 Augustus 1961 word Sieger in kennis gestel dat hy die goeie nuus van ŉ suksesvolle tender met Oerlikon kon deel. Vier dae later word ŉ brief van voorneme aan Sieger oorhandig. In hierdie brief word die afleweringstye wat voorheen aanvaar was weer uiteengesit, met die bepaling dat daarby gehou moet word. Vroeg na die aanvaarding van Oerlikon se tender het probleme met die afleweringstye begin kop uitsteek.

---

60 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 179 - 180, paragraaf 389.

61 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 180, paragraaf 390.

62 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 180, paragraaf 391.

Teen 14 Oktober 1961 lig Sieger vir beide Van Niekerk en Vladimir Steyn, adjunk-sekretaris van Verdediging, in dat die aflewerings laat sou wees. Sieger het op 5 Oktober 1961 aan Oerlikon geskryf dat die SAW onrustig raak oor die afleweringsdatum van die aangekoopte geskut. Sieger was ook van mening dat die SAW net geduldig moes wees omdat Oerlikon met die nuwe metrieke stelsel moes werk.[63]

Teen 30 Oktober 1961 lig Sieger die DV in dat Switserland toestemming aan Oerlikon verleen het om besigheid met Suid-Afrika te doen. Sieger vergeet wel om te noem dat ŉ uitvoerpermit nodig sou wees. Met die aankoms in 1962 van die toebehore vir die geskut van die Italiaanse maatskappy, Contravenes Italiana Roma, was die bestelde geskut van Oerlikon nog nie gereed nie. Op 25 Januarie 1962 was Oerlikon se verskoning dat hulle nie spesifieke onderdele kon kry om die geskut te voltooi nie.[64]

Teen 22 Februarie 1962 het die SAW aangedring op antwoorde oor die vertragings. Oerlikon het belowe om ŉ verteenwoordiger na Suid-Afrika te stuur om te verduidelik. Op 10 Maart 1962 neem die leërstafhoof kennis dat Sieger die persoon was wat die valse belofte van vroeë afleweringstye gemaak het. Die leërstafhoof skryf toe aan die sekretaris van Buitelandse Sake om te help. Die geskut was nodig om nuwe rekrute op te lei. ŉ Oerlikon-beampte, bekend in die kommissieverslag as generaal Burckhardt, berispe Sieger omdat hy van mening was dat Sieger die SAW te vinnig ingelig het oor moontlike aanpassings aan afleweringstye. Burckhardt het nie van Sieger se plan vir groter winste geweet nie. Sieger het sy plan van vertraagde afleweringstye vir Burckhardt uiteengesit. Dit was ŉ plan om stap vir stap die SAW gewoond te maak aan ŉ latere afleweringstyd, met geen verlies van kapitaal aan Oerlikon nie. Met sy uitgewerkte plan om beide

---

[63] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 182 - 183, paragraaf 394.

[64] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 183, paragraaf 395.

Oerlikon en homself te verryk, het hy Burckhardt verder geskok deur hom in te lig dat die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Switserland genader was om die saak in Switserland te behartig. Hy sou op 26 Maart 1962 Oerlikon besoek. Sieger het van hierdie besoek te hore gekom deur Van Niekerk.[65]

Die Suid-Afrikaanse ambassadeur het gerapporteer dat Oerlikon vir seker Suid-Afrika se bewapeningsproses steun en die land as 'n waardevolle kliënt beskou. Oerlikon het aan die ambassadeur die belofte gemaak dat Suid-Afrika se bestelling aandag kry. Ten spyte van hul eie probleme sou Oerlikon binne 14 dae ná die ambassadeur se besoek nuwe afleweringstye bekend maak. Amper 'n maand later laat hulle die Suid-Afrikaanse ambassadeur weet dat die vertraging nie langer as ses maande ná die eerste afgesproke afleweringstyd sou wees nie.[66]

Spanning in die DV oor die bestelde geskut het hoog geloop, en teen 18 Mei 1962 word Fouché betrek. Deur middel van 'n gesprek met die Switserse ambassadeur in Suid-Afrika wou Fouché die saak oplos. Fouché het die feit gestel dat die voordelige afleweringstye glad nie denkbeeldig was nie, en dat dit juis die rede was waarom die tender in die eerste plek aan Oerlikon toegeken is. Fouché maak verder 'n ernstige stelling: dat die laat afleweringstye sy departement in 'n verleentheid stel. Die Switserse ambassadeur het belowe om die saak as die hoogste prioriteit op sy agenda te plaas en met Oerlikon die saak op te los.

---

65 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 183 - 184, paragraaf 396.

66 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 184, paragraaf 397.

Die ambassadeur se brief aan Oerlikon word ook na Sieger gestuur. Sieger reis toe na Switserland om die situasie met Oerlikon te bespreek.[67]

Op 27 Julie 1962 word Fouché belowe dat Oerlikon alles in hul vermoë sal doen om die geskut te vervaardig en by die nuwe afleweringstye, wat hulle verstrek, te hou. Drie dae later kontak Oerlikon weer vir Fouché en lig hom in dat Burckhardt op pad was na Suid-Afrika om hom te spreek. Fouché verwelkom die komende besoek, mits Burckhardt besluitreg op enige punt namens Oerlikon kon hê. Die besoek word beplan vir 8 Oktober 1962, net nadat die kontrak onderteken is. Voor hierdie besoek smeek Sieger vir Oerlikon om nie nog 'n vertraging aan te kondig nie – dit sou die vierde keer wees. Hy dui aan die erns oor die noodsaak vir geskut om vroeër as ander bestellings in Suid-Afrika afgelewer te word. Om die SAW se goeie gesindheid te behou vra Sieger kort daarna vir Oerlikon om die kommandant-generaal van die SAW na Zürich te nooi omdat hy op besoek was in Parys.[68] Oerlikon moes iets doen om die kommandant-generaal se ondersteuning te behou en die DV vir 'n kort tydjie gelukkig te probeer hou.

Burckhardt het Oerlikon se goedgesindheid teenoor Suid-Afrika probeer bewys deur die onbetaalde rente vir die geskut van 6% te verminder na net 5% toe. Alhoewel Burckhardt selfs die reg gehad het om Suid-Afrika beter rentekoerse van 3.5%, 3.88% en 4.085% te gee, was Fouché tevrede met die 1% verlaging.[69] Omdat die geskut nog nie afgelewer was nie en ten spyte van die verlaging in rente, het dit beteken dat die staat langer vir die geskut moes betaal. Dit het natuurlik 'n impak gehad op die 5% kommissie wat Sieger

---

67 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 184 - 185, paragraaf 398.

68 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 185, paragraaf 399.

69 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 185 - 186, paragraaf 400.

van Oerlikon aangevra het. Sodoende kan Sieger se kwaadwilligheid met uitgestelde afleweringstye duidelik gesien word.

Ná 15 Oktober 1962, ná Burckhardt se ontmoeting met Fouché, het Oerlikon die DV skriftelik ingelig dat die vertragings van aflewerings buite hul beheer was en dat hulle die gekwoteerde koopprys as billik moes beskou. Hulle het belowe om tussen Maart 1963 en Julie 1964 alle bestelde geskut af te lewer. Die DV kon nie anders nie as om die brief se inhoud te aanvaar en die nuwe afleweringstye, rentekoers en dus die totale prys te bekragtig.[70]

ʼn Jaar na Fouché se ontmoeting met Burkhardt het Sieger al die betrokkenes ingelig dat die uitvoerpermitte verkry was en dat twee van die bestelde besendings geskut reg was om na Suid-Afrika vervoer te word. In dieselfde korrespondensie noem hy dat nog twee besendings binnekort versend sal word, en dat alle geskut teen begin van 1964 in Suid-Afrika sou wees. Dit blyk toe ʼn leuen te wees. Volgens Cillié het spesifieke koerante kennis geneem dat geen van Oerlikon se geskut teen die begin van 1964 in Suid-Afrika afgelewer was nie, maar wel die Italiaans vervaardigde bybehore.[71] Die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Switserland het ook by Oerlikon gaan aanklop om die nodige feite te kry. Lebedinsky, ʼn Oerlikon-beampte, het geantwoord dat sy maatskappy sou voortgaan met die vervaardiging van geskut en die nodige aansoeke om uitvoerpermitte, soos benodig, te verkry. Die Suid-Afrikaanse ambassadeur was glad nie optimisties ná sy gesprek met Lebedinsky nie en kon sien dat daar ʼn groot probleem op pad was.[72]

---

70 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, p 187, paragraaf 402.

71 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 187 - 188, paragraaf 403.

72 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 187 - 188, paragraaf 403.

Teen 22 Januarie 1964 was daar ooglopende probleme met Oerlikon se terugvoer toe die DV met Burckhardt wou praat. Volgens die amptelike korrespondensie van Oerlikon sou Burckhardt nie na Suid-Afrika reis nie, omdat die VN se 1963-wapenverbod reeds geldig was en dat hulle nie die bepalings van die wapenverbod wou oorskry nie. Indien dit die geval was, is dit vreemd dat Oerlikon, en Switserland, nie winste uit Suid-Afrika se wapen- en krygstuig-aankope wou maak nie. Suid-Afrika het juis genoeg kapitaal gehad om wapens en krygstuig aan te koop. Die Central Intelligence Agency (CIA) stipuleer in ’n 1972 memorandum dat Suid-Afrika sedert 1963 reeds $180 miljoen se wapens van Frankryk aangekoop het. Nog ’n bykomende $40 miljoen was van ander verskaffers bekom.[73] Suid-Afrika was ’n winsgewende kliënt en Oerlikon het met hul besluit, as gevolg van politieke druk, Suid-Afrika as ’n kliënt verloor. Georg Kreis onderskryf hierdie stelling dat Oerlikon nie meer die Switserse regering kon oortuig dat hul geskut in Suid-Afrika gebruik sou word om kommunisme te beveg nie:

> *The notion that the struggle in South Africa mainly or at least to an important part was anti-communist was no longer shared by Swiss diplomats based in the country. They even repeatedly called it unfounded.*[74]

Die DV het hom in ’n moeilike situasie bevind en moes iets doen om die land se geld van Oerlikon terug te kry. Op 4 Februarie 1964 word die besluit geneem dat Suid-Afrika nie enige paaiemente aan Oerlikon sou betaal, of enige ander betalings aan daardie maatskappy sou maak, totdat elke geskut en bybehore, soos in die koopkontrak bepaal

---

73 Directorate of Intelligence, *Intelligence Memoranda Recent trends in South African arms procurement.* October 1972, p 1. Beskikbaar by: https://www.cia.gov/library/readingroom/document/cia-rdp85t00875r001700040034-9.

74 G. Kreis, *Switzerland and South Africa 1948-1994: Final report of the NFP 42+ commissioned by the Swiss Federal Council* (Peter Lang, Bern, 2007), p 205.

was, afgelewer is nie. Dit blyk dat betalings na Oerlikon via die Verenigde Koninkryk gebeur het, want die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Londen was gevra om die betalings te stop. Toe die ambassadeur dié instruksie gevolg het, het Burckhardt blitsvinnig na Londen gereis om met die einste ambassadeur oor die situasie te praat. Burckhardt het dit reggekry om Suid-Afrika te oorreed om weer met die paaiemente voort te gaan.[75] Om te verseker dat Fouché nie weer ŉ betaling staak nie, blyk dit dat Sieger die SAW se kommandant-generaal, Piet Grobbelaar, genader het om ŉ moontlike teenvoeter vir Fouché te wees.

In ŉ brief gedateer 15 Februarie 1964 lig Sieger Oerlikon in dat hy die kommandant-generaal van die SAW se samewerking het om enige tender-aansoek van Oerlikon voorrang te gee. Sieger het persoonlik met die kommandant-generaal daaroor gesels.[76] Grobbelaar se vreemde gedrag te midde van ŉ brandpunt oor afleweringstye kom ná sy gesprek in Switserland met ŉ Oerlikon-konsultant, bekend in die Cillié-verslag as dr. Gerber. Gerber het waarskynlik aan die kommandant-generaal gesê dat sy vorige kliënt van die Indiese Verdedigingsmag ŉ skaflike bedrag as kommissie by die finale bedrag van aankope bygelas het. Volgens Gerber het Oerlikon die bykomende bedrag gesien as ŉ gratifikasie. Gerber het die kommandant-generaal aangeraai om die dieselfde te doen.[77] Geen bewyse kon in die Cillié-verslag gevind word dat die kommandant-generaal dit gedoen het nie.

---

75 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 188, paragraaf 404.

76 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 176, paragraaf 384.

77 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 176, paragraaf 385.

Terwyl die Cillié-kommissie van ondersoek aan die gang was, het die DV se geduld teen 3 Julie 1964 opgeraak. Oerlikon word deur middel van 'n telegram 'n ultimatum gegee waar hulle versoek word om 'n bewys van verskeping binne sewe dae aan te stuur. Indien hulle nie kon nie, dan sou alle betalings aan Oerlikon opgeskort word. Lebedinsky probeer die saak te beredder en vra vir ten minste drie weke om onderhandelings in Bern te hou. In Augustus 1964 laat die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Switserland die sekretaris van die DV weet dat Oerlikon wel 'n poging aangewend het om uitvoerpermitte van die Switserse regering te kry. Die Switserse regering het botweg geweier en dit ook duidelik aan die Suid-Afrikaanse ambassadeur gestel dat daar geen manier is dat die bestelde geskut uit Switserland na Suid-Afrika uitgevoer sou word nie. Sekerlik was die VN se wapenverbod die rede vir hierdie besluit deur die Switserse regering. Die DV het toe die besluit op 4 September 1964 geneem om nie die uitstaande paaiement te betaal nie, en het regshulp ingeroep om hul saak teen Oerlikon saam te stel.[78] Dit blyk dat die geskut nooit in Suid-Afrika afgelewer is nie en dat Suid-Afrika 'n groot bedrag geld daarop verloor het. Oerlikon se oneerlikheid en onbehulpsaamheid het vir seker gelei na die uitstel en latere afstel van die aflewerings. Sieger se valse voorwendsels oor vroeë afleweringstye wat gelei het na jaarlikse hoër rente vir die aankope van Oerlikon-geskut sodat hy 'n groter bedrag as kommissie kon kry, is die bron van hierdie bedrog.

### 3.4 Ten slotte

Burckhardt het voor die Cillié-kommissie getuig dat geen vervaardiger die soort geskut binne twee jaar sou kon vervaardig en aflewer nie. Volgens sy kollega, Dr Buhrle, die Hoof- Uitvoerende Beampte van Oerlikon, was die afleweringstye net denkbeeldig.[79] Die

---

[78] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 188 - 189, paragraaf 405.

[79] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 182 - 183, paragraaf 394.

realiteit was dat Suid-Afrika betaal het vir Oerlikon se wapens en dit nooit ontvang het nie, al sou latere afleweringstye die realiteit wees. Dit lyk asof die deposito wat die staat neergesit het nooit terugbetaal is nie. Indien so, beteken dit dus dat beide Sieger en Oerlikon skuldig was aan bedrog.

Dit is glad nie verbasend dat die Suid-Afrikaanse Polisie ŉ klopjag, op 27 Junie 1963, op Sieger se kantoor geloods het om hom te arresteer en bewyse van sy bedrog te vind. Sieger was nêrens te vinde nie. Die polisie het wel verdoemende dokumente in sy kantoor gevind wat sy bedrog aan die kommissie bewys het.[80]

Cillié het genoegsame bewyse gehad om Barnie van der Merwe, Julius Rencken, John Deacon en Hans Sieger uit te sonder as die skuldigdes wat onreëlmatighede met wapenaankope gepleeg het vir selfverryking. In die geval van Barnie van der Merwe was die motief persoonlik van aard en kan dit nie direk verbind word met die druk wat die 1963 wapenverbod van die VN op Suid-Afrika geplaas het nie. Dieselfde argument kan gemaak word met die Rencken- en Deacon-sake. Cillié se motief om hierdie sake as bewyse van onreëlmatighede te gebruik rus alleenlik op die feit dat dit bewys het dat individue skuldig aan die beweerde bedrog was en nie die DV, SAW of die staat as sodanig nie.

Die bedrog deur Sieger en Oerlikon kan wel verbind word met die dringende behoefte wat die SAW en DV gehad het om wapens en krygstuig van gewillige firmas aan te koop, voor en ná die verklaring van die wapenverbod in 1963. Oerlikon en Sieger het wel nie die DV en SAW billik hanteer nie as gevolg van die uitstel en latere afstel van afleweringstye vir bestelde geskut. Sekerlik sou hierdie bedrog nooit rugbaar geword het as dit nie vir die bekendmaking deur ŉ fluitjieblaser was nie. Die fluitjieblaser was Lionel

---

80 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 175 - 176, paragrawe 383 - 383.

Schwartz, ook ’n wapenagent en Direkteur van SAFISKOR. Die beweringe wat Schwartz geopenbaar het, was die rede waarom generaal Van den Berg en Vladimir Steyn in 1963 na België en Brittanje moes reis om Van der Merwe en ander verdagtes se bedrog te ondersoek. Schwartz se beweringe het ook die parlement bereik en tot die aanstelling van die Cillié-kommissie aanleiding gegee. Dit waaraan Schwartz homself skuldig gemaak het, was die openbaring van geheime inligting wat veral gelei het na Cillié se analise van die verskillende kontrakte wat gesluit was vir die aankoop van wapens en krygstuig.

## HOOFSTUK 4

# Die 1964 Cillié-kommissieverslag – onreëlmatighede met aankope

### 4.1 Inleiding

Op 28 Januarie 1964 het brigadier H.J. Bronkhorst (die Verenigde Party se Volksraadlid vir Noordoos Rand) vir die minister van Verdediging, Jim Fouché, gevra:

> *of daar verdere ondersoek oorsee ingestel gaan word na beweerde onreëlmatighede by die aankoop van wapentuig vir die Suid-Afrikaanse Weermag*.[1]

Fouché se antwoord was kort. Hy was oortuig dat die September 1963-hofsake enige behoefte vir verdere ondersoek oor enige onreëlmatighede tot niet gemaak het.[2] Fouché het wel nie geweet dat Lionel Schwartz steeds teen Januarie 1964 bewerings oor omkopery en bedrog versprei het nie.

Lionel Schwartz was ŉ Suid-Afrikaanse wapenagent uit Israel en die direkteur van die wapeninvoermaatskappy SAFISKOR.[3] Deur middel van bedrieglike handelswyses wou hy Suid-Afrikaanse Weermag (SAW)-offisiere, staatslui en kabinetslede oortuig om aan

---

1 RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad,* 28 Januarie 1964, p 407.

2 RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad,* 28 Januarie 1964, p 407.

3 Universiteit van Johannesburg Biblioteek, Spesiale boekversameling (hierna UJSB), P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die Departement van Verdediging (DV)*",* 1964, 24, pp 38 - 39, paragrawe 88 - 90.

SAFISKOR regeringstenders vir wapenaankope toe te ken.[4] Schwartz het nie daarin geslaag om enige tender te kry nie. In 1963 het hy begin om beweringe oor beweerde korrupsie in die Departement van Verdediging (DV) te maak. Sy beweringe het bygedra tot die Verwoerd-regering se besluit om die 1964 Cillié-kommissie aan te stel. Schwartz het voor die kommissie verskyn maar Cillié het nie een van sy beweringe as waar bevind nie.[5] Nog voordat die Cillié-kommissie verby was, is Schwartz op 10 September 1964 dood in ŉ Londense hotel aangetref.[6] Die besonderhede oor sy dood is nooit bekend gemaak nie, maar hy het wel deur sy beweringe daarin geslaag om die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek te loods. Die kommissie het weer die skuld van Barnie van der Merwe beklemtoon maar ook Hans Sieger as ŉ kwaadwillige wapenagent uitgewys. Terselfdertyd was die geleentheid geskep om die Suid-Afrikaanse staat se aankoopproses te analiseer.

In sy verslag beskryf Cillié die Suid-Afrikaanse staat se aankoopproses en hy merk ook op hoe spesifieke kontrakte volgens die aankoopproses gesluit is. Dit is vanselfsprekend dat die sluit van enige kontrak eers begin het met die bekendmaking van ŉ tender. Met die inhandiging van die tenderaansoeke deur wapenagente, namens hul prinsipale, kon die aankoopproses begin wat sou eindig met die sluit van ŉ kontrak met die suksesvolle tenderaar. Die sluit van ŉ amptelike kontrak is net die laaste stap wat die goedere, prys en aflewering aandui (soos wat in Hoofstuk 3 gesien kan word met die Oerlikon-kontrak).

---

4 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 38, paragraaf 89; p 42, paragraaf 95.

5 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 64 - 65, paragraaf 139.

6 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 40, paragraaf 94. Sien ook England & Wales Civil Registration Index 1916-2007, Lionel LW Schwartz op Ancestry.com by https://www.ancestry.co.uk/interactive/7579/ons_d19643az-0692?pid=37626108&backurl (Geraadpleeg: 1/05/2019).

Die wisselwerkinge tussen belanghebbendes voordat die finale besluit vir ŉ tender gemaak word, is waar moontlike onreëlmatighede gevind kan word.[7] Die Cillié-verslag dui in sekere kontrakte hierdie onreëlmatighede aan. Gedurende sy kommissie het Cillié 13 kontrakte (gemerk A-O) ondersoek.[8] Die name van betrokke individue en organisasies word in die meeste kontrakte geheim gehou. Die weglating van die name kan sekerlik met nasionale sekuriteitskwessies uit die vroeë 1960's verbind word. Twee kontrakte waarin ŉ volledige bespreking en uiteensetting deur Cillié in sy verslag gelewer word, sal in hierdie hoofstuk beskryf word. Eers is dit wel belangrik om te kyk na Cillié se bevindinge oor die staat se aankoopproses.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die aankoopproses vir wapens, ammunisie en krygstuig sedert die oorname van die Nasionale Party in 1948 verander het. Cillié moes wel net die aankoopproses, soos gevolg in die vroeë 1960's, analiseer. Die administrasie van minister F.C. Erasmus (1948-1959), die voorganger van J.J. Fouché (1959-1966), het reeds ŉ aankoopproses gevolg wat geskoei was op ŉ stelsel waarin die minister van Verdediging die finale besluit oor aankope kon neem. Die minister het wel adviserende komitees gehad.[9] Hierdie stelsel het gedurende die ampstermyn van Erasmus verander, aldus Jooste.[10]

Na die oorname van Fouché is daar oor die 800 bestellings vir die SAW gemaak. Cillié redeneer dat wapenagente geweet het van die planne om die SAW se bewapening te

---

7 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 117, paragraaf 257.

8 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, Hoofstuk 6.

9 Sien L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", MA-verhandeling, UNISA, 1995, pp 157, 135.

10 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959"*,* p 159.

bespoedig en het natuurlik groot belangstelling getoon.[11] Cillié dui aan in sy verslag watter desperate metodes wapenagente teen 1964 gevolg het om tenders te bekom.[12] Hierdie metodes word kortliks in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Cillié was oortuig dat die Suid-Afrikaanse regering in die algemeen en die DV asook die SAW in die besonder die land se aankoopproses korrek gevolg het. Vir selfverrykingsdoeleindes was wapenagente, volgens Cillié, die hoofbron van die onreëlmatighede wat in die 13 kontrakte te vinde was.[13] Indien wel, kan die hipotese gemaak word dat die invloed wat wapenagente in die aankoopproses teen 1964 geniet het, moontlik geword in die veranderinge aan die aankoopproses gedurende Erasmus se tydperk.

### 4.2 Die aankoopproses gedurende die Erasmus- en Fouché-administrasies (1948 tot 1964)

In die woorde van luitenant-generaal C.L. de Wet du Toit was die Unie Verdedigingsmag (UVM) se uitrusting aan die begin van die Erasmus-era in 1948, in "'n benarde toestand".[14] Die modernisering van die UVM moes drasties plaasvind by wyse van invoere van wapens en krygstuig vanuit gewillige Westerse lande. Dunne argumenteer dat Suid-Afrika se slaankrag alleenlik afhanklik was van die beskikbaarheid van invoerbare militêre voorrade.[15] Nuwe aankope moes dus gemaak word met die hulp en fasilitering van die verkoper. Byvoorbeeld het die VSA se *Mutual Defense Assistance Act*

---

11 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 85, paragraaf 202.

12 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 85-91, paragrawe 202 - 212.

13 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 85 - 91, paragrawe 202 - 212.

14 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", p 134.

15 J.P. Dunne, "The making of arms in South Africa", *The Economics of Peace and Security Journal*, 1, 1, 2006, p 40.

bepaal dat Suid-Afrika gekwalifiseer het vir die aankoop van Amerikaanse militêre voorrade, maar dat die VSA net bereidwillig sou wees om aan die Suid-Afrikaanse regering te verkoop mits spesifieke minerale, soos uraan en mangaan, na die VSA uitgevoer word.[16] Dit blyk dat teen 1948, en kort daarna, enige verkryging van wapens en krygstuig aan Suid-Afrika alleenlik deur middel van ooreenkomste met bereidwillige en goedgesinde lande sou gebeur. Die persoon wat namens die Unie kon besluit was die politieke hoof van verdedigingsake, naamlik die minister van Verdediging.

Gedurende die eerste vyf jaar van sy administrasie het Erasmus direk met sy eweknieë in Brittanje en die VSA onderhandel om vanuit vermelde lande die nodige krygstuig te ontvang.[17] Van 1949 tot en met die einde van die Koreaanse oorlog in 1953, het Erasmus persoonlik met die Britse minister van Verdediging, Manny Shinwell, en Louis Johnson, die Amerikaanse sekretaris van Verdediging, ontmoet om vas te stel wat Suid-Afrika as bondgenoot kon kry ten opsigte van vliegtuie (vir veg- en opleidings-doeleindes) en nuwe krygstuig vir die Suid-Afrikaanse leër.[18] As voorbeeld het Erasmus teen 1953 daarin geslaag om deur sy invloed 47 Vampire- en 34 Canadair Sabre-vegvliegtuie vir die Lugmag aan te koop. Bykomend het ŉ helikopter-eskader tot stand gekom deur die aankoop van Sikorsky- en Alouette-helikopters. Veral met laasgenoemde aankoop het Frankryk vir die eerste keer as ŉ verskaffer van krygstuig aan Suid-Afrika na vore getree.[19]

---

16 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", pp 139 - 140.

17 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", pp 136 - 141.

18 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", pp 141 - 147.

19 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", pp 144 - 145. Sien A. Wessels en L. Marx, "The 1977 United Nations mandatory arms embargo against South Africa: a historical perspective after 30 years", *Journal for Contemporary History,* 33, 1, September 2008, p 72.

Met die verloop van die 1950's het die aankoopproses meer demokraties geword, aldus Heitman.[20] Deur gebruik te maak van komitees, selfs al was dit net adviserend, is die DV se besluite oor aankope deur verskillende mense beïnvloed en selfs gemaak. Liebenberg en Barnard se sosiaal-historiese studie oor wapenaankope voor 1994 voer die argument aan dat 'n sentrale magsfiguur meer in lyn was met die politieke klimaat van die 1950's.[21] Met ander woorde, 'n sentrale magsfiguur soos die minister van Verdediging, wat besluitreg sou hê met enige aankope. Aan die begin van sy ampstermyn het Erasmus hierdie norm gevolg.

Erasmus het dit reggekry om oor 'n tydperk van tien jaar sy departement se beskikbare kapitaal vir aankope en investering te laat groei. In 1948 moes hy klaarkom met net £9 759 000, maar teen die 1956/57-boekjaar kon sy departement £25 250 600 spandeer.[22] Met hierdie fondse tot die DV se beskikking, het Erasmus gesteun op die samewerking van die Hoof van die Generale staf (HGS) en die Verdedigingsuitrustingskomitee om die regte aankope te maak.[23] Sekerlik was dit moontlik vir die HGS en sy adjunk-offisiere om die finale besluit deur die minister te beïnvloed. In die latere jare van sy termyn as minister het Erasmus se gesondheid hom belemmer om met sy volle aandag by elke aankoop betrokke te wees.[24] Met die hulp van die Staatstenderraad (STR) kon aankope vir die DV en SAW verder voortgaan met die bykomende hulp van die adviserende komitees wat Erasmus bygestaan het.

---

20 H.R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag* (Central News Agency, Johannesburg, 1985), p 122.

21 I. Liebenberg & L. Barnard, "Arms acquisition and procurement in South Africa: The socio-history of arms deals with reference to attitudes, strengths and limitations in decision-making (1935-1994)", *Journal for Contemporary History*, 30, 3, Januarie 2005, p 77.

22 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", p 103.

23 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", p 135.

24 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", p 211.

Erasmus het die plaaslike vervaardiging van wapens en krygstuig as ŉ ideaal probeer navolg.[25] Min vordering is gedurende Erasmus se tydperk met wapenvervaardiging gemaak; blykbaar was dit net die Suid-Afrikaanse munt en die krygstuigfabriek, onder die krygsproduksiekantoor se bestuur, wat militêre toerusting kon vervaardig.[26] Selfs met die kleinskaalse vervaardiging deur die SA munt was daar onreëlmatighede te vinde.

Alhoewel Erasmus sukses gehad het met die aankoop van krygstuig in die vroeë jare van sy ampstermyn, het hy nie ŉ goed toegeruste SAW nagelaat nie. Met Fouché se oorname in 1959 was daar weer ŉ groot behoefte vir die SAW om te moderniseer met moderne wapens en krygstuig.[27] Fouché het ŉ aankoopproses geërf waar hy nie die hoofbesluitnemer was nie. Daar was ander rolspelers wat nie op eie houtjie ŉ afspraak vir ŉ wapenagent met Fouché kon maak nie (byvoorbeeld minister Herman Martins wie die wapenagent Lionel Schwartz direk na minister Fouché se kantoor geneem het),[28] maar ook offisiere en staatslui wat ŉ insae in die finale besluit kon hê. Ontmoetings en belonings om spesifieke hooggeplaaste offisiere en staatslui te oortuig van ŉ prinsipaal se produk was ŉ strategie wat wapenagente bereid was om te volg. Die Hans Sieger-saak (soos in Hoofstuk 3 bespreek) is bewys van hierdie stelling. Steeds was Cillié oortuig dat die staat se aankoopproses enige bedrog en omkopery kon verhoed.[29]

---

25 Sien L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959"*,* p 218.

26 L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959"*,* p 219. Sien ook UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 160 - 171, paragrawe 349 - 377.

27 H.R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag*, p 10.

28 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 39, paragraaf 91.

29 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 206, paragraaf 436.

### 4.2.1 Die aankoopproses vir wapens teen 1964

Cillié het die staat se aankoopproses in Hoofstuk 4 van sy verslag bespreek.[30] Sy beskrywing van die aankoopproses lewer die indruk van 'n eenvoudige proses waarin die minister van Verdediging nie die finale besluitreg gehad het nie, maar eerder die lede van die STR. Die volgende grafiese uitbeelding vertoon die verskillende rolspelers wat invloed in enige tender kon hê.





**Figuur 1:** Rolspelers in die aankoopproses

Aankope kon net gedoen word met die samewerking van die Departement van Verdediging, die SAW se HGS, die Raad vir Verdedigingshulpbronne, die sekretaris van Verdediging, die STR en die staatskoper.[31]

---

30 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, Hoofstuk 4.

31 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 207-208, paragraaf 440. Sien ook L. Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959", p 159.




**Figuur 2:** Die verloop van die aankoopproses gebaseer op die Cillié-kommissieverslag

Waar plaaslik vervaardigde wapens en ammunisie aangekoop moes word, is die krygsproduksiekantoor betrek.[32] As ’n staatsdepartement, moes alle aankope vir en deur die Departement van Verdediging vanselfsprekend deur die STR gaan. Ook moes die goedkeuring van die staatskoper verkry word. Sodoende was die poste van staatskoper en die voorsitter van die STR se uitvoerende raad in 1963 geskei. As ’n verdere hulpmiddel om bedrog te bekamp, blyk dit uit Cillié se verslag dat tenders van meer as R1 miljoen deur die STR-voorsitter onderteken moes word voordat die suksesvolle tenderaar in kennis gestel is.[33] Sekerlik sou dit enige tender vir wapens of krygstuig ingesluit het. Die voorsitter van die STR se uitvoerende raad sou nie deur die tenderdokumente kon sien indien daar enige onreëlmatighede plaasgevind het nie. Om

---

32 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 161, paragraaf 350.

33 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, pp 207 - 208, paragraaf 440.

te verseker dat die STR die regte tender kies, was hy afhanklik van die aanbevelings van ŉ adviserende komitee.

Cillié beklemtoon die feit dat twee komitees in die STR aangestel was om oor wapen- en krygstuigaankope te besluit. Die uitvoerende raad (UR) van die STR sou net militêre aankope finaliseer, saam met die staatskoper se goedkeuring, maar aanbevelings is deur ŉ spesiale Komitee vir Militêre Aankope (KMA) gemaak.[34]

Hierdie KMA sou bestaan uit verteenwoordigers van die STR en die departemente van Verdediging, en van Handel en Nywerheid.[35] Eers wanneer die STR die inhoud van ŉ beplande tender goedgekeur het, kon die tender aan die publiek bekend gemaak word. SAW-offisiere en DV-beamptes was nie veronderstel om die inligting oor ŉ tender voor die tyd bekend te maak nie.[36] Daar was enkele gevalle waar die tender, op grond van sekuriteitsredes, nie bekend gemaak kon word nie.[37]

Om ŉ tender te kry moes aanbiedings deur belangstellende wapenagente by die STR ingedien word. Die staatskoper sou dan die geleentheid kry om sy insette oor die gekwoteerde pryse te lewer voordat die toekenning deur die STR gemaak kon word.[38] Gebaseer op die beskrywing hierbo sou dit heel moeilik vir ŉ enkele omgekoopte beampte gewees het om die finale besluit deur die hele aankoopproses te beïnvloed. Omdat die finale besluit vir enige tender nie op een enkele persoon se skouers gerus nie,

---

34 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 207 - 208, paragraaf 440.

35 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 207, paragraaf 439.

36 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 211, paragraaf 447.

37 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 210, paragraaf 445.

38 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 210, paragraaf 445.

is dit maklik om te verstaan waarom Cillié in die onfeilbaarheid van die staat se aankoopproses geglo het. Cillié was oortuig dat ʼn verskeidenheid van betrokke beamptes en komitees juis die oplossing was om onreëlmatige toekennings hok te slaan.[39] Die saak teen Barnie van der Merwe bewys hoe naïef Cillié se oortuiging was. As bykomende bewysstukke sal twee kontrakte in die opvolgende gedeelte bespreek word, wat sal bewys dat die aankoopproses teen 1964 glad nie met elke tender ten volle gevolg was nie. In die een geval was ʼn kontrak deur die bemiddeling van ʼn enkele amptenaar gesluit. Die ander geval bewys hoe beïnvloedbaar die verskillende rolspelers in die spesifieke aankoop was, wat die uitkoms van die spesifieke kontrak onreëlmatig gemaak het.

Die staat se eenvoudige aankoopproses wat Fouché in 1959 geërf het, het hom geen magte gegee om enige onreëlmatigheid vanuit die staanspoor te stuit nie. Alhoewel hy ook deel kon wees met enige aankope, was hy nie die enigste persoon vir wie wapenagente moes probeer beïndruk met hul aanbiedings nie. Hy kon wel genader word vir hulp, soos die Hans Sieger-saak (in Hoofstuk 3) bewys. Fouché se situasie en die aankoopproses in 1964 is nie besonders uniek nie. Paul Holden dui in sy werk aan hoe soortgelyk die situasie was 30 jaar later met die aankope van wapens vanaf 1993:

> *Buying the arms was supposed to be a relatively straight forward process ... The Cabinet sub-committee issued a series of invitations to tender. These invited various arms companies around the world to submit information about the arms they had to offer, including technical specifications and cost of the goods that would be provided ... These tenders would be provided to the government which would then evaluate them in a series of different sub-*

---

39 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 214, paragraaf 454.

*committees ... On these sub-committees were representatives of Armscor, the Department of Defence and its Secretariat, the Department of Trade and Industry and the Department of Finance. After these sub-committees had completed their assessment, this would be referred to the Arms Acquisition Council, which was the last level of approval before the potential purchase and its terms were presented to Cabinet.*[40]

Om die modernisering van die SAW in die vroeë 1960's te bewerkstellig was Fouché afhanklik van die invloed en goedkeuring van die STR en dié se gekose komitee oor militêre sake vir enige militêre aankope. Indien daar enige onreëlmatighede in die gesluite kontrakte was, is dit moeilik om 'n saak teen Fouché as die minister te maak. Gedurende sy termyn is oor die 800 koopkontrakte gesluit waarvan enkeles deur onreëlmatige handelswyses voltrek is.[41] Om aankope te bespoedig, het Fouché die ongekende besluit geneem om 'n persoonlike verteenwoordiger vir aankope aan te stel.

### 4.2.2 Aankope en vervaardiging gedurende die Fouché-administrasie (1959-1964)

Van der Waag beoordeel die aankope gedurende die Fouché-tydperk as deel van die "rehabilitasie van die Suid-Afrikaanse Weermag".[42] Om die "rehabilitasie" van die SAW te voltooi moes Fouché meer befondsing van die staat ontvang. Rogerson skryf dat die begroting vir die DV gedurende Fouché se termyn met 500% gegroei het.[43] Met 'n groter

---

40 P. Holden, *The Arms Deal in your pocket* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2008), p 16.

41 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, p 85, paragraaf 202.

42 I. van der Waag, *A military history of modern South Africa* (Jonathan Ball Publishers, Cape Town, 2015), p 244.

43 C.M. Rogerson, "Defending Apartheid: Armscor and the Geography of Military Production in South Africa", *GeoJournal A New South Africa – A New South African Geography?* 22, 3, November 1990, p 244.

begroting kon Fouché se departement meer tenders aanvra. Die uitreik van tenders en die betaling vir goedere was wel uit sy hande: die STR en staatskoper moes die minister hierin dien.[44]

Dit blyk dat Fouché onder druk was om aankope te bespoedig, selfs voor, maar veral ná, die verklaring van die VN se wapenverbod in 1963.[45] Vanselfsprekend sou die selfvervaardiging van wapens en krygstuig ŉ metode wees om die wapenverbod te ontduik. Selfvervaardignig sou wel gepaard gaan met ŉ breër lys van tenders en aankope. Met aankope vanaf plaaslike nyweraars sou die nodige steun aan Fouché se ideaal vir selfvervaardiging vanuit industriële geledere verseker word. Om die vervaardiging van wapens en krygstuig te bespoedig het Fouché in sy kapasiteit as die minister vir Verdediging vir dr. Frikkie Meyer op 3 Mei 1961 aangestel.[46] Meyer was die hoof van YSKOR van 1948 tot 1966.[47] Dit blyk dat Fouché gereken het dat Meyer se ervaring in en kennis oor die plaaslike vervaardigingsektor handig sou wees om ŉ permanente wapen en krygstuigvervaardigingindustrie in Suid-Afrika te vestig.

Fouché het Meyer aangestel as die kontroleerder-generaal vir die bevordering van plaaslike nywerhede vir die vervaardiging van Suid-Afrikaanse verdedigingtoerusting.[48] Meyer was regstreeks aan minister Fouché verantwoordelik. Sy taak was om vervaardiging te bespoedig met inagneming van die staat se fasiliteite, en ook om met

---

44 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 208, paragraaf 441.

45 C.M.Rogerson, "Defending Apartheid: Armscor and the Geography of Military Production in South Africa", p 244. Sien ook. A. Wessels en L. Marx, "The 1977 United Nations mandatory arms embargo against South Africa: a historical perspective after 30 years", *Journal for Contemporary History,* 33, 1, September 2008, p 72.

46 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 162 - 163, paragraaf 353.

47 Anon, *Yskor* (Thomson Publication, Johannesburg, 1975), p 12.

48 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, 24, pp 162 - 163, paragraaf 353.

private nyweraars saam te werk. Meyer kon, waar moontlik, kontrakte aan private ondernemings toeken sonder dat hy moes wag vir uitsluitsel deur die STR.[49]

As Fouché se regterhand, wat nie op die gewone skaal van staatsbeamptes se salarisse vergoed sou word nie, moes Meyer wel verantwoordbaar wees vir al sy handelinge. Meyer het tot ŉ mate ŉ sentrale magsfiguur geword wat op ŉ kleiner skaal as Erasmus in die vroeë 1950's gehandel het. Cillié was van mening dat Meyer se aanstelling binnelandse aankope bemoeilik het en ongewoon was binne die staatsdiens.[50] Dit is nie duidelik uit die Cillié-kommissieverslag hoe lank Meyer hierdie posisie beklee het nie, maar sy aanstelling kan sekerlik as onreëlmatig gesien word.

Meyer se aanstelling het nie ongesiens verby gegaan nie; dit is in die Senaat bespreek. Senator J.J.M. van Zyl (Senator vir Suidwes-Afrika) het Meyer se aanstelling ondersteun en aan die minister gevra om Meyer se magte met die DV se plaaslike aankope te vergroot. Hy het die volgende versoek op 13 Maart 1962 aan Fouché gerig:

> *Meneer die President, ek glo ons moet sy (Meyer) se dienste hê. Ek glo ons kan nie sonder sy dienste klaarkom nie. Maar dink die Minister nie tot die onmiddellike hulp van dr. Meyer behoort daar ŉ klein komitee van nyweraars te wees nie?* [51]

Dis nie bekend of Fouché hieraan gehoor gegee het nie. Wat senator Van Zyl nie geweet het nie is dat dr. Meyer sy pligte as Fouché se aangestelde verteenwoordiger nie altyd

---

49 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 162 - 163, paragraaf 353.

50 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 207 - 208, paragraaf 440.

51 RSA Hansard, *Debatte van die Senaat,* 13 Maart 1962, p 2089.

behoorlik nagekom het nie. Veral die sluit van ŉ kontrak vir kanonkoeëldoppe was onreëlmatig beklink.

Deel van die 13 kontrakte wat Cillié gedurende die kommissie bestudeer het, was ŉ kontrak wat met die Suid-Afrikaanse munt, die krygsproduksiekantoor (onder die bestuur van kolonel W.G. Driver), ŉ private nyweraar en dr. Meyer, namens die DV gesluit is. Die vervaardiging en verkoop van kanonkoeëldoppe was die fokuspunt van die kontrak wat deur onreëlmatige handelswyses voltrek is. Hierdie geval het verdere bewyse gelewer dat onreëlmatighede met militêre aankope nie uitsluitlik deur wapenagente gepleeg is nie.

### 4.3 Onreëlmatige kontrak vir militêre aankope deur DV- en SAW-geledere

Teen die vroeë 1960's het die Suid-Afrikaanse Munt (SA Munt) kanonkoeëldoppe vir die artillerie vervaardig. Planne was beraam om aan private nywerhede die tender toe te ken om dieselfde produk goedkoper te vervaardig en aan die SAW te lewer. ŉ Ware klugspel was die gevolg waarby kolonel W.G. Driver van die krygsproduksiekantoor, die eienaars van McKechnie Enfield Rolling Mills (hierna McKechnie) en dr. Meyer, namens Fouché, betrokke was.

Besluite oor wie die kanonkoeëldoppe moes vervaardig is herhaaldelik verander. Eers was die plan om die munt se ammunisie-afdeling te sluit en om die ou masjinerie te verkoop. Driver het hierteen ŉ beswaar gehad en wou nie die vervaardigingsproses van kanonkoeëldoppe heeltemal privatiseer nie.[52] McKechnie het belang gestel om die vervaardiging oor te neem nadat die spesifieke tender aan die publiek bekend gemaak sou word. [53]

---

[52] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 161, paragraaf 351.

[53] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 163 - 164, paragraaf 355.

Gedurende ŉ amptelike reis na Europa om na nuwe masjinerie te kyk, het Driver op eie houtjie besluit om nuwe masjinerie aan te koop vir die toekomstige vervaardiging van kanonkoeëldoppe.[54] Omdat Driver en Meyer nooit tot ŉ finale besluit hieroor gekom het nie, het Driver se planne ontspoor. Verdere besprekings tussen Driver en McKechnie, deur middel van dr. Meyer se bydraes, het gelei tot die besluit dat die SA munt net ŉ gedeelte van die vervaardigingsproses sou hanteer en McKechnie die volledige kanonkoeëldoppe aan die SAW sou aflewer.[55] Kort daarna het dr. Meyer die finale besluit self geneem dat McKechnie alleenlik die tender moes kry, sonder om vir Driver of die SA Munt vooraf in kennis te stel.[56] Sekerlik kan Meyer se handelswyse as onreëlmatig bestempel word en die herbesinning van die oorspronklike plan as drasties.

Die SA munt het dus ŉ goeie geleentheid misgeloop as gevolg van ŉ onreëlmatige beslissing deur Meyer met die toekenning van ŉ tender. Hierdie was ŉ kontrak vir ammunisie wat deur die amptenary en ŉ offisier van die SAW op ŉ onreëlmatige manier gesluit was. Ten spyte van Meyer se outokratiese besluit, was Cillié steeds oortuig dat wapenagente die aanhitsing tot onreëlmatige handelwyses was. Die volgende geval het sy argument bevestig.

### 4.4 Onreëlmatige kontrak deur wapenagente namens hul prinsipale

Stemmet *et al.* verduidelik dat Suid-Afrika as ŉ kliënt deel van ŉ internasionale netwerk van wapenhandelaars en vervaardigers was.[57] Cillié erken ook in sy verslag dat die

---

54 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 161, paragraaf 350.

55 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 160 - 171, paragrawe 349 - 377.

56 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 169, paragraaf 368.

57 J-A. Stemmet, K. Stemmet en B. Senekal, "South Africa in the international arms trade network (ATN) during national party rule (1948-1994): a network analysis", *Journal of Contemporary History,* 40, 2, Desember 2015, pp 53 - 56.

handel in wapens, binne hierdie netwerk, baie kompeterend kan wees.[58] Volgens Cillié het daar twee soorte wapenagente bestaan. Daar was eerstens agente wat die belange van hul prinsipale en kliënte beskerm het, en seker gemaak het dat inligting oor die produk akkuraat was en dat daar by afleweringstye gehou word. Dan was daar die ander soort wapenagent wat, volgens Cillié, niks meer was as ’n gewone smous nie.[59]

Die volgende kontrak kan as voorbeeld dien om Cillié se siening, dat daar bedrog gepleeg is deur wapenagente met staatstenders, te verduidelik. Hy het wel nie erken dat die einste kontrak ook die swakpunte van die aankoopproses vertoon het nie. Terselfdertyd lewer dieselfde kontrak, soos bespreek hieronder, die indruk dat dit maklik vir wapenagente was om die amptenary en SAW-offisiere te beïnvloed ten opsigte van die uitreik van tenders.

In 1962 was dit nodig om nuwe seinapparatuur vir die Vloot aan te koop en verskaffers is gevra om hul tenderdokumente in te handig. Die Nederlandse maatskappy, Hollandse Signaal Apparaten (HOSA), Contravenes van Switserland, en die Franse firma C.F.T.H. het elkeen aanbiedings ingestuur.[60] Contravenes se aanbod is gekies, maar die wapenagent Nikolaas van Nieuwenhuizen, wat die Italiaanse maatskappy Galileo verteenwoordig het, het dit reggekry om die toekenning te stop. Selfs nadat verdere toetse op die toerusting van die verskillende maatskappye gedoen is en besoek gebring is aan die maatskappye se fabrieke in Europa, was Contravenes steeds die suksesvolle

---

58 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, 24, pp 91 - 92, paragraaf 212.

59 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 84, paragraaf 201.

60 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 150, paragraaf 326.

tenderaar. Alhoewel HOSA en C.F.T.H die beslissing aanvaar het, kon Van Nieuwenhuizen dit glad nie aanvaar nie.[61]

Voordat die kontrak aan Contravenes uitgereik kon word, het ŉ hoofbeampte van Galileo, in die Cillié-verslag net bekend as dr. De Lello, na Suid-Afrika gereis. As die verteenwoordiger van Van Nieuwenhuizen se prinsipaal, wou De Lello die aankoopproses beïnvloed. Sy plan was om direk met die SAW se Kommandant-generaal, Piet Grobbelaar, te praat. Alhoewel Grobbelaar met De Lello ontmoet het, blyk dit uit die Cillié-verslag dat hy nie De Lello se versoek ondersteun het om sy aanbeveling vir Galileo se toerusting te gee nie.[62] De Lello het wel ŉ simpatieke oor van ŉ brigadier P.M. Retief gekry.

Brigadier P.M. Retief was deel van die komitee wat die toekenning moes maak. Dit blyk dat Retief Galileo se aanbieding ondersteun het, veral toe die saak gedurende ŉ vergadering in Kaapstad ter sprake gekom het.[63] Retief kon nie voorsien dat sy ondersteuning vir Galileo se aanbod omvergegooi sou word toe ŉ ander Italiaanse maatskappy, Selenia, ook vir dieselfde tender in Januarie 1964 ŉ aanbod gemaak het nie. Selenia het die ondersteuning van die kommandant-generaal geniet.[64] Retief het sy misnoeë duidelik voor die komitee gemaak en het daarop aangedring dat Galileo die tender moes kry.[65]

---

61 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 150 - 154, paragrawe 327 - 336.

62 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 155 - 157, paragrawe 337 - 342.

63 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 150 - 156, paragrawe 326 - 341.

64 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 156 - 157, paragraaf 342.

65 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 24, pp 156 - 159, paragrawe 342 - 345.

Grobbelaar het voet by stuk gehou en sy goedkeuring by Selenia geplaas, wat beteken het dat Contravenes hul tender verloor het.[66] Grobbelaar se besluit is deur die komitee aanvaar.[67] Nêrens word die rol van die STR in hierdie geval in Cillié se verslag genoem nie. Dit skep die indruk dat die STR en die staatskoper maar net administratiewe formaliteite teen 1964 was. Hierdie geval beeld ook uit hoe vrypostig wapenagente, met of sonder hul prinsipale, met SAW-offisiere gehandel het vir hul eie suksesvolle tenders. Dit was juis hierdie oorywerige en onbeskaamde handelswyses wat Cillié oortuig het dat enige onreëlmatigheid met wapenaankope voor 1964 hoofsaaklik deur wapenagente en hul prinsipale gepleeg is.

**4.5 Onreëlmatige gedrag deur wapenagente**

Buiten die onprofessionele vennootskappe tussen wapenagente, SAW-offisiere en beamptes, soos die Barnie van der Merwe- en Nikolaas van Nieuwenhuizen-gevalle bewys, was daar ander onreëlmatige handelswyses deur wapenagente wat Cillié gepla het. Hierdie onreëlmatige handelswyses het gebeur voordat die volledige verloop van die amptelike aankoopproses voltooi was.

Cillié was ongemaklik met die spesiale gunste wat wapenagente aan Suid-Afrikaanse beamptes en offisiere gelewer het terwyl laasgenoemde in die buiteland rondgereis het. As voorbeeld lewer Cillié die geval van meneer Karel Jordaan, ŉ amptenaar by die krygstuigproduksiekantoor. Jordaan is vir besigheid na Zürich, Switserland, gestuur en die wapenagent Hans Sieger het hom daar ontmoet.[68] Vanselfsprekend wou Sieger enige

---

66 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 157, paragraaf 343.

67 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 159, paragraaf 347.

68 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 115, paragraaf 253; pp 86 - 88, paragraaf 205.

tenders met die hulp van die krygsproduksiekantoor ontvang; hy het Jordaan gratis laat oorbly by die spoggerige Hotel Strachan ('n hotel wat deur sy prinsipaal Oerlikon besit is), Jordaan vir duur etes geneem en ook, soos Cillié dit eenvoudig verwoord, met "onbetaamlike vermaak" bederf.[69] Dit is nie duidelik in Cillié se verslag wat presies onbetaamlik was met die vermaak wat Sieger vir Jordaan gereël het nie. Netso lewer Cillié geen antwoord of die gunste vir Jordaan enige tender ten gunste van Sieger laat beklink het nie.[70] Die feit dat Sieger Jordaan se ondersteuning deur die vermelde gunste wou omkoop, was genoeg bewys vir Cillié dat Sieger onreëlmatig opgetree het.[71]

Cillié het nie enige oplossing gehad ten opsigte van geskenke wat beamptes en offisiere van wapenagente en hul prinsipale ontvang het nie. Klein en goedkoop geskenke was volgens Cillié aanvaarbaar, maar waar om presies die lyn te trek was nie 'n punt waarop hy uitspraak wou lewer nie. Toe 'n fabrikant vir die sekretaris van Verdediging, J.P. de Villiers, 'n pistool gegee het en laasgenoemde dit van die hand gewys het, was dit vir Cillié voorbeeldige gedrag.[72]

Cillié noem in sy verslag dat wapenagente gereeld met beamptes en offisiere tyd gespandeer het om bykomende inligting te bekom sodat hul tenderaansoeke meer gesofistikeerd as hul mededingers s'n sou wees.

---

69 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 115, paragraaf 253; pp 86 - 88, paragraaf 205.

70 UJSB, P.M. Cillié, ""Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 115, paragraaf 253.

71 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 115, paragraaf 253; pp 86 - 88, paragraaf 205.

72 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 88, paragraaf 206.

Die druk wat Nikolaas van Nieuwenhuizen op Julius Rencken en John Deacon geplaas het om inligting vanuit die Poynton-gebou in Pretoria te bekom, het Cillié se punt bewys.[73]

Volharding om tenders te kry was ook vir Cillié onaanvaarbaar. Blykbaar het Van Nieuwenhuizen selfs vir die eerste minister, Verwoerd, geskryf sodat sy tenderaansoek suksesvol kon wees.[74] Dit is moeilik om te glo dat dr. Verwoerd enigsins aandag aan Van Nieuwenhuizen se brief sou gegee het. Van Nieuwenhuizen het besef dat dit ŉ fout was en het sy fout op sy onervarenheid blameer.[75]

Desperaatheid het die wapenagente gedruk om leuens oor hulself te vertel sodat hulle ŉ beter kans kon staan om ŉ tender te kry. Die wapenagent, Lionel Schwartz, het byvoorbeeld aan verskillende mense vertel dat hy namens die minister van Verdediging kon onderhandel.[76] Dwarsboming van die tenderproses is ook deur wapenagente gedoen. Om hierdie punte te bewys, gebruik Cillié weereens Schwartz as voorbeeld deur na sy telegramme te verwys wat hy na sy SAFISKOR-kollegas gestuur het om seker te maak dat sy mededinger, Admiraal Fay van OFEMA, nie met Fouché oor OFEMA se militêre produkte kon praat nie.[77]

---

73 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging", 1964, 24, pp 88 - 89, paragraaf 207.

74 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 89 - 90, paragraaf 209.

75 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 89 - 90, paragraaf 209.

76 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 93 - 94, paragraaf 215.

77 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, 1964, 24, pp 91 - 93, paragraaf 211.

Vir Cillié was bedrog die toppunt van die bewerings oor onreëlmatighede. Hy noem die geval in sy verslag waar Oerlikon se dr. Gerber die totale bedrag van die bestelde krygstuig verhoog het sodat hy en die hoofoffisier van die weermag wat die bestelling geplaas het, saam in die kommissie kon deel.[78] Die kwessie van buitensporige bedrae vir kommissie aan wapenagente was vir Cillié die rede waarom wapenagente onreëlmatig gehandel het. Cillié was oortuig dat die wapenagent se prinsipaal, wat hul agentskap aan die wapenagent toegeken het, enige onreëlmatighede kon bekamp deur die begeerte vir hoë kommissies te stuit.[79]

### 4.6 Ten slotte

Die 1964 Cillié-kommissie sou nooit saamgestel gewees het as dit nie vir die beweringe van Lionel Schwartz was nie. Omdat Schwartz as ŉ leuenaar uitgewys was, kon geen van sy beweringe omskep word as aanklagte oor die verspreiding van geheime inligting oor wapenaankope nie. Sy beweringe het wel belangstelling gewek en hom ongetwyfeld ŉ onpopulêre figuur in die netwerk van wapenagente gemaak. Buiten vir Barnie van der Merwe, Hans Sieger en Lionel Schwartz, moes Cillié ook kyk na die staat se aankoopproses om te bepaal of enige onreëlmatighede as gevolg van die proses moontlik was. Cillié was van mening dat die aankoopproses behoorlik opgestel was – ŉ proses wat gedurende die Erasmus-tydperk verander het. Alhoewel Fouché aan die stuur van die DV was, het hy nie die verantwoordelikheid as die finale besluitnemer oor enige wapen- of krygstuigaankope gehad nie. Met sy oorname as minister van Verdediging, moes die STR en staatskoper tegnies gesproke elke tender behartig. Invloede van buite

---

78 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 94 - 95, paragraaf 216.

79 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 95 - 96, paragraaf 217.

en binne die aankoopproses kon die finale besluit beïnvloed. Dit het nie beteken dat elke moontlike onreëlmatigheid deur die aankoopproses bekamp was nie.

Fouché se aanstelling van dr. Fanie Meyer, en die magte wat hy geniet het, was besonders vreemd vir Cillié. Die invloed wat Meyer gehad het met die tender vir kanonkoeëldoppe het aangetoon hoe amptenare en ook SAW-offisiere self onreëlmatig met militêre aankope gehandel het, sonder die invloed van enige wapenagent of prinsipaal. Cillié het dit nie so ingesien nie en was oortuig dat wapenagente namens hul prinsipale die hoofrede was vir die beweerde omkopery en bedrog, wat sy kommissie van ondersoek noodsaaklik gemaak het.

Die kontrakte wat hy gedurende die kommissie ondersoek het, was genoeg bewys van ŉ beïnvloedbare en feilbare aankoopproses. In ŉ tyd waar die buitelandse druk op Suid-Afrika strenger geword het, was ŉ feilbare aankoopproses glad nie wat Suid-Afrika benodig het nie. Nog minder ŉ aankoopproses waarin wapenagente hul taktiek kon implementeer om ŉ beampte of ŉ SAW-offisier se aanbevelings te beïnvloed, ongeag watter hoedanigheid hulle deel van die aankoopproses was. Cillié het ŉ fout gemaak toe hy nie die aankoopproses in diepte en grondig ontleed het nie. Dit was wel duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering drastiese stappe moes neem om die SAW se bewapening te bespoedig sonder die dominante insae van wapenagente of hul prinsipale. In die volgende hoofstuk sal daar verduidelik word watter veranderinge die regering ná die 1964 Cillié-kommissie geïmplementeer het om die SAW onafhanklik te bewapen. Die veranderinge wat vanaf 1965 geïmplementeer is, het dit moeiliker vir wapenagente, amptenare en SAW-offisiere gemaak om die aankoopproses te beïnvloed. Sekerlik kan daar ŉ saak uitgemaak word dat die 1964 Cillié-kommissie bygedra het tot die veranderinge wat in 1965 bewerkstellig is. Met die inhandiging van Cillié se verslag kon

die proses van verandering begin. Op 14 Oktober 1964 was die werk van die kommissie van ondersoek afgehandel.

Tot 9 Desember 1964 het Cillié die kans gehad om sy verslag op te stel sodat hy dit teen 10 Desember 1964 aan die staatspresident kon oorhandig.[80]

---

80 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 247, paragraaf 521.

# HOOFSTUK 5

# Gevolgtrekking

## 5.1 Inleiding

Op 10 Desember 1964 het regter P.M. Cillié sy verslag by staatspresident C.R. Swart se kantoor ingehandig.[1] Hy het sy opdrag, wat hy op 24 Maart 1964 van die staatspresident ontvang het, voltooi. Logies moes die minister van Verdediging, J.J. Fouché, en die eerste minister, dr. H.F. Verwoerd, kennis van die verslag se inhoud dra. Omdat die kommissie *in camera* gehou was, kon die verslag nie aan die publiek openbaar gemaak word nie.

Cillié se verslag het hoofsaaklik uit vyf gedeeltes bestaan. Ná ŉ kort verduideliking waarom die kommissie tot stand gekom het, was die fokus van die opvolgende gedeelte op die individue wat volgens Cillié skuldig aan omkopery en bedrog was. Drie hooffigure is deur Cillié uitgesonder: kommandant Barnie van der Merwe en die twee wapenagente, Hans Sieger en Lionel Schwartz. Die derde gedeelte het die staat se aankoopproses ondersoek. Die vierde gedeelte het gefokus op die 13 kontrakte wat Cillié gedurende die kommissie bestudeer het. Die laaste gedeelte het Cillié se voorstelle vir toekomstige aankope met wapenagente behels.

Ten opsigte van die aankoopproses het Cillié die proses se maatreëls as voldoende beskou.[2] Cillié was van mening dat die ambisieuse individu die aankoopproses wel kon misbruik het, maar dat enkele gevalle van bedrog nie genoeg bewys was van

---

1 Universiteit van Johannesburg Biblioteek, Spesiale boekversameling (hierna UJSB), P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die Departement van Verdediging (DV)*",* 1964, 24, p 247, paragraaf 521.

2 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 247, paragraaf 520.

wydverspreide korrupsie in die Departement van Verdediging (DV) of in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) nie.[3] Bykomend was die inhoud van spesifieke kontrakte vir Cillié problematies. Die inmenging met tendertoekennings deur wapenagente kon duidelik gesien word in die 13 kontrakte wat Cillié ondersoek het. Dit het nie beteken dat die DV-amptenary en SAW-offisiere onskuldig was in enige onreëlmatige sluiting van ŉ kontrak nie. Steeds was die wapenagent die aanhitser om tenders in hul guns te beklink, aldus Cillié.[4] Hul ambisie vir selfverryking was die rede vir onreëlmatighede met die aankoop van wapens en krygstuig. Ten opsigte van die DV en SAW het Cillié die volgende in sy verslag geskryf:

> *Die kommissie verklaar dat daar geen waarheid steek in die beweringe van algemene of wydverspreide korrupsie of onreëlmatige optrede in die Weermag of in die Departement van Verdediging nie. Waar gevalle van korrupsie of onreëlmatigheid voorgekom het, was dit beperk met betrekking tot die aantal persone wat daaraan deel gehad het*.[5]

Vir Cillié was dit belangrik om die private wapenagent uit te skakel.[6] Indien Suid-Afrika militêre aankope kon doen sonder die inmenging van wapenagente, sou Suid-Afrika die voordeel daaruit trek. Cillié beskryf sy idee as volg:

---

3 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 247, paragraaf 521.

4 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 98 - 100, paragrawe 224 - 225.

5 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 247, paragraaf 520.

6 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 98 - 100, paragrawe 224 - 225.

*Die verreikendste optrede sou wees om geen sake deur agente te doen nie. By die aankoop van hooftoerusting soos skepe en vliegtuie of kanonne mag dit wenslik en gerieflik wees om direk met die fabrikant te onderhandel.*[7]

Hierdie aanbeveling was in lyn met die begeerte wat ministers F.C. Erasmus en J.J. Fouché gekoester het.[8] Ook die eerste minister het dit duidelik gemaak dat Suid-Afrika self die SAW met ’n moderne arsenaal moes bewapen.[9] Alhoewel Cillié tevrede was met die staat se aankoopproses, was die Verwoerd-regering nie van plan om ná 1964 met die dieselfde aankoopproses voort te gaan nie.[10] Wapens en krygstuig moes vinniger verkry word sonder die probleme wat invoere van buitelandse vervaardigers kon skep. Die bykomende druk van die VN se 1963-wapenverbod het aan Suid-Afrika net een uitweg verskaf en dit was die selfvervaardiging van krygstuig en wapens.

Is dit moontlik dat die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek die Suid-Afrikaanse regering gehelp het om tot die finale beslissing te kom dat selfvervaardiging van krygstuig en wapens die enigste uitweg was? Het die bedrog en ander onreëlmatighede uit Cillié se verslag die nodige argumente aan die regering verskaf om so vinnig moontlik minder wapens en krygstuig in te voer? In lyn met die navorsingsvrae wat in die eerste hoofstuk uiteengesit is, beoog hierdie hoofstuk om juis hiérdie vrae te beantwoord.

---

7 UJSB, P.M. Cillié, “Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*”,* 1964, 24, p 98, paragraaf 224.

8 Sien A.N. Pelzer (red.), *Verwoerd aan die woord: Toesprake 1948-1962* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963), pp 544 – 545; asook C.M. Rogerson, “Defending Apartheid: Armscor and the Geography of Military Production in South Africa”, *GeoJourna*l *A New South Africa – A New South African Geography?* 22, 3, November 1990, p 244.

9 D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness: ’n Biografie oor oud-president PW Botha* (Vaandel Uitgewers, Mosselbaai, 1997), p 56.

10 W.A. Terrill, “South African Arms Sales and the Strengthening of Apartheid”, *Africa Today,* 31, 2, 1984, p 4.

Helaas volg ook 'n kort verduideliking van die gebeure ná die 1964 Cillié- kommissie ten opsigte van Suid-Afrika se wapen- en krygstuigvervaardiging.

### 5.2 Die 1964 Cillié-kommissie: sinopsis en sintese

#### 5.2.1 Die verloop van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek se werksaamhede: 'n sinopsis

Sewe maande lank (April tot Oktober 1964) het Cillié as die hoof van die een-man-kommissie van ondersoek gedien. Die kommissie se sittings is hoofsaaklik in die ou Sinagoge in Pretoria gehou.[11] Twee en tagtig getuies het voor die kommissie verskyn, insluitend twee uit die drie beskuldigdes wat hy in sy verslag uitgesonder het. Kommandant Barnie van der Merwe en die wapenagent Lionel Schwartz was van die eerste getuies wat voor die kommissie verskyn het. Advokate C.N. van der Walt, H. Moll en J.J. Strydom het die getuies ondervra. Waar getuies nie voor die kommissie kon of wou verskyn nie, is hul verklarings in briewe aanvaar. Dit is juis wat die wapenagent Hans Sieger gedoen het.[12]

Met inligting wat deur getuienis of deur verklarings verkry is, het Cillié bewyse van onreëlmatighede gehad. Sy bewyse het aangedui dat wapenagente, prinsipale, SAW-offisiere en DV-amptenary onreëlmatig opgetree met die aankoop van wapens en krygstuig vir die SAW. Om hierdie stelling te bewys, word kortliks verwys na spesifieke gevalle en kontrakte, soos in vorige hoofstukke bespreek. Waar nodig sal bykomende, relevante gevalle en kontrakte, soos in dieselfde verslag bespreek, vermeld en kortliks beskryf word.

---

11 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, p 3, paragraaf 3.

12 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, p 3, paragraaf 3.

### 5.2.2 Bewyse van onreëlmatighede deur wapenagente en verskaffers

Vir Cillié was wapenagente en hul prinsipale die hoofbron van die onreëlmatighede met aankope. Dit is waar dat Cillié nie ander betrokke individue in sy verslag geïgnoreer het nie, maar hy het nie hul onreëlmatige handelswyses ernstig genoeg geag nie. Daardeur het Cillié 'n fout begaan. Sekerlik moes die wapenagent Nikolaas van Nieuwenhuizen van Interarmco ook uitgesonder word vir onreëlmatige handelswyses. Dit was juis hy wat geheime inligting oor militêre aankope van Julius Rencken en John Deacon gekry het.[13] Wat hom dalk immuniteit teen vervolging verskaf het, was die feit dat hy saam met die Suid-Afrikaanse polisie gewerk het om Rencken, Deacon en Van der Merwe vas te trek. Ander buitelandse wapenagente soos Henry Jaboulay en Nicholas Yale se bereidgewilligheid om omkoopgeld te betaal, bewys ook hul skuld.[14] Sekerlik was dit onreëlmatig van die DV om hierdie vermelde wapenagente nie te vervolg nie.

Ander besigheidsmanne se omkopery moet nie vergeet word nie. Onder andere was Louis Ossip en Johan Bernard Litscher gewillig om omkoopgeld te betaal om hul kanse vir tenders te verbeter.[15] Net Rudolph Kubler was vry van enige skuld.[16]

Tesame met die gewilligheid om omkoopgeld te betaal, was daar ander pogings om 'n direkte invloed in die tenderproses te kry. Persoonlike besoeke en gunste aan DV-

---

13 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 31, paragrawe 71 - 72 en pp 34 - 35, paragrawe 77 - 80.

14 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 18 - 19, paragrawe 36 - 38.

15 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 22 - 23, paragrawe 47 - 49 en pp 23 - 24, paragrawe 50 - 52.

16 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 20 - 21, paragrawe 40 - 42.

beamptes en SAW-offisiere, die dwarsboming van die tenderproses en die uitdeel van geskenke aan DV-beamptes en SAW-offisiere was vir Cillié onaanvaarbaar.

Die beweringe deur Lionel Schwartz het getoon dat hy en ander wapenagente hulself aan sulke onaanvaarbare handelswyses skuldig gemaak het.

Dit blyk uit die Cillié-verslag dat Schwartz probeer het om die aankoopproses te dwarsboom. Om seker te maak dat sy mededinger, Admiraal Fay van OFEMA, nie met Fouché vergader nie, het hy sy SAFISKOR-kollegas beveel om enige vergadering met die minister te probeer stop.[17] Of hulle sy bevel gehoorsaam het of nie, die feit dat Schwartz Fouché se ontmoetings met mededingers wou belemmer, maak Schwartz skuldig aan onreëlmatige gedrag.

Terwyl hy in die buiteland was, het Schwartz deur middel van ŉ kabelgram adjunk-minister Herman Martins, sy SAFISKOR-kollega, gevra om geleenthede vir sy buitelandse vennote met Fouché te reël sodat die minister SAFISKOR vir enige moontlike tender sou verkies.[18] In Frankryk het hy ook onwaarhede oor Martins vertel sodat hy Franse prinsipale en regeringslui kon beïndruk.[19] Dit het hy gedoen met die doel om die agentskap van Franse prinsipale te bekom sodat hy dadelik namens hulle in Suid-Afrika kon handel.

Hans Sieger het mildelik geskenke en gunste aan DV-beamptes en SAW-offisiere uitgedeel sodat hulle sy tenderaanbiedings sou ondersteun. Hy was nie alleen nie. Sy prinsipaal Oerlikon het die uitdeel van geskenke ondersteun. Dit was in die Hotel

---

[17] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 92 - 93, paragraaf 213.

[18] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 48 - 49, paragraaf 105.

[19] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 40 - 42, paragraaf 95.

Strachan, wat deur Oerlikon besit was, waar Karel Jordaan, ŉ krygsproduksiekantoorbeampte, sogenaamde onbetaamlike vermaak kon geniet terwyl hy gratis by die hotel oorgebly het.[20] Ander wapenagente, waaraan Cillié nie te veel aandag geskenk het nie, het ook geskenke aan DV-beamptes en SAW-offisiere gegee. Die Citroën-motor wat Henry Jaboulay en Nicholas Yale vir kommandant Barnie van der Merwe gekoop het, is net een enkele geval wat Cillié gedurende die kommissie aangehoor het.[21]

Hans Sieger het deur ŉ unieke manier die tenderproses ook probeer dwarsboom. Deur vroeë afleweringstye te belowe het hy daarin geslaag om die tender vir Oerlikon-geskut te beklink. Om sy kommissie te vergroot en om die staat se rekening met Oerlikon in krediet te hou, is die verdere aanskuiwing van die afleweringsdatums gereeld gedoen.[22] Die feit dat die bestelde goedere nooit na Suid-Afrika gestuur is nie, maak beide Sieger en Oerlikon skuldig aan bedrog. Oerlikon se verdediging rus op die Switserse regering se besluit om nie die nodige toestemming te verleen dat die bestelde goedere na Suid-Afrika gestuur mag word nie.[23] Dit maak Oerlikon steeds skuldig. Hulle het ŉ deposito aanvaar vir goedere wat nooit afgelewer is nie. In vergelyking met die bestelde Buccaneer-vegvliegtuie wat die Suid-Afrikaanse staat van Brittanje aangeskaf het, was dié afgelewer met die voorwaarde dat dit die laaste kontrak sou wees wat die Wilson-

---

20 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 115, paragraaf 253, pp 86 - 88, paragraaf 205.

21 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 19, paragraaf 38.

22 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 183 - 184, paragraaf 396.

23 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, pp 188 - 189, paragraaf 405.

regering sou toelaat.[24] Ten spyte van die 1963 VN-wapenverbod het Brittanje nie agter die wapenverbod geskuil nie en die maatskappy Hawker-Siddeley toegelaat om die kontrak te voltrek.[25] Alhoewel die Switserse regering gehoor gegee het aan die VN se wapenverbod, is Oerlikon steeds skuldig as gevolg van hul versuim om bestelde goedere nie af te lewer nie. Oerlikon kon miskien onskuldig wees in enige van die onreëlmatighede wat Sieger uit sy eie oortuiging gepleeg het.

Bykomend hiertoe was die verspreiding van beweringe ŉ ernstige saak vir Cillié. Dit het nie alleenlik die DV en SAW se beeld geskaad nie, maar dit kon ook lei tot die openbaring van geheime inligting. Indien enige bewering korrek was, kon dit groot skade aan Suid-Afrika se beeld as wapenaankoper aanrig. Die persoon wat die beweringe versprei het, sou dus ook skuldig wees aan die openbaarmaking van geheime inligting. Lionel Schwartz het hierdie risiko geneem toe hy beweringe oor onreëlmatigheid versprei het. Indien sy beweringe waar was, sou hy verseker skuldig gewees het aan die oortreding van die Wet op Algemene Geheime, no. 16 van 1956.[26]

Soos in Hoofstuk 4 beskryf, kon Schwartz nie ŉ enkele bewering voor die kommissie bewys nie. Alhoewel hy nie skuldig was aan die vermelde wetgewing nie, is hy tot leuenaar verklaar.[27] Volgens Cillié het Schwartz die beweringe versprei om sy mededingers se aanbiedings vir tenders te ontspoor. Kan hy regtig gesien word as ŉ fluitjieblaser wat bedrog in die DV en SAW bekend gemaak het? Dit is so omdat Schwartz

---

24 British Parliament House of Commands Hansard, 24 November 1964, https://hansard.parliament.uk/commons/1964-11-25/debates/5498b9f3-aaa6-4ca6-a61c-cbcd07d74f94/SouthAfrica(BuccaneerAircraft) (Geraadpleeg: 12/10/2019).

25 Anon, "British to sell jets to Africa", *Spokane Daily Chronicle*, 12 October 1962, p 10.

26 Sien A. Hepple, *Press under Apartheid* (International Defence and Aid Fund, London, 1974), p 49.

27 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 83, paragraaf 197.

se beweringe gelei het tot die stigting van die 1964 Cillié-kommissie. Daar kan geredeneer word dat die verdere verspreiding van Schwartz se beweringe voorkom is deur die bepaling dat die kommissie se sittings *in-camera* gehou sou word.

Schwartz se beweringe het ook ŉ noukeurige ontleding van die staat se aankoopproses en die sluiting van 13 spesifieke kontrakte teweeg gebring. In die geval van kommandant Barnie van der Merwe is daar genoeg bewyse om hom hoofsaaklik aan omkopery skuldig te verklaar.

**5.2.3 Bewyse van onreëlmatighede teen SAW-offisiere en DV-beamptes**

Kommandant Barnie van der Merwe se hofsaak in September 1963 was een van die sake wat Cillié gebruik het om sy kommissie mee te begin. Teen die begin van die kommissie was Van der Merwe reeds deur ŉ hof skuldig bevind en nie meer ŉ offisier in die SAW nie.[28] Van der Merwe se vonnis het net ŉ boete behels. Gedurende sy hofsaak in September 1963 het hy, vreemd genoeg, nie getuig nie.[29] Hy het wel voor die kommissie van ondersoek getuig en verduidelik hoe hy omkoopgeld van wapenagente en verskaffers verkry het. Van der Merwe se vonnis was relevant vir Cillié om die aandag weg van die staat te lei en op individue te vestig.

Cillié fouteer egter. Hy het nie al die vermelde SAW-offisiere en DV-beamptes ook uitgesonder as beskuldiges nie. Hier kan die vreemde gedrag van brigadier P.M. Retief as voorbeeld genoem word. Sy gedrag was vreemd omdat hy so aangedring het op die

---

[28] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 12, paragraaf 24.

[29] UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 14, paragraaf 28.

toekenning van ʼn tender vir seinapparatuur aan Van Nieuwenhuizen en sy prinsipaal, Galileo.[30]

Cillié het min ag geslaan op beweringe en getuienis waarin senior SAW-offisiere en DV-lede genoem was. Hier kan die geval van generaal-majoor Sybrandt Engelbrecht as voorbeeld dien. Volgens Schwartz het Engelbrecht die wapenagente Nikolaas van Nieuwenhuizen, Henry Jaboulay en Hans Sieger goed geken. Veral van laasgenoemde het hy, volgens Van der Merwe, ʼn bedrag geld as geskenk ontvang.[31] Van der Merwe het Engelbrecht ook nie vertrou nie omdat Van der Merwe beweer het dat die generaal straks ná sy bevordering begin het om homself uit kontrakte te verryk. Dit het geblyk onwaar te wees. Van der Merwe het so geglo omdat die maatskappy waarvoor Engelbrecht se vrou gewerk het, die tender gekry het om die SAW se uniforms te vervaardig.[32] Indien Van der Merwe se bewering waar was, sou dit dui op botsende belange. Van der Merwe se afleiding was dat Engelbrecht sy posisie as generaal gebruik het om die kontrak ten gunste van sy vrou se werkgewer te beklink. Dus mog hy as kommandant dieselfde doen. Cillié was nalatig om nie die beweringe teen Engelbrecht verder te ondersoek nie. Cillié se argument was dat die Engelbrecht-saak oor uniforms gehandel het en nie oor wapens en krygstuig nie.[33] Dit is geregverdig as ‘n regsstandpunt, maar laat ‘n wrang smaak van etiese nalatigheid.

---

30 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 150 - 156, paragrawe 326 - 341.

31 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, pp 215 - 216, paragrawe 455 - 458.

32 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, p 216, paragrawe 459 - 460.

33 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*"*, 1964, 24, p 215, paragraaf 455.

Met sy kommissie van ondersoek wou Cillié die eer van die SAW en die DV herstel. Cillié skryf in sy verslag:

> *...sodat die Kommissie kan besluit of hierdie bewerings gegrond is en of hulle van alle waarheid ontbloot is. Slegs so kan die agterdog verwyder word en kan die Weermag weereens die trots van die volk word, nie alleen weens sy durf nie maar ook weens sy onkreukbaarheid...*[34]

Soos vermeld, kon Cillié hierdie oogmerk bereik deur die fokus op spesifieke individue te plaas. Wat hy nie kon doen nie, was om die media en die Volksraad se menings oor die beweringe te beïnvloed. Schwartz se beweringe was ondersteun deur spesifieke koerantberigte en deur die hofsake van September 1963.[35] Navrae en debatte uit die Volksraad en Senaat het verdere aandag op die beweringe geplaas.[36] Alhoewel die Nasionale Party kon staatmaak op Cillié se samewerking, het die beweringe ongetwyfeld die DV en SAW in ŉ verleentheid gestel. As bewys dat die Verwoerd-regering enige bewering oor omkopery en bedrog sou hanteer, was die verklaring van ŉ kommissie van ondersoek ŉ goeie strategie om te volg. Sodoende kon die amptelike parlementêre opposisie, die Verenigde Party, nie die regering van enige apatie ten opsigte van bedrog in die DV en SAW beskuldig nie. Dit blyk wel dat die 1964 Cillié-kommissie nie daarin kon slaag om bedrog met militêre aankope te stuit nie.

---

34 UJSB, Anoniem, "Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV", 1964, 1, p 2.

35 Sien byvoorbeeld Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argief (hierna SANWA), Fouché Versameling, Houer 180, Groep 1, Lêer DC. 17850/467. Anon, "Offisier summier verhoor: Pers en Publiek nie toegelaat nie", *Die Transvaler,* 18 September 1963.

36 Sien byvoorbeeld RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964, p 814.

ʼn Jaar later was daar steeds beweringe oor onreëlmatige aankope deur die DV in die Volksraad. Die Verenigde Party se Volksraadslid vir Simonstad, mnr. Vause Raw, het Fouché op 21 Mei 1965 gevra:

> *(1) Of sy Departement onlangs betrokke was in ʼn siviele geding waarin ʼn werknemer van ʼn Weermagsinstituut betrokke was*
>
> *(2) Of ʼn leweransier van toerusting aan die Weermag ook in dié geding betrokke was*
>
> *(3) Of sy departement stappe gedoen het om ʼn aansoek te laat doen met betrekking tot die wyse waarop die verhoor van die saak gehou moet word.*[37]

Fouché het kortliks geantwoord dat sy departement wel onlangs betrokke was in ʼn saak waar die vervaardigers van pantservoertuie kommissie aan ʼn DV-werknemer betaal het. Die vervaardiger was Henschel (Diesel Truck), ook bekend as Austral Holdings. Toestemming tot openbaarmaking van die saak sou nie gebeur nie omdat Fouché van mening was dat dit ʼn voorreg van die staat was om die inligting geheim te hou.[38] ʼn Klousule was in die kontrak met Henschel (Diesel Truck) ingeskryf waarin voorsiening gemaak was vir die geheimhouding van die kontrak se inhoud. Indien enige verhoor sou plaasvind, moes die saak *in camera* behandel moes word.[39]

### 5.3 Aankope en vervaardiging ná die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek

Cillié se benadering dat die individu die aankoopproses kon misbruik, was teen Mei 1965 steeds relevant. Omkoopgeld, gekamoefleer as kommissie, het steeds plaasgevind

---

37 RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad*, 22 Januarie tot 18 Junie 1965, pp 6684 - 6685.

38 RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad*, 22 Januarie tot 18 Junie 1965, pp 6684 - 6685.

39 RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad*, 22 Januarie tot 18 Junie 1965, pp 6684 - 6685.

terwyl Fouché aan die stuur van die DV se sake was. Om omkopery te voorkom, het Cillié geargumenteer dat die agentstelsel afgeskaf moes word. Hy was ook van mening dat handelslisensies vir wapenagente in kleiner hoeveelhede uitgereik moes word.[40] Alhoewel Cillié die vermelde voorstelle in sy verslag ingesluit het, het die Verwoerd-regering ander planne gehad met die aankoop en vervaardiging van wapens en krygstuig.

Eers moes minister J.J. Fouché se opvolger aangestel word. Prinsloo verduidelik dat dr. Verwoerd eers die pos van minister van Verdediging aan minister Ben Schoeman wou aanbied.[41] Dr. Verwoerd se aanbod aan Schoeman word in laasgenoemde se outobiografie as volg gestel:

> *Jy weet Suid-Afrika gaan 'n baie moeilike en gevaarlike tydperk tegemoet. Ons sal ons land nog miskien met die wapen moet verdedig. Dit is dus gebiedend dat ons 'n sterk en doeltreffende verdedigingsmag opbou. Ek dink jy is die regte man om daardie taak te onderneem, en ek wil dus hê jy moet Verdediging saam met Vervoer neem.*[42]

Schoeman het die aanbod van die hand gewys en vir adjunk-minister P.W. Botha voorgestel. Kon kennis van die 1964 Cillié-kommissie minister Schoeman se besluit beïnvloed het?

Dit blyk dat dit nie die geval was nie. Sy terugvoer aan dr. Verwoerd lewer die volgende verduideliking:

---

40 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 98 - 100, paragrawe 224 - 225.

41 D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness: 'n Biografie oor oud-president PW Botha*, p 45.

42 B. Schoeman, *My lewe in die politiek* (Perskor Uitgewery, Johannesburg, 1978), p 312.

> *Ek sê daarop dat ek heeltemal bereid is om Verdediging oor te neem, maar jy sien nou self dat jy dan met Ministers sal sit wat omtrent geen werk sal hê om te doen nie. Ek wil aan die hand doen dat jy Verdediging aan P.W. Botha gee. Hy is bekwaam en hy is 'n goeie spreker en debatteerder. Hy is ook geen swakkeling nie. As daar miskien oorlog mog kom, sal ek altyd bereid wees om dit oor te neem.*[43]

Dr. Verwoerd het ingestem en sodoende P.W. Botha na sy kantoor ontbied en vir hom die pos aangebied. Prinsloo skryf dat Botha eers onseker was of hy die beste persoon vir die pos was, maar later die pos wel aanvaar het.[44]

Ná die dood van dr. T.E. Dönges is daar besluit dat Fouché die staatspresidentsamp by C.R. Swart sou oorneem.[45] Gedurende Fouché se termyn het die kritiek en druk met buitelandse wapenhandel teen Suid-Afrika verhoog. Net soos Erasmus en Fouché, het Botha die moeilike taak geërf om die SAW te moderniseer. Botha het in sy eerste begrotingsrede as minister van Verdediging in die Volksraad die erkenning gegee dat hy bewus was van die verantwoordelikhede wat met sy nuwe pos verbind word.[46] Behoorlike bewapening van die SAW was een van die verantwoordelikhede wat op sy skouers gerus het.

Dieselfde foute met militêre aankope kon nie weer ná Botha se oorname as minister van Verdediging gemaak word nie.[47] Met ander woorde, ambisieuse individue, maak nie saak of dit SAW-offisiere, DV-amptenare of wapenagente was nie, moes nie deur duur

---

43 B. Schoeman, *My lewe in die politiek*, p 313.

44 D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness: 'n Biografie oor oud-president PW Botha*, p 45.

45 O. Geyser, *Die eggenotes agter die Afrikaner politieke leiers: 'n Ongeskrewe hoofstuk uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Naledi, Kaapstad, 2019), p 198.

46 D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness: 'n Biografie oor oud-president PW Botha*, p 45.

47 W.A. Terrill, "South African Arms Sales and the Strengthening of Apartheid", p 4.

aankope en tenders verryk word nie. Alhoewel Terrill dit nie in sy artikel noem nie, kan daar wel geredeneer word dat die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek bygedra het om die Verwoerd-regering finaal te oortuig om meer aandag en ondersteuning aan die selfvervaardiging van wapens en krygstuig te gee. Deurdat die VN se 1963-wapenverbod Suid-Afrika nie beperk het om self wapens en krygstuig te vervaardig nie, kon die staat tot sy eie redding kom. Wat die staat nodig gehad het, was 'n uitnemende organiseerder wat nie net die DV sou kon bestuur nie, maar ook die fondasie sou lê vir 'n langtermyn-krygstuigvervaardigingsbedryf vir Suid-Afrika, met aankope vanuit die privaatsektor en selfs, tot 'n mindere mate, deur wapenagente.

Gedurende P.W. Botha se termyn as minister van Verdediging sou krygstuigvervaardiging 'n doeltreffende onderneming word, met die hulp van die Suid-Afrikaanse privaatsektor.[48] Dit was juis wat P.W. Botha in 1979 tydens die openbare beraad met sakelui by die Carlton Hotel in Johannesburg verder beklemtoon het. Volgens van Vuuren wou hy die krygsvervaardigingbedryf met die hulp van die privaatsektor verder vergroot.[49] Pottinger argumenteer dat Botha bewus was dat die oplossing gesetel was in:

> *the business community's willingness to assist the Government out of creative self-interest.*[50]

Botha moes die aanbod aan die privaatsektor so aanloklik as moontlik maak. Chester Crocker argumenteer dat Botha dit alleenlik sou regkry deur middel van groter beleggings

---

48 H. van Vuuren, *Apartheid guns and money: A tale of profit* (Jacana Press, Johannesburg, 2017), pp 71 - 72.

49 H. van Vuuren, *Apartheid Guns and Money. A tale of profit*, pp 71 - 72.

50 B. Pottinger, *The Imperial presidency – P.W. Botha the first 10 years* (Southern Book Publishers, Johannesburg, 1988), p 17.

in die krygsvervaardigingsbedryf, via die staat, te maak.[51] Teen die einde van die 1970's was reeds 20% van die nasionale begroting aan verdediging toegestaan. Dit het die befondsing van krygsvervaardiging ingesluit. Met meer geld tot sy beskikking as sy voorgangers, kon minister Botha dit nie bekostig dat krygsaankope en krygstuigvervaardiging op 'n *laissez-faire* manier hanteer word nie. Volgens Scholtz het senior offisiere minister Botha reeds aan die begin van sy ampstermyn gewaarsku dat die SAW nie gereed was vir 'n beplande stryd nie.[52] Nadat twee NP-ministers van Verdediging die SAW moes moderniseer, was die SAW teen die middel-1960's steeds nie slaggereed nie. Omdat die aankoopproses en die staatstenderraad (STR) maklik beïnvloed kon word, kan dit gesien word as 'n bydraer tot die SAW se dilemma met modernisering. 'n Sentrale en eksklusiewe beheerstruktuur vir aankope en krygsvervaardiging was die klaarblyklike oplossing, en sodoende moes 'n reeks veranderinge bewerkstellig word om aan Botha die mag oor wapenaankope en die vervaardiging van krygstoerusting te gee.

### 5.4 'n Nuwe dinamika tot bewapening: Veranderinge deur P.W. Botha 1966-1969

Prinsloo skryf:

> *Alhoewel die modernisasie van die Weermag regeringsbeleid was, was daar knelpunte in die weg na ontwikkeling. Een van die vrae wat onstaan het, was die keuse tussen buitelandse aankope of binnelandse produksie, maar die tekort aan finansies het steeds kommer laat wek oor die aanvulling van die land se krygsreserwes.*[53]

---

[51] C.A. Crocker, *High Noon in Southern Africa – Making peace in a rough neighbourhood* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1992), p 28.

[52] L. Scholtz, *Die SAW in die Grensoorlog 1966-1989* (Tafelberg, Kaapstad, 2013), p 12.

[53] D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness: 'n Biografie oor oud-president PW Botha*, p 56.

Hierby moet genoem word dat die 1964 Cillié-kommissie gehelp het om die Verwoerd-regering verder te oortuig dat militêre aankope vanaf buitelandse verskaffers as die enigste bron vir wapens en krygstuig toekomstige onreëlmatighede kon veroorsaak. Generaal Magnus Malan was van mening dat onreëlmatighede ook as gevolg van wanadministrasie in die DV kon voortkom:

> *The armaments purchases of that time for the first time brought the awareness that poor control within the department could possibly result in errors and therefore financial losses.*[54]

Aan die begin van Botha se ampstermyn moes veranderinge bewerkstellig word ten opsigte van besluitreg oor militêre aankope asook die verdere befondsing vir selfvervaardiging. Sekerlik het die Verwoerd-regering geweet dat dit meer voordelig sou wees om ŉ gesentraliseerde aankoopproses en vervaardigingsplan vir militêre benodighede te hê as om aankope lukraak vanaf buitelandse verskaffers te maak. Volgens Matthews het die plaaslike vervaardiging van wapens en krygstuig nie alleenlik werk vir veral die blanke publiek geskep nie, maar ook die SAW se arsenaal gevul. Belangrik was die feit dat die ekonomie daardeur gestimuleer is.[55] Om ŉ beïnvloedbare aankoopproses tot niet te maak en toekomstige tenderbedrog te vermy, moes Botha aan die stuur van ŉ gesentraliseerde struktuur staan wat besluitreg oor militêre aankope en vervaardiging gehad het. Liebenberg en Barnard verduidelik hierdie punt as volg:

> *Exclusive thinking-patterns led to a decision-making style and procedures that reflected non-democratic decision-making, centralised in nature (and*

---

54 M. Malan, *My life with the SA Defence Force* (Protea Bookhouse, Pretoria, 2006), p 146.

55 R. Matthews, "The Armscor Paradox", *The RUSI Journal,* 134, 4, 1989, p 40. Sien ook: H. van Vuuren, *Apartheid guns and money: A tale of profit,* pp 71 - 72.

*highly bureaucratised) with little or no civilian input and oversight and lacking in transparency and public accountability.*[56]

Teen 1969 was P.W. Botha se veranderinge aan die struktuur vir aankope en vervaarding van militêre benodighede voltooi. Vanaf 1966 tot 1969 was hy aan die hoof van twee komitees wat militêre aankope en vervaardiging moes hanteer. Die Krygsproduksieraad was verantwoordelik vir verdere aankope en vervaardiging van militêre benodighede met die beperkte fasiliteite wat teen 1966 bestaan het.[57] Hier moet veral die ammunisie-afdeling van die SA munt genoem word, wat tot ŉ groot mate deur die kontrak met die McKhecnnie-maatskappy aan bande gelê was.[58]

Verder moes Botha advies van die Verdedigingsraad ontvang wat hoofsaaklik moes verseker dat selfvervaardiging van wapens en krygstuig drasties sou verbeter.[59] Botha se veranderinge sou nie moontlik gewees het sonder die Wysigingswetsontwerp op Krygstuig wat hy op 30 April 1967 in die Volksraad bekend gemaak het nie. Met hierdie wysigingswetsontwerp moes krygstuig en wapenvervaardiging vir die staat op voordelige grondslae afgehandel word.[60] Dit beteken dat die verantwoordelikheid vir militêre aankope nie meer die verantwoordelikheid van ŉ STR sou wees nie, maar nou gemaklik in die hande van die minister van Verdediging en sy gesentraliseerde struktuur sou wees. Dit het beteken dat ŉ toekomstige kommissie van ondersoek soos wat Cillié in 1964 moes

---

56 L. Barnard & I. Liebenberg, "Arms acquisition and procurement in South Africa: The socio-history of arms deals with reference to attitudes, strengths and limitations in decision-making (1935-1994)", *Journal for Contemporary History,* 30, 3, Jan 2005, p 84.

57 W.A. Terrill, "South African Arms Sales and the Strengthening of Apartheid", p 4. Sien ook H-R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag* (Central News Agency, Johannesburg, 1985), p 122.

58 UJSB, P.M. Cillié, "Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die SAW en die DV*",* 1964, 24, p 169, paragraaf 368.

59 H-R Heitman*, Die Suid-Afrikaanse Krygsmag*, p 122.

60 D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness: 'n Biografie oor oud-president PW Botha*, p 57.

behartig, nie meer ŉ bedreiging vir die Suid-Afrikaanse regering sou wees nie. Na 1967 was Botha op koers om die SAW, in die woorde van Van Vuuren, te verander na die:

> *Most advanced military machine south of the Sahara.*[61]

Prinsloo is in die kol met die volgende skrywe:

> *Met PW Botha se aanstelling in 1966 het ŉ nuwe tydvak in die plaaslike krygstuigbedryf aangebreek. Dit was ŉ tydvak van reorganisasie en rasionalisering en groter skakeling met die privaatsektor.*[62]

Die ontwikkeling van wapens en krygstuig was vir Botha ŉ prioriteit, aldus Pottinger.[63] Om dit te bereik was samewerking met die privaatsektor belangrik en dit dui daarop dat die SAW nie alleenlik deur die staat bewapen kon word nie. Botha en die DV moes beter beheer oor aankope en oor die ontwikkeling van vervaardiging uitoefen, sonder om die privaatsektor, insluitend wapenagente, opsy te stoot. Die staat was vir alle praktiese doeleindes afhanklik van die samewerking van die privaatsektor. Van Vuuren onderskryf hierdie stelling soos volg:

> *Private sector industries were 'requested to produce items ranging from combat vehicles to warships and electronic equipment' as well as supply components and assemblies.*[64]

Die 1964 Cillié-kommissie het bygedra om die Verwoerd-regering te oortuig om nie alleenlik ŉ gesentraliseerde struktuur in plek te stel wat aankope en vervaardiging moes

---

61 H. van Vuuren, *Apartheid guns and money: A tale of profit*, p 32.

62 D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness: 'n Biografie oor oud-president PW Botha*, p 56.

63 B. Pottinger, *The Imperial presidency – P.W. Botha the first 10 years*, p 279.

64 H. van Vuuren, *Apartheid guns and money: A tale of profit*, p 71.

verbeter nie, maar ook om samewerking met die privaatsektor te versterk. Alhoewel die kommissiesittings *in camera* gehou was, het die nadraai van die kommissie openbare besigheidsverhoudinge verander.

Dit het sekerlik ook die internasionale netwerk van wapenagente se benadering tot Suid-Afrika as kliënt verander. Die DV het ná die Cillié-kommissie steeds aanbiedings van wapenagente en prinsipale ontvang. Dokumente in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se argiefbewaarplek het bewys dat maatskappye uit onder meer Spanje,[65] Swede,[66] Finland,[67] Italië,[68] Tsjeggo-Slowakye,[69] Griekeland,[70] Brasilië[71] en selfs Joego-Slawië[72] steeds aanbiedings aan Suid-Afrika gemaak het. Die proses om aanbiedings te oorweeg en aankope te maak was ná 1967 die verantwoordelikheid van Botha en sy twee komitees. Spesifieke Westerse lande het met Botha aan die stuur van verdedigingsake 'n wins uit Suid-Afrika gemaak ten spyte van die VN se 1963-wapenverbod. Volgens

---

65 Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek (hierna SANWA), Sekretaris van Verdediging (DC), 108, Lêer 17926/187/7 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Spain.

66 SANWA, DC108, Lêer 17926/187/5 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Sweden.

67 SANWA, DC110, Lêer 17926/187/21 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Finland.

68 SANWA, DC108, Lêer 17926/187/9 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Italy.

69 SANWA, DC108, Lêer 17926/187/8 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Czechoslovakia.

70 SANWA, DC110, Lêer 17926/187/17 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Greece.

71 SANWA, DC110, Lêer 17926/187/19 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – South American countries.

72 SANWA, DC110, Lêer 17926/187/11 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Yugoslavia.

Wessels en Marx het Franse maatskappye, as voorbeeld, ŉ winsgewende verhouding met Suid-Afrika in die tydperk ná die Cillié-kommissie gehad.[73]

Sekerlik kan daar geredeneer word dat die 1964 Cillié-kommissie ŉ bydrae gelewer het om Suid-Afrika op die regte spoor na selfvervaardiging te plaas. Cillié se voorstelle om minder handelslisensies uit te reik en om wapenagente te probeer beheer sou net die privaatsektor uitgeskakel het.

Wapenagente en hul prinsipale het steeds ná die verdoemende bevindings in die kommissieverslag aangehou om Suid-Afrika as ŉ kliënt te nader. Wat wapenagente teen 1967 moes begryp was dat die aankoopproses onder Botha verander het en dat die aankoopproses nie meer so maklik deur hulle beïnvloed kon word nie. Verder dat dit vir hulle moeilik sou wees om SAW-offisiere en DV-beamptes met gemak te manipuleer. Wapenagente en prinsipale moes hul samewerking gee binne-in ŉ gesentraliseerde aankoopproses, met komitees vir selfvervaardigingsbeplanning wat een doel voor oë gehad het, naamlik om te verseker dat die bedreiging van die Sowjet-Unie en verbode anti-apartheid organisasies nie Suid-Afrika sou binnedring en vernietig nie. Die vlak van beheer wat Suid-Afrika sedert die einde van die Cillié-kommissie en die oorname van Botha ervaar het, was onvergelykbaar in Suid-Afrikaanse bewapeningsgeskiedenis. Dit is interessant dat die 1964 Cillié-kommissie bewys het dat Suid-Afrika se vooruitgang in bewapening ŉ verbinding het met onreëlmatighede wat gepleeg was. Hierdie onreëlmatighede het nie alleenlik na ŉ kommissie van ondersoek gelei nie, maar ook die groter erns aan die staat bekend gemaak oor hoe omkopery en bedrog Suid-Afrika se slaankrag in die Koue Oorlog gekniehalter het.

---

73 A. Wessels & L. Marx, "The 1977 United Nations mandatory arms embargo against South Africa: a historical perspective after 30 years", *Journal for Contemporary History,* 33, 1, September 2008, p 72.

## 5.5 Ten slotte

Hierdie studie het gepoog om die inhoud en gevolgtrekkinge van regter P.M. Cillié se kommissieverslag bekend te maak. Hierdie studie het nie alleenlik probeer om ŉ nuwe perspektief op militêre aankope deur die DV en SAW te bied nie, maar ook om die wisselwerkinge wat die Suid-Afrikaanse regering met wapenagente gehad het, uit te lig. Sodoende vorm hierdie studie deel van Suid-Afrikaanse politieke en militêre geskiedskrywing. Omdat die fokus van die studie op spesifieke onreëlmatighede, veral omkopery en bedrog, gefokus het, vorm dit ook deel van Suid-Afrikaanse misdaadgeskiedenis. Godfrey onderskryf hierdie stelling en hiérdie studie se essensie as volg:

> *Crime history has attempted to understand the processes and interactions between how people perceived crime and its impact at particular moments in history; how it was represented in sources of information, how the authorities reacted; and what changed over time.*[74]

In die konteks van bostaande aanhaling: Die geskiedenis van die 1964 Cillié-kommissie van ondersoek bewys dat die ontwikkeling van Suid-Afrika se krygstuigvervaardiging gedurende die Verwoerd-era ŉ verbintenis het met onreëlmatige militêre aankope vir die SAW. Hierdie studie het aangetoon dat dit glad nie net onware bewerings was nie, maar dat daar wel bewyse van omkopery en bedrog was wat individue gepleeg het om hulself te verryk. Die kommissieverslag het die Verwoerd-regering oortuig om veranderinge te maak sodat daar nie ŉ herhaling van die onreëlmatighede sou wees nie, ten spyte van Cillié se oortuiging van die onfeilbaarheid van die staat se aankoopproses.

---

74 B. Godfrey, P. Lawrence & C.A. Williams, *History and Crime* (SAGE, London, 2007), p 20.

Venter se definisie, soos in Hoofstuk 1 aangehaal, onderstreep die argument waarom daar onreëlmatighede deur spesifieke individue gepleeg is. Daar was sprake van:

> *... die misleiding van iemand anders tot sy nadeel en dientengevolge tot die voordeel van die bedrieër. In die middelpunt staan die leuen of valse voorstelling wat die slagoffer daartoe bring om vrywilliglik van 'n bepaalde voordeel afstand te doen omdat so 'n stap vir hom voordelig voorkom maar in werklikheid skade of verlies meebring*. *Vir die bedrieër is die enigste motief wins.*[75]

Misleidings het aan beide kante voorgekom en nie net aan die kant van wapenagente, soos Cillié in sy verslag aangevoer het nie. Kommandant Barnie van der Merwe het byvoorbeeld wapenagente mislei deur die indruk te skep dat hy die finale besluitreg met tenders gehad het. Indien hulle die tenders wou ontvang, moes hulle hom vergoed. Schwartz het misleidende stories oor Herman Martins vertel, en Sieger het die staat mislei deur denkbeeldige afleweringstye bekend te maak sodat hy 'n hoër kommissie van Oerlikon kon kry.

Die misleiding het na besigheidsbedrog gelei waar omkoopgeld oorbetaal was. DV-amptenary en SAW-offisiere het ook geskenke en gunste van wapenagente ontvang. Ander metodes om die aankoopproses te dwarsboom, is ook gevolg. Lionel Schwartz was korrek dat daar onreëlmatighede met militêre aankope vir die SAW vanaf 1957 tot 1963 was. Ironies was sy beweringe nie direk verbind met die sake van omkopery en

---

[75] H. Venter, *Kriminologie: 'n Handleiding vir studente in die Kriminologie* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1977), pp 93 - 94.

bedrog wat wel voor die Cillié-kommissie, of in die September 1963-hofsake, bewys was nie.

Die feilbaarheid van die staat se aankoopproses teen 1964 is duidelik in hierdie studie aangetoon. Selfs met die reeks advieskomitees wat oor die SAW se benodighede kon help besluit, kan daar geargumenteer word dat die gedesentraliseerde aard van die aankoopproses die geleentheid geskep het vir ambisieuse individue om die proses te misbruik en tot persoonlike voordeel aan te wend.

Vanaf 1957 tot 1963 het daar onreëlmatighede met militêre aankope voorgekom wat gelei het tot groot finansiële verliese vir die staat. Dit was noodsaaklik vir die Verwoerd-regering om die nodige veranderinge te maak sodat militêre aankope beter bestuur kon word. Die 1964 Cillié-kommissie het die Verwoerd-regering laat besef dat die bewapening van die SAW nie aan die genade van binnelandse en buitelandse wapenagente met staatstenders oorgelaat kon word nie. Nog minder was dit raadsaam om ŉ enkele persoon aan te stel om namens die minister enige aankope of vervaardigingskwessies te hanteer.

Na 1964 het Suid-Afrika se beeld in die internasionale netwerk van wapenhandel verander. Suid-Afrika was nie meer ŉ kliënt nie maar ook ŉ vervaardiger en handelaar van wapens en krygstuig. Van der Waag skryf dat vervaardigingslisensies van veral Franse prinsipale vir Suid-Afrika uitgereik was.[76] Dit het genoeg tyd vir die Verwoerd-regering gegee om selfvervaardigingsinisiatiewe van stapel te stuur. Die druk om te

---

[76] I. van der Waag, *A military history of modern South Africa* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2015), p 243.

verseker dat die SAW se wapens en krygstuig nie uitgedien word nie, was ŉ kwessie wat ministers Fouché en Botha moes hanteer.[77]

Met die oorname van minister P.W. Botha was die sentralisering van wapen- en krygstuigaankope en -vervaardiging weer op dreef. Suid-Afrika het steeds hulp van gewillige Westerse bondgenote nodig gehad om op dreef te bly met die nuutste ontwerpe en tegnologie vir wapens en krygstuig. Samewerking met die privaatsektor was vir die staat van kardinale belang, maar enige aankope ten opsigte van die staat se beplanning vir selfvervaardiging, moes deur die gesentraliseerde aankoopproses gedoen word.

Dit het ook gehelp om te verhoed dat SAW-offisiere en DV-beamptes met vrymoedigheid omkopery en bedrog met enige militêre aankope kon pleeg.

Die 1964 Cillié-kommissie moes die laaste woord spreek oor die beweerde onreëlmatighede wat Lionel Schwartz versprei het, en redes gee waarom die onkreukbaarheid van die DV en SAW ná 1964 nie weer bevraagteken moes word nie. Met Botha aan die stuur van Suid-Afrikaanse verdedigingsake het sy ampstermyn vanaf 1966 ŉ tydperk van ongeëwenaarde groei in die bewapening van die SAW ingelei. ŉ Dinamiese koers waarvan die oorsprong lê in ekonomiese misdade wat van 1957 tot 1963 gepleeg is en kategories deur regter Cillié bestudeer en in 1964 ter tafel gelê is.

---

77 M. Malan, *My life with the SA Defence Force*, pp 133, 144.

# BIBLIOGRAFIE

## Primêre bronne


### Owerheidsargiefbewaarplekke

### Nasionale Argiefbewaarplek (Sentrale Argiefbewaarplek/SAB)

Nasionale Argiefbewaarplek, Suid-Afrikaanse Staatsargief. URU, Aanstelling van sy Edele regter PM Cillié as regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, 29 Januarie 1969, Volume 5628.

### RSA Hansards

RSA Hansard, *Debatte van die Senaat,* 19 Januarie tot 23 Junie 1962.

RSA Hansard, *Debatte van die Senaat*, 18 Januarie tot 28 Junie 1963.

RSA Hansard, *Debates of the House of Assembly*, 17 January to 28 June 1964.

RSA Hansard, *Debatte van die Volksraad*, 22 Januarie tot 18 Junie 1965.

### Staatskoerant

Staatskoerant, Proklamasie No. 78: Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en Departement van Verdediging, 1964.

### Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagmag Argiefbewaarplek

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 210. Lêer 1424/51 Anon, "British Arms will still be available to SA", *The Argus,* 27 April 1961.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 180, Lêer DC 17850/467 Tantalus, "Scandal report poses intriguing questions", *Sunday Express,* 4 Augustus 1963.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 180, Lêer DC. 17850/467 Anon, "Net 3 het aandeel in Weermag se korrupsie", *Die Transvaler,* 8 Augustus 1963.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 180, Lêer. 17850/467 Anon, "Fouché denies Defence reports", *Rand Daily Mail,* 8 Augustus 1963.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 180, Lêer 17850/467. Anon, "Korrupsie in Weermag beperk", *Die Burger,* 8 Augustus 1963.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 180, Lêer 17850/467 Anon, "Offisier summier verhoor: Pers en Publiek nie toegelaat nie", *Die Transvaler,* 18 September 1963.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 180 Lêer 17850/467 Anon, "Secret Arms Case: Verdict Monday", *The Rand Daily Mail*, 18 September 1963,

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 108, Lêer 17926/187/7 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Spain,

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 108, Lêer 17926/187/5 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Sweden.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 110, Lêer 17926/187/21 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Finland.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 108, Lêer 17926/187/9. Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Italy.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 108, Lêer 17926/187/8 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Czechoslovakia.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 110, Lêer 17926/187/17 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Greece.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 110, Lêer 17926/187/19 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – South American countries.

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek, Sekretaris van Verdediging (DC), Houer 110, Lêer 17926/187/11 Information on re-supply of military equipment by other countries to South Africa – Yugoslavia.

**Trinity College Library and Archive**

Trinity College Library and Archive, *Tripos-exam Yearbook,* 1938.

**Universiteit van Johannesburg, Spesiale boekversameling**

Universiteit van Johannesburg, Spesiale boekversameling, Anoniem, Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging, 1964, Volume 1.

Universiteit van Johannesburg, Spesiale boekversameling, Anoniem, Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging, 1964, Volume 8.

Universiteit van Johannesburg, Spesiale boekversameling, Anoniem, Kommissie van ondersoek na beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging, 1964, Volume 10.

Universiteit van Johannesburg, Spesiale boekversameling, P.M. Cillié, Verslag van die kommissie van ondersoek insake beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en die Departement van Verdediging, 1964, Volume 24.

**Universiteit van die Vrystaat**

Universiteit van die Vrystaat, Argief van Eietydse aangeleenthede, J.J. Fouché Versameling, PV467.

Universiteit van die Vrystaat, Argief van Eietydse aangeleenthede, C.R. Swart Versameling, PV18.

### University of the Witwatersrand

University of the Witwatersrand University Archive, Personel-collection: P.M. Cillié-file. Anon, “Justice Cillié Judge President”, *The Star*, 23 January 1969.

University of the Witwatersrand University Archive, Personel-collection: P.M. Goodman, I., “Brilliant career leads to top”, *Rand Daily Mail,* 1 February 1969.

University of the Witwatersrand University Archive, Personel-collection: P.M. Anon., “New judge president”, *Digest,* 7 Februarie 1969.

University of the Witwatersrand University Archive, Personel-collection: P.M. Anon., “Council, Senate, Faculty and Administration News”, *University of the Witwatersrand Gazette,* April 1973.

### Privaat argiefversamelings

### Coetzee Persoonlike Argief

<u>MA-Verhandelingfotos: privaatversameling</u>

Die oud-Sinagoge in Pretoria (circa 2019), 2019-03-02.

<u>Korrespondensie-lêer</u>

Zaaiman, R, Argivaris by Universiteit van Johannesburg Spesiale Boek-versameling te Doornfontein-kampus, Johannesburg. E-pos-korrespondensie op 31 Mei 2016.

<u>Onderhoude-lêer</u>

Prinsloo, G, Argivaris by SANDF Departement van Dokumente, Gesprek gevoer in September 2016. Departement van Dokumente Leeskamer, Schweikardt-gebou, Pretoria.

## Sekondêre bronne

### Gepubliseerde sekondêre bronne

Anoniem., *Who's who in Southern Africa* (Wooton & Gibson, Johannesburg, 1962).

Anoniem., *Yskor* (Thomson Publication, Johannesburg, 1975).

Boulter, R.S., *A biography of FC Erasmus, South African Defence Minister 1948-1959* (Edwin Mellen Press, New York, 2012).

Brown, S.E., F. Esbensen & G. Geis, *Criminology: Explaining crime and its context* (6th edition, LexisNexis, New Jersey, 2007).

Cillié, P.M., *Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Hospitaalaangeleenthede in Transvaal* (Staatsdrukker, Pretoria, 1956).

Crocker, C.A., *High Noon in Southern Africa – Making peace in a rough neighbourhood* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1992).

De la Rey, A., *Suid-Afrikaanse Weermag Oorsig/South African Defence Force Review, 1990* (Walker-Rasmus Trading, Durban, 1990).

Feinstein, A., *The Shadow World: Inside the Global Arms Trade* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2011).

Geyser, O., *Die eggenotes agter die Afrikaner politieke leiers: 'n Ongeskrewe hoofstuk uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Naledi, Kaapstad, 2019).

Godfrey, B, P. Lawrence & C.A. Williams, *History and Crime* (SAGE, London, 2007).

Giliomee, H., *Die Afrikaners – 'n Biografie* (Tafelberg, Kaapstad, 2004).

Hartshorn, E.P., *Avenge Tobruk* (Purnell, Johannesburg, 1959).

Heitman, H-R., *Die Suid-Afrikaanse Krygsmag* (Central News Agency, Johannesburg, 1985).

Heitman, H-R., *Krygstuig van Suid-Afrika: 'n Kort gids oor die krygstuig van die Suid-Afrikaanse Leër, Vloot en Lugmag* (Struik, Kaapstad, 1988).

Hepple, A., *Press under Apartheid* (International Defence and Aid Fund, London, 1974).

Holden, P., *The Arms Deal in your Pocket* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2008).

Keene, J., *South Africa in World War II: A pictorial history* (Human and Rousseau, Cape Town, 1995).

Kochan, N. & R. Goodyear, *Corruption: The new Corporate Challenge* (PalgraveMacMillan, New York, 2011).

Kreis, G., *Switzerland and South Africa 1948-1994: Final report of the NFP 42+ commissioned by the Swiss Federal Council* (Peter Lang, Bern, 2007).

Kruger, J., *President C.R. Swart* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1961).

Lategan, F. & L. Potgieter, *Die Boer se Roer tot vandag. Die ontwikkeling van die Vuurwapen in Suider-Afrika* (Tafelberg, Kaapstad, 1981).

Malan, M., *My life with the SA Defence Force* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2006).

Moorcraft, P., *Africa's Superpower* (Sygma/Collins, Johannesburg, 1981).

Müller, A.L., *Die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika* (Academica, Pretoria, 1977).

Nöthling, C.L., *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Weermag,* Volumes 1-2 (SAMHIK, Silverton, 1995).

Pelzer, A.N. (red.), *Verwoerd aan die woord: Toesprake 1948-1962* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963).

Pottinger, B., *The Imperial presidency – P.W. Botha, the first 10 years* (Southern Book Publishers, Johannesburg, 1988).

Pretorius, F.J. (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* (Tafelberg, Kaapstad, 2012).

Prinsloo, D., *Stem uit die Wilderness: 'n Biografie oor oud-president PW Botha* (Vaandel Uitgewers, Mosselbaai, 1997).

Proust A. & S. Swart, *Hidden Pretoria* (Struik Lifestyle, Cape Town, 2019).

Sampson, A., *The Arms Bazaar* (Hodder and Stroughton, London, 1977).

Schoeman, B., *My lewe in die politiek* (Perskor Uitgewery, Johannesburg, 1978).

Scholtz, L (red.), *Beroemde Suid-Afrikaanse Krygsmanne* (Rubicon-Pers, Kaapstad, 1984).

Scholtz, L., *Die SAW in die Grensoorlog 1966-1989* (Tafelberg, Kaapstad, 2013).

Sampson, A., *The Arms Bazaar* (Hodder and Stroughton, London, 1977).

Simpson, T., *Umkhonto we Sizwe: The ANC's Armed Struggle* (Penguin Books, Cape Town, 2016).

Stapleton, T., *A military history of South Africa: From the Dutch-Khoi Wars to the end of Apartheid* (Praeger, Oxford, 2010).

Steyn, H., J. van Loggerenberg & R. van der Walt, *Armament and Disarmament: South Africa's Nuclear Experience* (2nd edition, iUniverse, Lincoln, 2005).

Uys, I., *South African Military Who's Who 1452-1992* (Fortress Publishers, Cape Town, 1992).

Van der Waag, I., *A military history of modern South Africa* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2015).

Van Vuuren, H., *Apartheid Guns and Money. A tale of profit* (Jacana Media, Johannesburg, 2017).

Van Wyk, A., *Hoor! Hoor! Honderd jaar debat 1910-2010* (Tafelberg, Kaapstad, 2010).

Venter, H., *Kriminologie: 'n Handleiding vir studente in die Kriminologie* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1977).

## Ongepubliseerde sekondêre bronne

Boulter, R.S., "F.C. Erasmus and the politics of South African Defence. 1948-1959", PhD thesis, Rhodes University, Grahamstown, 1997.

Jooste, L., "F.C. Erasmus as Minister van Verdediging, 1948-1959", MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1995.

Kruger, G.J., "C.R. Swart: Sy Rol as Minister, 1948-1959", MA-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 1985.

## Periodieke publikasies

Koerante

Anoniem., "British to sell jets to Africa", *Spokane Daily Chronicle*, 12 October 1962, p 10.

Anoniem., "Hoë offisiere in wapen-skandaal", *Die Burger*, Woensdag 31 Julie 1963. p 1.

Anoniem., "Ex Judge-President dies in hospital", *The Citizen,* 21 October 1996. p 4.

Anoniem., "Former Supreme Court judge Cillié dies", *The Star,* 21 October 1996. p 3.

Venter, L., "Regter Piet Cilliers sterf ná siekte", *Beeld*, 21 Oktober 1996. p 4.

Tydskrifte

Bauer, Y., “From Cooperation to Resistance: The Haganah 1938-1946”, *Middle Eastern Studies*, 2, 13 (1966). pp 182-210.

Boonzaaier, W.A., Ons Leër kan vinnig slaan”, *Die Huisgenoot*, 18 Oktober 1963, pp 28-33.

Boonzaaier, W.A., “Ons Lugmag, ‘n Blitsige broederskap”, *Die Huisgenoot*, 25 Oktober 1963, pp 28-33.

Boonzaaier, W.A., “Ons Vloot slaan vinnig, hard en diep”, *Die Huisgenoot*, 1 November 1963, pp 5-9.

Brits, J.P., “Tiptoeing along the Apartheid tightrope: The United States, South Africa and the United Nations in 1952”, *The International History Review*, 27, 4 (2005). pp 754-779.

Dunne, J.P., “The making of arms in South Africa”, *The Economics of Peace and Security Journal*, 1, 1 (2006). pp 40-48.

Klare, M., “Evading the Embargo: Illicit U.S. Arms transfers to South Africa”, *Journal of International Affairs*, 35, 1 (1981). pp 15-28.

Lamb, G., “Beyond ‘shadow boxing’ and ‘lip service’. The enforcement of arms embargoes in Africa”, *ISS Papers* (2007). Beskikbaar by: https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/Paper135.pdf.

Liebenberg, I. & L. Barnard, “Arms acquisition and procurement in South Africa: The socio-history of arms deals with reference to attitudes, strengths and limitations in decision-making (1935-1994)”, *Journal for Contemporary History,* 30, 3 (2005). pp 76-91.

Matthews, R., “The Armscor Paradox”, *The RUSI Journal*, 134, 4 (1989). pp 40-46.

Moore, M., “Arming the embargoed: A supply-side understanding of arms embargo violations”, *Journal of Conflict Resolution,* 54, 4 (2010). pp 563-615.

Mouton, F.A., “Fascist or opportunist? The political career of Oswald Pirow”, *Historia,* 63, 2 (2018). pp 93-111.

Rogerson, C.M., “Defending Apartheid: Armscor and the Geography of Military Production in South Africa”, *GeoJournal: A New South Africa – A New South African Geography?* 22, 3 (1990). pp 241-250.

Stemmet, J-A., K. Stemmet & B. Senekal, “South Africa in the international arms trade network (ATN) during national party rule (1948-1994): a network analysis”, *Journal of Contemporary History,* 40, 2 (2015). pp 48-70.

Terril, W.A., “South African Arms Sales and the strengthening of Apartheid”, *Africa Today,* 31, 2 (1984). pp 3-13.

Van Wyk, A. & J.E.H. Grobler, “The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963”, *Historia,* 46, 1 (2001). pp 109-133.

Wessels, A. & L. Marx, “The 1977 United Nations mandatory arms embargo against South Africa: a historical perspective after 30 years”, *Journal for Contemporary History,* 33, 1 (2008). pp 70-86.

### Webliografie

1947 Kommissiewet, No. 8 van 1947, Artikel 4, http://www.justice.gov.-za/salrc/docs_gen/1947_08_Commissions%20Act.pdf (Geraadpleeg: 01/03/2016).

British Parliament House of Commands Hansard, 12 November 1962, https://api.parliament.uk/historic-hansard/commons/1962/nov/12/south-africa-apartheid (Geraadpleeg: 12/10/2019).

Directorate of Intelligence. *Intelligence Memoranda Recent trends in South African arms procurement,* October 1972. Beskikbaar by: https://www.cia.gov/library/-readingroom/document/cia-rdp85t00875r001700040034-9.

England & Wales Civil Registration Index 1916-2007, Lionel LW Schwartz on Ancestry.com, https://www.ancestry.co.uk/interactive/7579/ons_d19643az0692?pid=-37626108&backurl (Geraadpleeg: 01/05/2019).

Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI), https://www.sipri.org/-databases/embargoes/un_arms_embargoes/south-africa-non-mandatory/non-mandatory-un-arms-embargo-on-south-africa (Geraadpleeg: 03/03/2015).

UK Parliament Hansard, House of Commons, https://hansard.parliament.-uk/search/Debates?startDate=1957-01-01&endDate=1965-01-01&searchTerm=-South%20Africa%20arms&house=Commons&partial=False (Geraadpleeg: 27/09/2019).

UN SecurityCouncil, Resolutions 181and 182 1963 Resolutions of 7 August and 4 December 1963 [S/5386], https://www.sipri.org/databases/embargoes/un_arms_-embargoes/south-africa-non-mandatory/non-mandatory-un-arms-embargo-on-south-africa (Geraadpleeg: 03/03/2015).